Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# Ervaringsopvoeding Prospektus



forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe



# Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| Boodskap vanaf die Senior Direkteur: Afdeling Studentesake | Pg 1 |
| Boodskap vanaf die Bestuurder: Eenheid vir Ervaringgerigte Leer | Pg 2 |
| Kenmerke van Universiteit Stellenbosch- (US-) gegradueerdes | Pg 3 |
| Ervaringgerigte leer | Pg 4 |
| Kategorieë van ervaringgerigte leer | Pg 7 |
| Sentrum vir Studentelewe en -leer | Pg 11 |
| Sentrum vir Onderrig en Leer | Pg 45 |
| Afdeling Sosiale Impak/Sentrum vir Betrokke Burgerskap | Pg 47 |
| Eenheid vir Gelykwaardigheid | Pg 52 |
| Fakulteit AgriWetenskappe | Pg 55 |
| Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe | Pg 65 |
| Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | Pg 69 |
| Fakulteit Opvoedkunde | Pg 75 |
| Fakulteit Ingenieurswese | Pg 81 |
| Fakulteit Regsgeleerdheid | Pg 85 |
| Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe | Pg 93 |
| Fakulteit Krygskunde | Pg 95 |
| Fakulteit Natuurwetenskappe | Pg 97 |
| Fakulteit Teologie | Pg 104 |
| Taalsentrum | Pg 107 |
| LaunchLab | Pg 117 |
| MFM Radio | Pg 121 |
| Universiteit Stellenbosch Internasionaal | Pg 123 |
| Gereelde vrae: Eenheid vir Ervaringgerigte Leer | Pg 127 |
| Gemeenskaplike Mensheid | Pg 128 |
| Sentrum vir Betrokke Burgerskap | Pg 129 |
| Indeks van Erkende Programme | Pg 130 |




# Boodskap vanaf die Senior Direkteur: Afdeling Studentesake



Beste Student

Ek is baie opgewonde om jou by die Universiteit Stellenbosch (US) se bruisende studentelewe – in die klaskamer en daarbuite – te verwelkom!

Hier by die US kry jy geleentheid om uitsonderlike vaardighede aan te leer en te ontwikkel deur ondersoek in te stel, te eksperimenteer, aan verskillende situasies en ervarings blootgestel te word, en jou sienings en studente-ervaring met ander studente te deel. Jy kry geleentheid om platforms met jou portuurgroep te deel, om te leer uit mekaar se ervarings sowel as dié van hoogs invloedryke persone en uitmuntende leiers op verskeie lewensterreine. Daardeur brei jy jou netwerk en jou kring van ervaringgerigte leer uit.

By die Sentrum vir Studentelewe en  leer (SSLL) kry jy 'n enorme verskeidenheid aanbiedings en geleenthede vir ervaringgerigte leer, alles ontwerp met die doel om jou te bemagtig vir die kampuslewe sowel as die toekoms wat anderkant jou universiteitsjare wag.

Ervaringgerigte leer is 'n kragtige benadering waarvolgens jy kritiese vaardighede ontwikkel en noodsaaklike bevoegdhede opbou om goed te funksioneer en 'n beduidende impak te maak in 'n wêreld wat gedurig en teen 'n drafstap verander. Ervaringgerigte leer laat jou met baie ander studente vanuit diverse agtergronde omgaan, wat lewenslange vriendskappe en samewerkende verhoudings oplewer, sowel as gesprekke van onskatbare waarde wat dieper begrip bevorder en sterk gemeenskappe bou.

Die US se aanbiedings vir ervaringgerigte leer sal jou 'n voorsprong gee en jou begeester met die dryfkrag om as leier op te staan. Hierdie aanbiedings laat jou verder ontwikkel as kritiese en kreatiewe denker – 'n betrokke en verantwoordelike wêreldburger. Jou persoonlike leierskapvaardighede en professionaliteit in alle aspekte van jou lewe sal geslyp word, en dié vaardighede sal bydra tot jou sukses as student, as leier en as wêreldburger; 'n afgeronde US-gegradueerde!

Kollegas by die Eenheid vir Ervaringgerigte Leer en die breër span binne die SSLL staan gereed om jou leiding te gee en met jou op reis te gaan. Ons moedig jou aan om die talle geleenthede te benut wat in hierdie Prospektus vir Ervaringgerigte Leer uitgestip word en jou krag om te kan slaag, te ontlont.

Dankie en geniet jou reis deur die studentelewe!

**Dr. Choice Makhetha**

Senior Direkteur: Afdeling Studentesake

# Boodskap vanaf die Bestuurder: Eenheid vir Ervaringgerigte Leer



## Beste Studente en Vennote in alles wat ervaringgerigte leer betref

***Behaal akademiese sukses deur ervaringgerigte leer***

Noudat jy hierdie transformerende hoofstuk in jou akademiese lewe begin, wil ek jou vertel van 'n kosbare geleentheid wat die potensiaal het om jou leerervaring te laat uitstyg en jou op 'n pad van persoonlike en professionele groei te plaas: die Prospektus vir Ervaringgerigte Leer.

Binne die dinamiese opvoedkundige landskap erken ons dat die klaskamer net een faset van 'n persoon se omvattende leerervaring uitmaak. Die Prospektus vir Ervaringgerigte Leer open die deur na 'n wêreld waar teorie en praktyk hande vat en jou akademiese bedrywighede met 'n betrokke, werklikheidsgetroue dimensie verryk.

Ek is opgewonde om jou te kan vertel dat die Universiteit besig is om die getal erkende geleenthede vir ervaringgerigte leer aktief uit te brei. Nadat jy hierdie aktiwiteite afgehandel het, word hulle op jou akademiese transkrip aangedui as bewys dat jy tot holistiese leer verbind is. Geleenthede in hierdie Prospektus waarby die simbool van goedkeuring verskyn, is dié wat op die oomblik op die transkrip erken word.. Maak seker dat jy elke semester die bygewerkte Prospektus deurkyk, want ons voeg elke keer nuwe geakkrediteerde geleenthede by.

Hier onder is 'n paar goeie redes hoekom jy dit behoort te oorweeg om geleenthede vir ervaringgerigte leer by jou universiteitsopleiding in te werk.

1. **Praktiese toepassing van kennis:** Ervaar eerstehands hoe om teoretiese begrippe in werklikheidsgetroue situasies toe te pas. Hierdie praktiese benadering versterk nie net jou begrip van die kursusmateriaal nie, maar slyp ook jou vermoë om probleme op te los en krities te dink.
2. **Professionele ontwikkeling:** Verdiep jou in internskappe, koöpprogramme en samewerkingsprojekte met studentegemeenskappe, die gemeenskap in die breë en vennote uit die bedryf. Skakeling met professionele persone in jou veld skep nie net geleenthede om netwerke te vorm nie, maar gee jou ook waardevolle insig in die praktiese sy van die beroep wat jy gekies het.
3. **Persoonlike groei en groter selfvertroue:** As 'n mens die grense van tradisionele leeromgewings oorsteek, kweek dit persoonlike groei en bou dit jou selfvertroue. Deur ervaringgerigte leer te omarm, bemagtig jy jouself om uitdagings te oorkom, by nuwe omgewings aan te pas en 'n veerkragtiger, meer selfversekerde persoon anderkant uit te kom.
4. **Beter aanstelbaarheid:** In die hedendaagse mededingende arbeidsmark kyk werkgewers uit vir kandidate wat akademiese kennis met praktiese ervaring kombineer. Deur aan leergeleenthede wat ervaringgerig is deel te neem, posisioneer jy jou as 'n kandidaat met 'n unieke stel vaardighede en sal jy in jou toekomstige loopbaan uitstaan.

Jou universiteitservaring gaan nie net daaroor om 'n graad te verwerf nie; dit is 'n reis waarop jy jou op 'n dinamiese en vervullende toekoms voorberei. Die Prospektus vir Ervaringgerigte Leer dien as hulpmiddel om deure oop te maak na 'n wêreld van moontlikhede en persoonlike groei.

Ek moedig jou aan om hierdie geleentheid aan te gryp, die uitdagings te aanvaar en te vertrek op 'n reis wat jou akademiese ervaring sal verryk en sal vorm gee aan die persoon waarin jy gaan ontwikkel.

As jy enige vrae wil stel of meer inligting nodig het, voel asseblief vrymoedig om uit te reik na die SSLL se span by die Eenheid vir Ervaringgerigte Leer. Ons is hier vir jou.

Ons wens jou 'n suksesvolle en verrykende ervaringgerigte leerreis toe.

Alles van die beste!

### Dr Ruth Andrews

Bestuurder: Eenheid vir Ervaringgerigte Leer



# Kenmerke van Universiteit Stellenbosch-(US-)gegradueerdes

## BETROKKE BURGERSKAP

| Wat ons studente doen | Hoe die US dit vir studente doen |
|---|---|
| Ons gegradueerdes begryp die waardes in die Suid-Afrikaanse Grondwet wat die grondslag vir 'n kritiese burgery vorm. Hulle is tot leierskap met die oog op sosiale geregtigheid verbind, en verskaf dit ook, om demokrasie en gelykheid in die samelewing te ontwikkel, in watter rol hulle ook al in hulle professionele en persoonlike lewe vervul. | Hier aan die US ervaar ons studente leierskap-as-diens en word hulle aangemoedig om aan verskillende universiteitsgemeenskappe, verenigings en leierskapstrukture deel te neem. Hulle kan introspeksie inoefen, die US se waardes uitleef, aan groepsituasies deelneem en saamwerk; en hulle is bekend met transformerende praktyke wat samelewingsuitdagings en verwagtings uitwys en daarop reageer. Hulle word voor aktuele omgewings-, ekonomiese, politieke, volhoubaarheids- en sosiale kwessies gestel. Hulle kry geleentheid om hierdie kwessies op kampus te debatteer, 'n kritiese perspektief op hulle eie sienings te rig en raak oopgestel vir talle idees terwyl hulle aktief tot aktiwiteite vir sosiale impak bydra. |

## DINAMIESE PROFESSIONELE PERSOON

| Wat ons studente doen | Hoe die US dit vir studente doen |
|---|---|
| Ons gegradueerdes is proaktiewe agente vir verandering wat daartoe in staat is om in 'n verskeidenheid veranderende kontekste binne veelvoudige moontlike toekomste samewerkend tot 'n omskrywing en begrip van kompleksiteit te kom. Hulle maak verantwoordelike keuses en vind die beste en mees etiese antwoorde op uitdagings volgens 'n samewerkende en entrepreneuriese benadering. | Hier by die US kry ons studente geleenthede om die ingesteldheid van 'n proaktiewe agent vir verandering te ontwikkel deur uitdagings uit te wys en toepaslike inligting te selekteer om probleme samewerkend, verantwoordelik en innoverend op te los of te verken. Hulle word voor die implikasies van besluitneming gestel, ook wat hulle loopbaanbesluite betref. Hulle tyd aan die US sluit ervarings van, sowel as omgang en samewerking met, die globale gemeenskap in. |

## ONDERSOEKENDE LEERDER

| Wat ons studente doen | Hoe die US dit vir studente doen |
|---|---|
| Ons gegradueerdes is leergierige, onafhanklike denkers. Hulle is oopgestel vir leer en daartoe in staat om hulle eie idees, benaderings en waardes te ontwikkel en te verdedig. Hulle benut 'n verskeidenheid kennisstelsels en interdissiplinêre benaderings kreatief, en kan dit met akademiese integriteit en deeglik verwoord. Hulle begryp dat opvoeding 'n lewenslange proses is wat persoonlike dissipline, verantwoordelikheid en moed verg. | Hier aan die US word ons studente aangemoedig om vrae te stel en word hulle toegelaat om verskillende kennisbronne te verken, te evalueer en verantwoordelik te gebruik om 'n ingesteldheid aan te kweek wat op groei gerig is. Hulle leer hoe om hulle gedagtes genuanseerd en wetenskaplik te verwoord en terselfdertyd 'n meertalige ingesteldheid te ontwikkel. Hulle neem aan dapper gesprekke deel en gaan met toenemend komplekse probleme om. Hulle soek, gee, ontvang en reageer ook op terugvoer. Hulle is selfgedrewe in hulle leer en entoesiasties oor geleenthede om selfbesinning te doen en hulle metakognitiewe en besluitnemingsvaardighede te verbeter. Hulle dra tot navorsingsbedrywighede by en neem daaraan deel. |

## DEERNISVOLLE PERSOON

| Wat ons studente doen | Hoe die US dit vir studente doen |
|---|---|
| Ons gegradueerdes besef dat ons elkeen die plig het om te sorg dat skepsels met of sonder selfbewussyn welstand geniet en floreer. Hulle handel in hulle professionele en persoonlike lewe met sorg teenoor hulleself, ander mense en die natuurlike omgewing. | Hier aan die US kry ons studente geleentheid om vaardighede en idees aan te kweek wat strook met die US se waardes – deernis, verantwoordbaarheid, respek, gelykheid en uitnemendheid – en om deur middel van 'n nadenkende ingesteldheid hulle eie sowel as ander se menslikheid te verryk. Hulle moet geleentheid kry om veilige ruimtes en moontlikhede vir kragtige sorggewing te skep. Daarby word ons studente bewus gemaak van die ernstige skadelike uitwerking van onetiese, disrespekvolle en nieverantwoordbare handelings en besluite. |

## DIGITALE KENNISDRAER

| Wat ons studente doen | Hoe die US dit vir studente doen |
|---|---|
| Ons gegradueerdes is digitaal ingeligte en beweeglike persone wat bevoegd, krities en eties funksioneer in 'n wêreld van digitale verandering en uitdagings. | Hier aan die US ontwikkel ons studente tot digitale kennisdraers deurdat hulle voortdurend gekonfronteer word met die posisionering van en verhouding tot masjiene in sosiale en werksituasies. US-gegradueerdes neem die sosiale, entrepreneuriese en etiese implikasies van die verhouding tussen mense en niemenslike entiteite in oënskou. Hulle kom tot die besef dat dit noodsaaklik is om verantwoordelike en inklusiewe digitale burgerskap te beoefen deur kwessies van uitsluiting, verdeeldheid, bevooroordeling en polarisasie in digitale omgewings raak te sien en aan te pak.. |

# Ervaringgerigte leer

Die grondslag vir die Universiteit Stellenbosch (US) se Ervaringgerigte leer-benadering tot ervaringgerigte leer is ervaringgerigteleer-teorie (ELT), waarvolgens "leer" 'n proses is waardeur kennis deur die transformasie van ervaring geskep word (Kolb & Kolb, 2009).

Suksesvolle gegradueerdes is studente wat by leergeleenthede binne sowel as buite die klaskamer betrokke raak. In die hedendaagse werkswêreld is dit nie genoeg om met 'n graad by 'n werksonderhoud op te daag nie.

Toekomstige werkgewers wil weet wat jy kan doen en hoe jy jou leer uitgebrei het terwyl jy op universiteit was. Stel jou dus voor dat jy aansoek doen vir 'n uiters gesogte pos by 'n eersteklasmaatskappy, of dat jy jou eie organisasie wil begin en skenkers moet nader. Jy is op die kortlys en daar is vyf kandidate, almal met uitstekende akademiese punte. Wat sal jou uitsonderlik maak? Miskien het van die kandidate vrywillige gemeenskapswerk gedoen, hulle universiteitsgemeenskap in 'n leiersposisie gedien of 'n studente-inisiatief geloods.

Nou dink jy dalk: "Ek het drie of vier jaar voordat ek gradueer; ek sal later hierby uitkom." Gegradueerdes sal vir jou sê dit is baie moeilik om in jou finale jaar tyd vir bykomende aktiwiteite in te ruim wanneer jy jou aandag en moeite daarop moet fokus om jou graad af te handel. Daarom moedig ons jou aan om jou reis van ervaringgerigte leer vanaf nuwelingstatus in jou eerste jaar op dreef te kry deur vir een van die vele Ervaringgerigte leer aktiwiteite in hierdie Prospektus in te skryf.

Die Universiteit is besig om die aantal erkende Ervaringgerigte leergeleenthede uit te brei. Erkenning beteken dat daardie Ervaringgerigte leer aktiwiteite op jou akademiese transkrip aangeteken word as jy al die betrokke leervereistes suksesvol afgehandel het. Op die oomblik word net dié waarby die simbool van goedkeuring verskyn, op die akademiese transkrip erken. Ons voeg elke semester nuwe geakkrediteerde geleenthede by; hou dus aan om die bygewerkte weergawes van die Prospektus elke semester deur te kyk. Daar is egter alreeds baie Ervaringgerigte leer geleenthede in hierdie Prospektus wat die vaardighede en bevoegdhede sal ontwikkel wat jy nodig het om sukses as student en gegradueerde te behaal.

Ons moedig jou aan om gedurende jou tyd aan die US aan ervaringgerigte leer uit ten minste drie kategorieë deel te neem. Ervaringgerigte leergeleenthede word volgens bepaalde vaardighede saamgegroepeer en in sekere kategorieë verdeel. Dit word op die volgende bladsy uiteengesit saam met die kenmerke van US-gegradueerdes.

Carpe diem! Gryp die dag en maak die meeste van jou ervaringgerigte leer aan die US.

**Dr. Ruth Andrews**

US Ervaringgerigte leer Kantoor

APPROVED FOR ACADEMIC
APPROVED
TRANSCRIPT RECOGNITION

Hierdie simbool beteken dat studente wat deelneem en aan al die vereistes van die module/eenheid/aktiwiteit voldoen, erkenning op hulle akademiese transkrip sal ontvang.



# Vaardigheidsraamwerk vir Ervaringgerigte Leer

## Inleiding

Die Vaardigheidsraamwerk vir Ervaringgerigte Leer is bewustelik ontwerp om studente en personeel daarin te ondersteun om die kenmerke van US-gegradueerdes te ontwikkel.

Die Raamwerk erken dat akademiese uitnemendheid op sigself onvoldoende is vir holistiese ontwikkeling in 'n gefragmenteerde, bestrede wêreld. Dit erken die belangrikheid van 'n omvattende stel vaardighede wat die verwerwing van die kenmerke van US-gegradueerdes ontwikkel en verryk en sodoende akademiese prestasies aanvul en uitbrei.

## Oogmerk

Die oogmerk van die Vaardigheidsraamwerk vir Ervaringgerigte Leer hou met ander institusionele en globale vaardigheidsraamwerke verband: Dit wil sekere vaardighede integreer en belyn om aan te sluit by ervaringgerigte leergeleenthede en aktiwiteite wat by die Eenheid vir Ervaringgerigte Leer aangebied word.

Die bedoeling van die Raamwerk is om ervaringgerigte opvoeders te voorsien van 'n omvattende raamwerk wat dien as gids vir die ontwerp van doelgemaakte leerervarings. Hierdie proses behels dat assesseringsprogressie geïntegreer word as meganisme om gevorderde bevoegdheidsvlakke vir vaardighede te bepaal en te ontwikkel.

Hierdie Raamwerk dien dus as gids vir opvoeders om individuele vordering ten opsigte van vaardigheid en vermoë oor tydperk heen te meet. Die Vaardigheidsraamwerk vir Ervaringgerigte Leer stel ervaringgerigte opvoeders in staat om bepaalde sterkpunte en punte vir verbetering in die vaardigheidsontwikkeling van 'n individu uit te wys. Hierdie inligting kan gebruik word om doelmatige leerstrategieë uit te werk en vaardigheidsontwikkeling te versnel aan die hand van personeel en studente se individuele ontwikkelingsbehoeftes.

### Die sewe vaardigheids-domeine van ervaringgerigte leer

Die Vaardigheidsraamwerk vir Ervaringgerigte Leer behels sewe vaardigheidsdomeine wat elk 'n stel grondliggende vaardighede saamvoeg. Hierdie domeine is omsigtig saamgestel om 'n wye reeks vaardighede te omvat wat in verskeie professionele kontekste wêreldwyd hoog aangeslaan word.

Elk van die sewe vaardigheidsdomeine van ervaringgerigte leer en hulle verwante vaardighede is op SUNLearn geplaas. Ervaringgerigte opvoeders kan die vaardighede opstel aan die hand van modules en aktiwiteite wat op hulle beurt met die toepaslike kenmerke van gegradueerdes belyn is. Belangriker nog: Studente kan hulle vaardigheidsprogressie en verwerwing van die kenmerke van gegradueerdes oor die bestek van hulle studies naspoor.

Die leerreis is dus studentgerig sowel as studentgestuur, en duidelik met loopbaanbeplanning in verband gebring.

VAARDIGHEIDSDOMEINE VIR ERVARINGGERIGTE LEER

1. IMPAKGERIGTE OMGANG
2. HOE OM VIR SUKSES TE NAVIGEER
3. WELWEES
4. KULTUUR EN DIVERSITEIT
5. BETEKENISVOLHEID
6. TEGNOLOGIE EN DIGITALE GELETTERDHEID
7. LEWENSLANGE LEER

## 1. Impakgerigte omgang

Hierdie domein beklemtoon hoe belangrik dit is om doeltreffende tegnieke en strategieë toe te pas wanneer 'n mens oor verskeie kontekste heen met ander omgaan.

Dit behels 'n wye verskeidenheid vaardighede wat 'n persoon in staat stel om idees doeltreffend oor te dra, ander te besiel, samewerking te kweek en betekenisvolle verhoudinge te bou.

Impakgerigte omvang ontwikkel persone tot invloedryke kommunikeerders wat funksioneer as aansluitingspunte wat 'n betekenisvolle en volhoubare impak daarop het om mense en gemeenskappe op te bou.

## 2. Hoe om vir sukses te navigeer

Hierdie domein omvat 'n wye verskeidenheid vaardighede wat persone in staat stel om uitdagings doeltreffend aan te pak en geslaagd daarna te streef om omstandighede te verander.

Die fokus is om studente toe te rus met die vaardighede wat dit verg om werkbare doelwitte te tel en na te streef, voortgeset hulle prestasie te verbeter en die bedryfs- en finansiële aspekte van projekte doeltreffend te bestuur.

Persone wat weet hoe om vir sukses te navigeer, is bemagtig om verandering te omarm, veerkragtigheid aan te kweek en struikelblokke te oorkom met die oog daarop om 'n gestelde visie te verwesenlik..

## 3. Welstand

Hierdie domein omvat vaardighede wat persone voorsien van 'n stewige grondslag waarvolgens hulle hulle welstand kan in stand hou.

Dit beklemtoon hoe belangrik dit is om praktyke aan te kweek wat liggaamlike, geestelike en emosionele gesondheid koester sowel as persoonlike finansiële geletterdheid verbeter.

Die welstanddomein rus mense toe met die nodige gereedskap en ingesteldhede om ingeligte keuses uit te oefen vir 'n gebalanseerde leefstyl wat holistiese welwees in alle aspekte van hulle lewe omarm.

## 4. Kultuur en waardes

Die kern van hierdie domein is om waardesgedrewe ingesteldhede en gedrag te bevorder wat persone daarin ondersteun om 'n verantwoordelikheidsin teenoor die samelewing en omgewing aan te kweek. Die fokus is daarop om persone te ontwikkel wat diverse kulture, sosiale kwessies en waardestelsels kan begryp, waardeer en navigeer.

Kultuur en waardes omvat 'n wye verskeidenheid vaardighede wat persone in staat stel om inklusiewe praktyke te beoefen, mee te werk om inklusiewe ruimtes te skep en sosiale geregtigheid te bevorder.

Uiteindelik is hierdie domein daarop gerig om deernisvolle, kultureel intelligente persone te ontwikkel wat daartoe verbind is om 'n regverdiger en meer harmonieuse samelewing te bou.

## 5. Betekenisvolheid

Hierdie domein is daarop gerig om doeltreffende denkvaardighede te ontwikkel wat die vermoë slyp om in inligtingryke omgewings te floreer.

Dit behels 'n omvattende reeks vaardighede wat persone toerus met die vermoë om probleme ontledend te beskou, om krities te dink en om 'n doeltreffende sintese uit inligting en data te maak.

In die geheel gesien, berei betekenisvolheid mense daarop voor om in die hedendaagse komplekse en snel veranderende wêreld te floreer deurdat dit hulle vermoë bevorder om strategies te dink, 'n ingeligte oordeel uit te spreek en inligting doeltreffend aan te wend om komplekse probleme op te los.

## 6. Tegnologie en digitale geletterdheid

Hierdie domein omvat 'n reeks vaardighede wat noodsaaklik is om die digitale en tegnologiese landskap te navigeer.

In digitale konteks fokus dit op vaardighede soos hoe om KI en digitale tegnologieë aan te wend, digitale inligting te evalueer en met die digitale samelewing om te gaan.

In tegnologiese konteks fokus dit op die vermoë om sagtewaretoepassings, programmeringtale, datastrukture en berekeningsmodelle aan te wend om take te verrig en probleme op te los.

In die geheel gesien, rus tegnologie en digitale geletterdheid persone toe om aan te pas by en tred te hou met snel veranderende digitale en tegnologiese vooruitgang.

## 7. Lewenslange leer

Hierdie domein beklemtoon hoe belangrik dit is om oor leerprosesse te besin, om doeltreffend by mentorskap en verhoudinge van afrigting betrokke te raak, en om jouself strategies te posisioneer sodat jy jou loopbaanaspirasies kan verwesenlik.

Dit omvat 'n reeks vaardighede wat persone in staat stel om verantwoordelikheid vir selfgestuurde leer te aanvaar, wat die ingesteldhede aankweek wat dit verg om professionele prestasies te behaal.

Lewenslange leer skep die kruispunt waar persone hulle potensiaal kan maksimeer om hulle loopbaanroete met doelgerigtheid sowel as aanpasbaarheid uit te stip.



# Kategorieë van ervaringgerigte leer

Die onderstaande sit die soorte ervaringgerigte leer uiteen waaraan studente kan deelneem om erkenning op hulle akademiese transkrip te kry.

### Akademiese leierskap

Studente wat akademiese leierskap toon, aanvaar eienaarskap vir hulle eie leerreis deur aktief akademiese uitnemendheid na te streef. Dit sluit in om in te skryf vir leergeleenthede en navorsing buiten die voorgeskrewe kursuswerk vir graaddoeleindes. Hierdie domein van ervaringgerigte leer behels kennisverwerwing en  aanwending met die oog op positiewe verandering.

### Interkulturele omgang

Dit behels aktiewe, gewillige omgang met ander kulture wat begrond is op begrip van jou eie kulturele posisie en diepgaande respek teenoor mense vanuit ander kulture. Studente wat by interkulturele aktiwiteite betrokke is, ontwikkel die vermoë om in kultureel diverse gemeenskappe en die samelewing invloed uit te oefen en leiding te gee deur krag uit verskille te put..

### Geestesgesondheid en welstand

Geestesgesondheid is 'n dinamiese toestand van interne ewewig wat studente in staat stel om hulle vermoëns in harmonie met die universele waardes van die samelewing aan te wend. Dit sluit vermoëns in soos sosiale en kognitiewe vaardighede om jou eie emosies te herken, uit te druk en te moduleer en empatie met ander te hê. Geestelike welstand is die harmonieuse verband tussen liggaam en gees wat deurslaggewende komponente van geestesgesondheid vertoon.

### Persoonlike leierskap

Dit gaan oor leierskap oor jouself. Dit is 'n mens se vermoë om 'n persoonlike pad van leierskap uit te stip, doelgerig te wees en met konsekwentheid, integriteit en duidelikheid te handel. Persoonlike leierskap behels dat jy beginsels van studenteleierskap en akademiese leierskap toepas en welstandpraktyke beoefen, bo alles binne jou persoonlike domein.

### Beurstoekennings en dienserkenning

Hierdie kategorie gee erkenning aan studente se prestasie en toekennings, soos die Rektorstoekenning en beurstoekennings, gewoonlik by wyse van 'n benoemings-en-keuringsproses. Hierby ingesluit is studente wat die universiteitsgemeenskap gedien het, ook by wyse van 'n benoemings-en-keuringsproses.

### Sosiale impak

Hierdie kategorie gee erkenning aan individuele en kollektiewe optrede en dienswerk deur studente in reaksie op die uitdagings en behoeftes in gemeenskappe. Studente wend innovasie en kritiese denke, tegniese kennis, vaardighede en vermoëns aan om dienswerk te doen waarby die samelewing baat.

### Sport en welstand

Hierdie kategorie gee erkenning aan studente wat betrokke raak by erkende aktiwiteite wat van selfsorg getuig deur verantwoordelikheid vir hulle liggaamlike en geestesgesondheid te aanvaar. Dit sluit ervaringgerigte leergeleenthede in wat op gesonde leefstylkeuses fokus om studente se holistiese welstand en sukses te bevorder. Hierdie kategorie sluit US-sportkodes in wat ervaringgerigte leergeleenthede bied.

### Studenteleierskap

Studenteleiers neem verantwoordelikheid om kennis te deel deur ander te inspireer en te motiveer, mentorskap, veldtogte, ensovoorts. Dit is persone wat daarna streef om die wêreld by wyse van posisionele sowel as nieposisionele leierskap te verander deur binne hulle eie gemeenskap te begin. Hulle modelleer konsekwente, waardesgedrewe leierskap wat op diens aan die studentegemeenskap, Universiteit en samelewing ingestel is.




# Praktykgemeenskap vir ervaringgerigte leer

ELCP-Africa (Experiential Learning Community of Practice – Africa) is 'n wêreldwye gemeenskap en bestaan uit ervaringgerigte opvoeders en opvoedkundige leiers wat daaraan toegewy is om die grense van ervaringgerigte opvoedkundige praktyk en -beoefening uit te brei deur die teorie van ervaringgerigte leer te ontwikkel, navorsing te doen, programme te ontwerp en kennis, vaardighede en netwerke uit te ruil om die oogmerk van ervaringgerigte leer as transformasie te bevorder. Die ELCP-Africa vergader minstens een keer per jaar, en die primêre vorm van verbondenheid is aktiwiteite, slypskole, konferensies en leergeleenthede wat deur lidorganisasies aangebied word. Die ELCP-Africa beoog om, met behulp van kundigheid en vennootskappe vanoor die wêreld, geleenthede vir transformerende ervaringgerigte leer te skep met die doel om kritieke humanitêre kwessies van ons tydvak aan te pak. As lid van die ELCP-Africa sal jy geleentheid kry om in kontak te kom met ervaringgerigte opvoeders vanoor die wêreld wat 'n netwerk vorm om 'n praktykgemeenskap vir ervaringgerigte leer daar te stel.

Ons nooi jou, as ELCP-Africa-lid, uit om ons te vertel van lesse wat jy oor die praktyk en beoefening van ervaringgerigte leer geleer het, sowel as ervaringgerigte leergeleenthede, gebeure, aktiwiteite en nuus. Die belangrikste is dat ons jou nooi om ons te help om aan die ELCP vorm te gee en dit uit te brei sodat dit alles sal wees wat jy graag in 'n ervaringgerigte leergemeenskap wil sien en ervaar. Ons vertrou dat jou lidmaatskap van die ELCP-Africa jou vermoë, vaardighede en kundigheid op die gebied van ervaringgerigte leer sal bevorder en dat jy intens verryk sal word namate jy jou kennis, wenke en hulpmiddels met ander lede deel.

**Vir meer inligting:**
**Kontak:** Dr. Ruth Andrews
**E-pos:** rutha@sun.ac.za
Universiteit Stellenbosch
**Maak kennis met ons:** https://www.linkedin.com/groups/9096313/



INU INTERNATIONAL NETWORK OF UNIVERSITIES
The Network for Global Engagement

### Meer oor die ILGE Group (vir interkulturele leer vir globale betrokkenheid)

Die ILGE Group is daartoe verbind om 'n inklusiewe kurrikulum vir studente te skep wat die ryk diversiteit van kulture oor die wêreld heen weerspieël. Ons bring, deur middel van die INU, ons vennoot-instellings se kundigheid en ervaring byeen om studente en personeel in staat te stel om interkulturele begrip en 'n globale perspektief te ontwikkel.

### Meer oor die INU

Die INU (International Network of Universities) is 'n wêreldwye konsortium wat bestaan uit hoëronderwysinstellings wat aktief internasionale vennootskappe en ervarings uitsoek, innoverende programmering en leweringsmetodes skep en die beweging na internasionalisering omarm. Die INU se werksaamhede fokus op die volgende::

- Om internasionalisering van lede-universiteite te bevorder;
- Om studente voor te berei op lewens en loopbane as wêreldburgers;
- Om studente en personeel by programme vir internasionale en virtuele mobiliteit te betrek;
- Om ervarings en beste praktyke uit te ruil;
- Om gesamentlike onderrig en grade aan te bied; en
- Om internasionale navorsingsamewerking te ondersteun.

### Visie

Om 'n lewenskragtige hoëronderwysnetwerk te wees wat lede se hulpbronne en perspektiewe kombineer om wedersyds die bevordering van globaal betrokke burgers te ondersteun.

### Missie

Die INU ("internasionale netwerk vir universiteite") is 'n globale platform waar lede samewerkend funksioneer om transformerende ervarings te bied wat die globale betrokkenheid van studente en fakulteits- en ander personeel voortgeset bevorder.

### Waardeverklaring

Ons heg waarde aan die ontwikkeling van globaal betrokke en sosiaal verantwoordelike agente vir verandering wat hulle daartoe verbind om die kompleksiteite van globale en plaaslike politieke, ekonomiese, sosiale, kulturele en omgewingsuitdagings te begryp en te hanteer.

### INU-lede

Die INU-netwerk het 13 lede-universiteite en is trots daarop om 'n werklik internasionale netwerk te wees met lede oor die wêreld heen.

Hierdie inligting sal gereeld bygewerk word namate die sessies vorm aanneem.
**Vir meer inligting, :** kontak asseblief die **INU-koördineerder :** INU@kingston.ac.uk
**Regstreekse skakel na die ILGE-webblad:** https://www.inunis.net/staff/ilge/

De Montfort University Leicester
JMU James Madison University
Osnabrück University
Universitat Rovira i Virgili
Europa-Universität Viadrina Frankfurt (Oder)
Kingston University London
Stellenbosch University
UNL Universidad Nacional del Litoral
Malmö University
Tecnológico de Antioquia Institución Universitaria




# Sentrum vir Studentelewe en -leer

Die Sentrum vir Studentelewe en -leer (SSLL) bevorder transformerende leer en leierskap deur diversiteit in alle studentegemeenskappe. Groei- en ontwikkelingsgeleenthede sorg dat studente se tyd op kampus transformerend is deur hulle uit te daag om hulle wêreldsienings uit te brei. Ons is daartoe verbind om ons studente soveel moontlik voordeel te laat trek uit ervaringgerigte leer, vandat hulle op kampus aankom totdat hulle gradueer. Dit doen ons deur gesamentlike kennisskepping en studentementorskap. Ons vergesel ons studente op hulle transformerende leerreis.

Die SSLL bestaan uit vyf eenhede. Die Eenheid vir Leierskap, Diversiteit en Insluiting ontwikkel doelbewus leierskapsvermoë om sosiale samehang te bou.

Die Eenheid vir Studentebestuur ondersteun studenteleierskapstrukture soos die Studenteraad, verenigings en fakulteitskomitees wat die algemene studentegemeenskap bedien.

Die Eenheid vir Ervaringgerigte Leer erken die bevoegdhede en kenmerke van die US-gegradueerde wat studente gedurende hulle leerreis verwerf, op die akademiese transkrip.

Die Eenheid vir Residensiële Studentegemeenskappe organiseer die studentelewe in koshuis- en klustergemeenskappe aan die hand van waardegedrewe beginsels.

Die Eenheid vir Pendelstudentegemeenskappe help pendelstudente inskakel by die ekosisteem van die kampuslewe.

Die SSLL beantwoord dus aan die strategiese doel van 'n transformerende studente-ervaring om die lewe op én buite die kampus positief te beïnvloed.

**Besoek ons vir meer inligting:**
Bosmanstraat 9, Stellenbosch
**Telefoon:** 021 808 2312
**Maak kennis met ons**: http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/student-affairs/student-leadership

# Eenheid vir Ervaringgerigte Leer

## GEMEENSKAPLIKE MENSHEID: LESSE IN KRITIESE DENKE

**Toelatingsvereistes:** Alle personeel en ingeskrewe studente aan die US
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 6 maande
**Leweringsmodus:** Hibridies (persoonlik en aanlyn)
**Kontakpersoon:** Dr. Ruth Andrews (rutha@sun.ac.za)
**Kontakbesonderhede:** rutha@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

### LEERDOELWITTE (Wat is die oogmerke?)

- Rus voorgraadse studente toe met die kritiese bevoegdheid wat dit verg om die "groot kwessies" van die dag sinvol te beskou buite die grense van hulle besondere dissipline, sodat studente in staat sal wees om doeltreffend met globale ingewikkeldhede om te gaan.
- Leer studente die elemente van kritiese denke en rus hulle sodoende toe met die konatiewe en kognitiewe gereedskap om gedurende hulle studie sowel as na gradedag aktiewe burgers te wees.
- Kweek bewustheid van sosiale geregtigheid deur ses domeine van kritisiteit wat samelewingsimpak het, sodat studente eienaarskap van hulle gedrag en handelings aanvaar om tot ons gemeenskaplike mensheid by te dra.
- Ontwikkel 'n institusionele kultuur wat kollektief krities kan nadink oor interne en eksterne uitdagings, sodat studente en personeel verantwoordelik en opbouend na oplossings vir dringende kwessies kan soek deur middel van kritiese omgang wat agting vir ons gemeenskaplike mensheid het.

### INHOUD (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Sessie 1: Opvoedkunde – Hoe word rassisme aangeleer en afgeleer?
- Sessie 2: Wetenskap en Tegnologie – Vir wie hou kletsbotte gevaar in?
- Sessie 3: Ingenieurswese – Hoekom, presies, kan Suid-Afrika nie genoeg elektrisiteit aan die land se mense verskaf nie?
- Sessie 4: Gesondheidswetenskappe – Sal klimaatsverandering die volgende epidemies aandryf?
- Sessie 5: Visuele Kunste – Hoe vind ek my ruimte en plek in 'n veranderende wêreld?
- Sessie 6: Regsgeleerdheid – Is die reg 'n betroubare instrument om sosiale geregtigheid te bewerkstellig?
- Sessie 7: Ekonomie – Wat is die verklaring vir die toename in dakloosheid in stedelike omgewings?

### STUDENTELEERUITKOMSTE (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van Gemeenskaplike Mensheid: Lesse in Kritiese Denke behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Besin oor die self, persoonlike identiteit en die rol van die individu in die skep van omstandighede vir of handelinge van sosiale geregtigheid deur 'n etnografiese dagboek te hou van persoonlike besinnings en geleefde ervarings van sosiale geregtigheid, demokrasie en burgerskap.
- Beoefen empatiese luister in hulle omgang met hulle portuurgroep; streef aktief daarna om eers te begryp, teenstrydige standpunte te hanteer as 'n geleentheid om interne sydigheid en bevooroordeling te herken, en die oorweging van nuwe perspektiewe as bepalende faktor te beskou .
- Neem deel aan en dra by tot die vorming van 'n leerkring vir gemeenskaplike mensheid as meganisme vir transformerende leer wat netwerke sal uitbrei en sosiale impak binne gemeenskappe sal verhoog.
- Gaan met die Universele Verklaring van Menseregte en die SA Grondwet om as lewende dokument deur menseregteorganisasies te identifiseer wat toonbeelde van die toepassing van sosiale geregtigheid is deur te ondersoek wat daardie organisasies se oogmerke en impak is wat die oplossing van samelewingskwessies betref.
- Ontleed en lewer kritiek op inligting wat uit aanlyn leermateriaal, interaksies met leerkringe, leerafrigters en kundiges oor seminaaronderwerpe bekom is met behulp van die Paul & Elder-model vir kritiese denke.
- Pas kritiese denke toe deur oordele te weerhou, inligting uit neutrale bronne in te samel en te evalueer, en ander se standpunte te begryp voordat 'n uitkoms bepaal word.
- Integreer leer binne verskeie kontekste, formeel en informeel, deur nuwe ervarings toe te pas en uit te ruil en sodoende die begrippe 'transformerende burgerleierskap', 'sosiale geregtigheid' en 'demokrasie' te demonstreer by wyse van aktiewe betrokkenheid by en vennootskap met menseregteorganisasies.



## ONTWERP VIR AANLYN OPLEIDING VIR TRANSFORMERENDE ERVARINGGERIGTE LEER

**Toelatingsvereistes:** Personeellede of ingeskrewe studente aan die US wat toegang tot die SUNLearn-platform het; lede van die implementeringspan vir die module/eenheid/aktiwiteit waarvoor erkenning aangevra word
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 1 kwartaal
**Leweringsmodus:** Aanlyn
**Kontakpersone:** Dr Ruth Andrews, Ramone Comalie en Rolien Van der Merwe
**Kontakbesonderhede:** rutha@sun.ac.za, ramone@sun.ac.za, vandermerwecf@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

### LEERDOELWITTE

- Verskaf toeganklike, gestandaardiseerde opleiding vir aansoekprosesse om Ervaringgerigte leer Kantoor erkenning op die akademiese transkrip, deur middel van 'n aanlyn module wat bestaan uit sinchroniese en asinchroniese modaliteite wat gemaklike toegang teen die student se eie pas en in die student se eie tyd toelaat en gevolglik by besige akademiese skedules inpas.
- Rus ervaringgerigte opvoeders (personeel én studente) toe met die hulpmiddels en vaardighede wat hulle benodig om studentgerigte, kontekstueel tersaaklike, transformerende ervaringgerigte leergeleenthede te ontwerp, in te stel en te meet ten einde klaskamerleer aan te vul.
- Vestig die prosesse vir transkrip-erkenning en retensie van die ko-kurrikulum as gehalteversekering- en evalueringsmeganisme sodat die impak en deurvoering van die US se Visie 2040: 'n Transformerende studente-ervaring in die Ervaringgerigte leer Kantoor domein verwesenlik kan word.
- Skep geleenthede vir plaaslike en globale vennootskappe in die domein van ervaringgerigte onderrig en brei hierdie ontwikkelingsgeleenthede uit na ervaringgerigte opvoeders, sodat hulle 'n netwerk vorm met praktykgemeenskappe vir ervaringgerigte leer binne die US en daarbuite.

### INHOUD

- Eenheid 1A: Konteks – Ervaringgerigte leer aan die Universiteit Stellenbosch
- Eenheid 1B: Teorie van en begrippe in ervaringgerigte onderrig
- Eenheid 2: Erkenning op die akademiese transkrip
- Eenheid 3: Teorie van verandering
- Eenheid 4: Oogmerkstelling
- Eenheid 5A: US Vaardigheidsraamwerk 1
- Eenheid 5B: US Vaardigheidsraamwerk 2
- Eenheid 6: Moduledoelwitte
- Eenheid 7: Studenteleeruitkomste
- Eenheid 8: Ervaringgerigte leeraktiwiteite
- Eenheid 9: Assesserings van ervaringgerigte leer
- Eenheid 10: Konstruktiewe belyning

### STUDENTELEERUITKOMSTE

Na afloop van hierdie module behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Beskik oor die vaardighede en praktyk om oogmerkstellings, doelwitte en studenteleeruitkomste vir modules/eenhede/aktiwiteite te formuleer ooreenkomstig die US Raamwerk vir Ervaringgerigte leer Kantoor Vaardighede, soos vereis word vir erkenning op die akademiese transkrip.
- Stel afdelings van die aansoekvorm om Ervaringgerigte leer Kantoor erkenning saam om by die Komitee vir Ervaringgerigte leer Kantoor Erkenning in te dien ter aansoek om Ervaringgerigte leer Kantoor erkenning op die akademiese transkrip.
- Sluit by 'n samewerkende netwerk ervaringgerigte opvoeders binne die Universiteit aan om sodoende hulle voortgesette ontwikkeling en groei as ervaringgerigte opvoeders te bevorder. Dit kan uitdrukking vind via die onlangs gevestigde ELCP-Africa.



## GEMEENSKAPLIKE MENSHEID: OPLEIDING VIR LEERAFRIGTERS

**Toelatingsvereistes:** Personeellede, ingeskrewe studente en gegradueerdes aan die US wat Gemeenskaplike Mensheid: Lesse in Kritiese Denke afgehandel het; deelnemers wat hulle voluit tot die afrigtingstydlyne en vereistes kan verbind
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 6 maande
**Leweringsmodus:** Hibridies (persoonlik en aanlyn)
**Kontakpersone :** Dr Ruth Andrews en Nolwazi Mfeka
**Kontakbesonderhede:** rutha@sun.ac.za / mfekan@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Bied studente geleentheid om op die ervaringgerigte leerreis van die module Gemeenskaplike Mensheid voort te bou sodat die instelling 'n kritieke massa jong leiers kan ontwikkel wat begrippe soos 'sosiale geregtigheid', 'demokrasie' en 'burgerskap' aan hulle portuurgroep kan voorleef.
- Ontwikkel 'n kohort leerafrigters binne 'n interdissiplinêre konteks waar aspekte van kritisiteit by wyse van hulle diens as leerafrigters onder die loep geneem word, om sodoende aan die volgende geslag kampvegters vir sosiale geregtigheid te help vorm gee.
- Rus die leerafrigters toe met die vaardighede om afrigting in hulle leerkring te verskaf.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Opleidingsessie 1 vir leerafrigters
- Opleidingsessie 2 vir leerafrigters
- Begeleidingsessie 1 vir leerafrigters
- Begeleidingsessie 2 vir leerafrigters
- Begeleidingsessie 3 vir leerafrigters
- 7 leerkring-afrigtingsgeleenthede met Gemeenskaplike Mensheid-studente, gedurende die sessie
- 7 leerkring-afrigtingsgeleenthede met Gemeenskaplike Mensheid-studente, tussen sessies
- Kring vir kwalitatiewe leer
- Verslagskrywing vir leerafrigters

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van die module Opleiding vir Leerafrigters in Gemeenskaplike Mensheid behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Begryp die ervaringgerigte leerproses via portuurgroep-afrigting binne die konteks van 'n leerkring.
- Begryp die onderskeie vlakke van luister en pas dit binne 'n leerafrigtingsraamwerk toe.
- Toon selfbewussyn, empatie en selfhandhawing as leerafrigter binne die Gemeenskaplike Mensheid-leerkringe.
- Kweek 'n inklusiewe leeromgewing binne die leerkringe en moedig studente aan om tot kampvegters vir sosiale geregtigheid te ontwikkel.
- Vertoon die volgende intellektuele kenmerke as leerafrigter binne leerkringe: kritiese denke as intellektuele integriteit, intellektuele nederigheid, intellektuele sin vir billikheid, intellektuele moed, selfvertroue in redevoering, intellektuele outonomie, intellektuele volharding en intellektuele empatie.
- Pas die beginsels van afrigting vir leer toe as metodologie om ervaringgerigte leer binne 'n raamwerk van sosiale geregtigheid te veranker.
- Volg die vordering van Gemeenskaplike Mensheid-studente in die strewe na beywering vir sosiale geregtigheid deur middel van leerafrigtersverslae en deelname binne die projek oor hoe om 'n menseregtekampvegter te raak.



# Eenheid vir Leierskap, Diversiteit en Inklusiwiteit
Kortkursusse

## KOLLEKTIEWE LEIERSKAP

**Toelatingsvereistes:** Graad 12- (matriek-)sertifikaat
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 3 maande (8 sessies)
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersoon:** Spurgeon-Haddon Wilson (FVZSI)
**Kontakbesonderhede:** spurgeon@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Hierdie kursus leer deelnemers om die volgende te doen:

- Identifiseer en begryp die teorie en samestellende elemente van kollektiewe leierskap as grondliggende raamwerk om leierskap te begryp en te beoefen.
- Ondersoek, deur middel van verhoudinge en gesprekke, hoe om 'n teorie uit te werk wat prakties toepaslik is.
- Worstel met die kompleksiteite van leierskap terwyl jy in die proses van op reis met leierskap is.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Relasionele leierskap
- Kollektiewe leierskap
- Gesprekvoering as grondslag vir relasionele leierskap
- 'n Entiteits- en relasionele perspektief op leierskap

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van hierdie leergeleentheid behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Bespreek, deur die teoretiese lens van relasionele leierskap, wat kollektiewe leierskap en die onderskeie grondliggende elemente daarvan beteken in vergelyking met ander leierskapteorieë, sodat deelnemers beter kan begryp hoe verhoudinge die besluitneming en uitset van 'n organisasie kan verbeter.
- Demonstreer kollektiewe probleemoplossing en besluitneming deur verskeie metodologieë in die leerkring prakties toe te pas sodat deelnemers die verskillende metodologieë binne hulle eie konteks kan toepas.
- Bemagtig deelnemers om verskeie prosesse van kulturele en organisatoriese verandering volgens beginsels van kollektiewe leierskap te inisieer sodat hulle verskillende soort sosiale en kulturele verandering binne hulle konteks kan uitwys en aanpak.

## FASILITERENDE LEIERSKAP

**Toelatingsvereistes:** Graad 12- (matriek-)sertifikaat
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 3 maande (8 sessies)
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersoon:** Spurgeon-Haddon Wilson
**Kontakbesonderhede:** spurgeon@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Na afloop van hierdie kursus behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Identifiseer en verken die grondliggende teorie van fasilitering as leerproses.
- s bekend met 'n verskeidenheid instrumente vir die fasilitering van diverse gesprekke en aktiwiteite.
- Verwerf die nodige vaardighede om gesprekvoering te fasiliteer, soos aktiewe luister, kritiese denke en emosionele intelligensie.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Fasilitering as leerproses
- Fasiliteringsvaardighede en instrumente
- Soorte fasilitering
- Fasiliteerdersvoorbereiding
- Fasiliteerdersterugvoer
- Hoe om moeilike gesprekke te fasiliteer
- Video en film as fasiliteringsmodus

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van hierdie kursus behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Omskryf en bespreek fasilitering as 'n leerproses en hoe dit van tradisionele leerprosesse verskil en daarmee verband hou.
- Ken verskeie tipes en modusse van fasilitering uit.
- Lewer bewys, deur 'n gesprek te fasiliteer, dat vaardighede soos aktiewe luister, kritiese denke en emosionele intelligensie aangeleer is .

## WÊRELDBURGERSKAP

**Toelatingsvereistes:** Graad 12- (matriek-)sertifikaat
**Fakulteit/afdeling:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 3 maande (8 sessies)
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersoon:** Spurgeon-Haddon Wilson (FVZSI)

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Na afloop van hierdie kursus behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Dekonstrueer die tema 'wêreldburgerskap' deur deelnemers bekend te stel aan verskeie sekondêre temas wat met wêreldburgerskap verband hou, soos globale leer, interkulturele bevoegdheid, globale gesondheid, globale leierskap, geslagsgelykheid, globale onderwys, identiteit en globale leierskap.
- Bemagtig deelnemers om wêreldburgers te word deur die nodige ingesteldhede, kennis en vaardighede te ontwikkel wat met wêreldburgerskap gepaardgaan.
- Stel deelnemers aan die Verenigde Nasies se doelwitte vir volhoubare ontwikkeling bekend.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Wêreldburgerskap
- Interkulturele bevoegdheid
- Sosiale en omgewingsgeregtigheid
- Globale gesondheid
- Geslagsgelykheid
- VN se doelwitte vir volhoubare ontwikkeling

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Beskik oor groter kennis van globale kwessies.
- Begryp watter impak hulle handelings op gemeenskappe, plaaslik en wêreldwyd, het.
- Lewer bewys van 'n waardesgedrewe benadering om opbouende verandering te bewerkstellig.

## GRADUANDIPROGRAM

**Toelatingsvereistes:** Finalejaar- en nagraadse studente
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 3 maande (8 sessies)
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersoon:** Spurgeon-Haddon Wilson
**Kontakbesonderhede:** spurgeon@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Na afloop van hierdie kursus behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Verken die persoonlike en professionele vaardighede (besluitneming, kritiese denke, probleemoplossing en analitiese vaardighede) wat dit verg om 'n gesogte jong professionele persone te word.
- Neem waar by en verwerf praktiese insigte in hulle gekose en/of ander werksomgewing(s).
- Kan deur toepassing bewys lewer van leer oor persoonlike handelsmerking, hoe om 'n CV te skryf, onderhoudvaardighede en finansiële geletterdheid.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Die landskap van globale en nasionale werksomgewings
- Stelseldenke
- Heelbreindenke
- Hoe om finansieel knap te wees
- CV-skryf en onderhoudvaardighede
- Welstand in die werkswêreld
- Vorming van professionele netwerke

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van hierdie module behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees::

- Verstaan hulle rol as leier in hulle voornemende werksomgewing(s).
- Begryp professionele praktyk wat hulle persoonlike en professionele ontwikkeling as toonaangewende jong professionele persone verder bemoontlik.
- Lewer bewys van professionele vaardighede (in die vorm van persoonlike handelsmerking, CV-skryf, onderhoudvaardighede en finansiële geletterdheid) en kan dit in hulle onderskeie kontekste toepas.

## GESONDHEID EN LEIERSKAP

**Toelatingsvereistes:** Graad 12- (matriek-)sertifikaat
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 3 maande (8 sessies)
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersoon:** Spurgeon-Haddon Wilson
**Kontakbesonderhede:** spurgeon@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Na afloop van hierdie kursus behoort deelnemers die volgende te kan doen:

- Omskryf die begrippe 'gesondheid', 'gesondheidsorg' en 'persoonlike welstand' met verwysing na huidige tendense in nasionale en internasionale kontekste.
- Verduidelik die verband tussen leierskap en gesondheid.
- Begryp die wêreldbeskouings wat persepsies oor gesondheid, gesondheidsorg en persoonlike welstand beïnvloed, en kan die gevolge en voordele van hierdie alternatiewe sienings evalueer.
- Herken potensiële gesondheidsverwante risikofaktore in hulleself en hulle portuurgroep.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Omskrywing van gesondheid en gesondheidsorg
- Wêreldbeskouings wat gesondheidsorg raak
- Hoe liggaamlike en geestelike gesondheid onderling verband hou
- Selfsorg
- Destigmatisering van geestesgesondheid
- Gevallestudies: benaderings en protokolle
- Werksessies oor liggaamlike gesondheid

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van hierdie leergeleentheid behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Wys huidige gesondheidsorgtendense in die nasionale en globale konteks uit en kan die impak daarvan bepaal.
- Verduidelik hoe leierskap en gesondheid met mekaar verband hou.
- Evalueer die manier waarop wêreldbeskouings 'n individu se persepsie van gesondheid en gesondheidsorg beïnvloed.
- Lewer bewys van praktiese vaardighede wat ingespan word om hulle voortgesette geestelike en liggaamlike welstand te handhaaf.

## IgniteUS

**Toelatingsvereistes:** Graad 12- (matriek-)sertifikaat
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 3 maande (8 sessies)
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersoon:** Spurgeon-Haddon Wilson (FVZSI)
**Kontakbesonderhede:** spurgeon@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Na afloop van hierdie kursus behoort deelnemers die volgende te kan doen:

- Verstaan dat die wisselvallige, onsekere, ingewikkelde, dubbelsinnige (Eng. VUCA) wêreld waarin ons woon, verg dat ons inligting moet kan inwin en krities kan ondersoek sodat ons van sosiale kwessies kan bewus raak.
- Ontleed inligting en integreer kritiese denkvaardighede met kontekstueel toepaslike innovasie om oplossings vir verskeie sosiale kwessies uit te werk.
- Evalueer inligting en stel hulleself bloot aan metodes wat hulle in staat sal stel om nuwe projekte en inisiatiewe op die Stellenbosch-kampus en in die breë samelewing te loods.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Postwaarheid-wêreld en wêreldbeskouings
- Kritiese denke
- Sosiale samehang
- nterseksionaliteit
- Besluitneming
- Sosiale entrepreneurskap
- Werk

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van hierdie kursus behoort deelnemers die volgende te kan doen:

- Verkry toegang tot tersaaklike inligting rakende sosiale kwessies, en kan sodanige kwessies volgens die breër temas van die kursus ontleed en vergelyk.
- Kies en begrond geskikte oplossings wat met verskeie sosiale kwessies verband hou, en kan kritiese beredenering op die oplossing toepas.
- Doen 'n oplossing aan die hand vir 'n sosiale kwessie wat kontekstueel tersaaklik is, formuleer die argument en bied dit aan.

## LEIERSKAP IN DIE ONDERWYS

**Toelatingsvereistes:** Graad 12- (matriek-)sertifikaat
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 3 maande (8 sessies)
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersoon:** Spurgeon-Haddon Wilson
**Kontakbesonderhede:** spurgeon@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Na afloop van hierdie kursus behoort deelnemers die volgende te kan doen:

- erken die breër konteks van opvoeding en skoolonderrig in Suid-Afrika, asook 'n reeks uitdagings wat in dié verband bestaan en die uitwerking daarvan.
- Beskik oor insig in die behoefte aan agentskap vir onderwysers om hierdie opvoedkundige uitdagings die hoof te bied en verandering in Suid-Afrikaanse skole te lei.
- Verstaan hulle rol as leiers en agente vir sosiale verandering in die Suid-Afrikaanse onderwys.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Opvoeding as maatskaplike Instelling
- Opvoeding deur die lens van die Grondwet
- Die ekonomie van opvoedkunde
- Taal en opvoeding
- Leierskap en opvoeding
- Onderwysers as agente vir verandering

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van hierdie leergeleentheid behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees::

- Beskik oor blootstelling aan die konteks van onderwys in Suid-Afrika asook aan die uitdagings in dié verband en die impak daarvan.
- Het insig in die behoefte aan agentskap vir onderwysers in Suid- Afrikaanse skole.
- Posisioneer hulleself as leiers en agente vir sosiale verandering in die Suid-Afrikaanse onderwys.

## LEIERSKAP IN DIE REG

**Toelatingsvereistes:** Graad 12- (matriek-)sertifikaat; ingeskrewe studente vir enige regsgraad aan 'n hoëronderwysinstelling
**Afdeling/Fakulteit:** Afdeling: Studentesake
**Duur:** 3 maande (8 sessies)
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersoon:** Spurgeon-Haddon Wilson
**Kontakbesonderhede:** spurgeon@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Na afloop van hierdie kursus sal deelnemers tot die volgende in staat wees:

- Ondersoek die begrip 'leierskap' om insig te kry in die idee van leierskap binne die regsberoep en verwante beroepe, beide in Suid- Afrika en wêreldwyd.
- Ondersoek moontlikhede in die regs- en verwante beroepe om beter te begryp watter stel vaardighede in daardie onderskeie velde geverg word.
- Is bekend met die kennis en stel vaardighede wat in die regsberoep en ander regsverwante beroepsvelde vereis word.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Leierskap en die reg
- Basiese teorie van onderneming en litigasie
- Etiese leierskap
- Blootstelling aan die onderskeie regsberoepe
- Herbedinking en dekolonisering van regsopleiding

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van hierdie kursus behoort deelnemers die volgende te kan doen:

- Herken die stel vaardighede wat na graduering in die regs- en verwante beroepe vereis word.
- Verwoord die verband tussen leierskap en die reg.
- Verstaan hulle moontlike rol as leier in die regs- en verwante beroepe en hoe belangrik hierdie rolle is – in die Suid-Afrikaanse konteks sowel as wêreldwyd.

## MEESTERKLASSE

## LEIERSKAP VIR SOSIALE GEREGTIGHEID

**Toelatingsvereistes:** Graad 12- (matriek-)sertifikaat
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 7 dae
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Spurgeon-Haddon Wilson (FVZSI)
**Kontakbesonderhede:** spurgeon@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Bespreek die begrip 'sosiale geregtigheid' en wat dit beteken binne die Suid-Afrikaanse konteks, asook die verskillende beginsels wat dit in Suid-Afrika ten grondslag lê.
- Evalueer die ontwikkeling van en vordering met sosiale geregtigheid in Suid-Afrika deur temas soos die volgende te verken: die Suid-Afrikaanse demokrasie, gelykheid en geregtigheid in opvoeding, en die sosialegeregtigheidsagenda in Suid-Afrika.
- Identifiseer en ontleed die uitdagings rakende die ontwikkeling van en vordering met geregtigheid in Suid-Afrika, en skep 'n platform waar deelnemers 'n dinkskrum kan hou vir verskillende oplossings wat ingestel kan word.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Suid-Afrikaanse geskiedenis
- Politieke filosofie en demokrasie
- Die Suid-Afrikaanse sosialegeregtigheidsagenda
- Sosiale geregtigheid in opvoeding
- Kritiese rasseteorie
- Sosiale geregtigheid en die media

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Het 'n basiese begrip van wat 'sosiale geregtigheid' in Suid-Afrika beteken, ten einde die uitdagings uit te wys wat met groei en ontwikkeling in Suid-Afrika verband hou.
- Bespreek die ontwikkeling van sosiale geregtigheid in Suid-Afrika met verwysing na die land se demokrasie, ontwikkelings in opvoeding en aspekte soos restitusie en ekonomiese groei.
- Ontwikkel en bied moontlike oplossings vir die uitdagings waarvoor sosiale geregtigheid in Suid-Afrika te staan kom, sodat vordering en groei versnel kan word.

## LEIERSKAPSBERAAD VIR ASPIRANTLEIERS

**Toelatingsvereistes:** Graad 12- (matriek-)sertifikaat
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 1 maand (program in 3 fases, versprei oor die bestek van 'n maand)
**Leweringsmodus:** Aanlyn hibridies/vermengde leer
**Kontakpersoon:** Spurgeon-Haddon Wilson (FVZSI)
**Kontakbesonderhede:** spurgeon@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Ons werk elke jaar 'n nuwe tema en stel leerdoelwitte vir die Leierskapsberaad vir Aspirantleiers uit. Die doelwitte vir 2024 is:

- Ontrafel die konseptuele grondslae van 'kultuur' as sosiale konstruk ten einde die rol te omskryf wat 'kultuur' vervul – en kan vervul – om aan die leierskapsfeer binne die hoëronderwyslandskap vorm te gee en dit te omskryf.
- Ondersoek en ontleed die gebruike, gedrag en waardes rakende studenteleierskap wat – te oordeel aan vorige ervaringgerigte leierskappraktyke – bestaan, ten einde uitdagings uit te wys wat die struktuur en beoefening van leierskappraktyk binne die hoëronderwyskonteks betref.
- Beskik oor die instrumente om die prosesse van leierskapverandering, herbedinking en praktyk in hulle konteks te vestig sodat hulle 'n institusionele 'kultuur' van leierskap kan visioneer wat in studente se behoeftes, tersaaklik, aanpasbaar en konsekwent begrond is.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- 'n Omskrywing van leierskap
- Kultuur en individuele waardes
- Institusionele kultuur

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Ons werk elke jaar 'n nuwe tema en stel leerdoelwitte vir die Leierskapsberaad vir Aspirantleiers uit. Die doelwitte vir 2024 is:

- Omskryf en verduidelik die onderskeie grondslae van kultuur as sosiale konstruk binne die studenteleierskapruimte met die oogmerk om 'n begrip te ontwikkel van hoe kultuur aan studenteleierskap en leierskappraktyke in die hoëronderwyslandskap vorm gee en daardeur gevorm word.
- Verskaf voorbeelde van faktore wat tot huidige leierskappraktyke, gebruike en waardes in hoër onderwys bydra ten einde 'n gemeenskaplike begrip van kulturele verandering te formuleer wat binne die studenteleierskapruimte nodig is.
- Formuleer en fasiliteer die proses om leierskapgebruike en gedrag binne hulle konteks te herbedink en te ontwikkel wat vir die deelnemers se behoeftes tersaaklik is en daarby inskakel.

## LEIERSKAP IN KONTEKS

**Toelatingsvereistes:** Graad 12- (matriek-)sertifikaat
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 1 maand (program in 3 fases, versprei oor die bestek van 'n maand)
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersoon:** Spurgeon-Haddon Wilson (FVZSI)
**Kontakbesonderhede:** spurgeon@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Ons werk elke jaar 'n nuwe tema en stel leerdoelwitte vir die Leierskap in Konteks-program uit. Die doelwitte vir 2024 is:

- Ontrafel die konseptuele onderbou van 'kultuur' as sosiale konstruk ten einde die rol te omskryf wat 'kultuur' vervul – en kan vervul – om aan die leierskapsfeer binne die hoëronderwyslandskap vorm te gee en dit te omskryf.
- Ondersoek en ontleed die gebruike, gedrag en waardes rakende studenteleierskap wat – te oordeel aan vorige ervaringgerigte leierskappraktyke – bestaan, ten einde uitdagings uit te wys wat die struktuur en beoefening van leierskappraktyk binne die hoëronderwyskonteks betref.
- Beskik oor die instrumente om die prosesse van leierskapverandering, herbedinking en praktyk in hulle konteks te vestig sodat hulle 'n institusionele 'kultuur' van leierskap kan visioneer wat begrond in studente se behoeftes, tersaaklik, aanpasbaar en konsekwent is.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- 'n Omskrywing van leierskap
- Kultuur en individuele waardes
- Institusionele kultuur

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Ons werk elke jaar 'n nuwe tema en stel leerdoelwitte vir die Leierskap in Konteks-program uit. Die doelwitte vir 2024 is:

- Omskryf en verduidelik die onderskeie grondslae van kultuur as sosiale konstruk binne die studenteleierskapruimte met die oogmerk om 'n begrip te ontwikkel van hoe kultuur aan studenteleierskap en leierskappraktyke in die hoëronderwyslandskap vorm gee en daardeur gevorm word.
- Verskaf voorbeelde van faktore wat tot huidige leierskappraktyke, gebruike en waardes in hoër onderwys bydra ten einde 'n gemeenskaplike begrip van kulturele verandering te formuleer wat binne die studenteleierskapruimte nodig is.
- Formuleer en fasiliteer die proses om leierskapgebruike en gedrag binne hulle konteks te herbedink en te ontwikkel wat vir die deelnemers se behoeftes tersaaklik is en daarby inskakel.

## DIE DIVERSE WORTELS VAN AFRIKALEIERSKAP

**Toelatingsvereistes:** Graad 12- (matriek-)sertifikaat
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 1 dag, en die voltooiing van 'n meesterklasaktiwiteit
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersoon:** Spurgeon-Haddon Wilson (FVZSI)
**Kontakbesonderhede:** spurgeon@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Meesterklasaanbieding:

- Bied toeganklike platforms om met studente uit hoëronderwysinstellings vanoor Suid-Afrika om te gaan en wat die koers vir hulle ontwikkeling as studenteleiers sowel as hulle verhoudinge sal aantoon.
- Kweek 'n kritiese en nadenkende omgewing wat studente aanmoedig om die kennis en vaardighede wat hulle in verskeie kontekste verwerf het, toe te pas.

Die diverse wortels van Afrikaleierskap (uitkomste vir hierdie meesterklasreeks in die besonder):

- Ontrafel en begryp die verskillende fasette wat tot die ontwikkeling van Afrikaleierskap bygedra het.
- Skep 'n nuwe raamwerk vir Afrikaleierskap deur middel van interaktiewe leergeleenthede wat deelnemers betrokke kry en hulle gedagtes stimuleer..

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Afrika: Wat gee aan mense en hulle veranderende identiteite vorm?
- Hoe om 'n epistemologie van 'Afrika-wees' op te bou by wyse van diskursiewe verteenwoordiging
- 'n Tweeledige perspektief: Hoe om Afrika van binne te narrativeer
- Afrikaleierskap: geskiedenis as 'n les vir toekomstige leiers
- Ubuntu en umoja as filosofieë vir Afrikaleierskap
- Herposisionering van Afrikavroue in leierskap

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van hierdie kursus behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

Meesterklasaanbieding

- Beskik oor 'n basiese begrip en stel vaardighede rakende 'n sekere onderwerp, sodat hulle sleutelaspekte kan uitwys wat die koers vir hulle leierskapontwikkeling en verhoudinge met ander sal aantoon.
- Beskik oor die basiese teoretiese raamwerke en riglyne wat dit verg om hulle leer in die bepaalde onderwerpe in verskeie kontekste krities kan toepas.

Die diverse wortels van Afrikaleierskap

- Verstaan die verskillende fasette van Afrikaleierskap sodat hulle daardie leer in hulle eie leierskapkonteks kan toepas.
- Het 'n ruimte vir kennisskepping tot hulle beskikking sodat hulle tot 'n nuwe en vars raamwerk vir Afrikaleierskap kan bydra.



# Eenheid Vir Studenteregering

## DIE MATIE-KOERANT

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-studente wat die minimum koshuis-HEMIS per akademiese jaar verwerf het
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake – Sentrum vir Studenteleierskap en leer (SSLL)
**Duur:** 12 maande – September tot Augustus
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersone:** Anele Mdepa/Thulani Hlatswayo
**Kontakbesonderhede:** anelemdepa@sun.ac.za/Thulani@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Hou deelnemers ingelig en fasiliteer gesprekvoering op kampus.
- Sorg dat Die Matie die vierde pilaar van demokrasie op kampus verteenwoordig.

**OMSKRYWINGS** (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)

- Die Matie het studente die afgelope 77 jaar op hoogte van Universiteitsake gehou.
- Dit is die enigste onafhanklike studentekoerant en verskyn elke twee weke gedurende die akademiese jaar. Die redaksionele inhoud sluit afdelings oor nuus, studentelewe, sport, aktuele sake, kuns en vermaak in. Die redaksie, wat almal studente is, hanteer die hele produksie van Die Matie – van foto's, artikels en advertensies tot bladuitleg en verspreiding.
- Die Matie se oogmerk is om studente ingelig te hou sowel as om gesprekke op kampus te fasiliteer.

**UITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Daar word 8 000 eksemplare gedruk, wat op die US-hoofkampus sowel as die satellietkampus by Tygerberg asook sekere besigheidsplekke in Stellenbosch versprei word.
- Die Matie se leserspubliek word op 16 000 studente, personeel en inwoners van Stellenbosch beraam.
- Die koerant verskyn elke tweede Woensdag van die akademiese kwartaal, en 'n elektroniese weergawe word binne 24 uur na publikasie op Die Matie se webwerf gepubliseer.

## STELLENBOSCH VERKIESINGSKOMMISSIE

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-studente wat die minimum koshuis-HEMIS per akademiese jaar verwerf het
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling: Studentesake – Sentrum vir Studenteleierskap en leer (SSLL)
**Duur:** 12 maande – September tot Augustus
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersone:** Anele Mdepa/Thulani Hlatswayo
**Kontakbesonderhede:** anelemdepa@sun.ac.za/Thulani@sun.ac.za

**DOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Fasiliteer en hou vrye en regverdige verkiesings.

**OMSKRYWINGS (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)**

- Die pos van verkiesingsameroeper is in die Studentegrondwet verskans. Die bestaansrede vir die Verkiesingskomitee is om vrye en regverdige verkiesings te fasiliteer en te hou.
- Die doel van die Komitee is om te verseker dat verkiesings vry en regverdig verloop en dat die bepalings en oorsigbestuursreëls van die Studentegrondwet nagekom word.
- Die uitkomste wat van die Komitee verwag word, is om verkiesings vir die studentegemeenskap aan te bied op 'n manier wat deursigtigheid en verantwoordbaarheid bevorder, en om beginselvaste leierskap op kampus daar te stel.

**UITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Kan deursigtigheid en verantwoordbaarheid bevorder en kan beginselvaste leierskap op kampus daarstel.
- Kan kritiese denkvaardighede toepas deur oplossings te genereer, te evalueer en deur te voer om doeltreffende agente vir verandering in gemeenskappe te wees.
- Voorsien spanleierskap deur groepprosesse en spandinamika te bemiddel.
- Wys krities gebreke uit in dokumente wat aan 'n wetgewende struktuur onderworpe is.

## VERKIESINGSLIGGAAM: TYGERBERG VERKIESINGSKOMITEE

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-studente wat die minimum koshuis-HEMIS per akademiese jaar verwerf het
**Bykomende vereistes:** Soos deur die SR se dagbestuur bepaal ingevolge die Studentegrondwet
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake – Sentrum vir Studenteleierskap en leer (SSLL)
**Duur:** 12 maande – September tot Augustus
**Kontakpersoon:** Anele Mdepa
**Kontakbesonderhede:** anelemdepa@sun.ac.za/Thulani@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Die Tygerberg Verkiesingskomitee kan 'n goed gereguleerde verkiesing hou deur tersaaklike inligting by te werk en deur instruksies en leiding rakende die verkiesingsproses te gee.
- Die Tygerberg-studentegemeenskap het maklike toegang tot die verkiesingsproses sodat hulle goed ingeligte besluite kan neem en sodat deelname deur lede van die Tygerberg Studente-unie verhoog. Dié module, wat op MySUN gelaai is, ondersteun kontak-interaksie deur 'n virtuele ruimte te voorsien waarmee studente vertroud is om met verkiesing-inligting en die kandidate om te gaan.
- In die breë samelewing sal die komitee Suid- Afrikaanse burgers betrokke kry om hulle grondwetlike reg in plaaslike, provinsiale en nasionale verkiesings uit te oefen deur toegang tot 'n virtuele en beweeglike platform vir verkiesings te hê.

**INHOUD** (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)

- Die pos van verkiesingsameroeper is in die Studentegrondwet verskans. Die bestaansrede van die Verkiesingskomitee is om vrye en regverdige verkiesings te fasiliteer en te hou.
- Die doel van die Komitee is om te verseker dat verkiesings vry en regverdig verloop en dat die bepalings en oorsigbestuursreëls van die Studentegrondwet nagekom word.
- Die uitkomste wat van die Komitee verwag word, is om verkiesings vir die studentegemeenskap aan te bied op 'n manier wat deursigtigheid en verantwoordbaarheid bevorder, en om beginselvaste leierskap op kampus daar te stel.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Die Verkiesingskomitee kan bewys lewer dat hulle weet hoe om 'n verkiesingsproses volgens die riglyne in die Studentegrondwet te loods en te beplan.
- Die Verkiesingskomitee kan bewys lewer dat uitdagings aangepak is, maar dat nuwe vaardighede (konflikbestuur, tydbestuur, hulpbronbestuur) in die proses ontwikkel is om te verseker dat die verkiesingsproses geslaagd verloop.
- Die deelnemers aan die verkiesing, die Tygerberg Studente-unie, kan elke fase van die verkiesingsverrigtinge verstaan, met inbegrip van die tersaaklike inligting en gepaardgaande regulasies.
- Die benoemdes wat aan die verkiesing deelgeneem het, verwerf intrapersoonlike groei in die vorm van eienskappe soos selfvertroue en die vermoë om hulle missieverklaring te verwoord waar dit op 'n openbare platform uitgesaai is. Benoemdes word blootgestel aan mense wat hulle dalk nie voor/tydens die verkiesingsproses teëgekom het nie.

## EX OFFICIO-PORTEFEULJE: AKADEMIESEBELANGERAAD (ABR)

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-studente wat in die Fakulteit se Studentekomitee dien en die minimum koshuis-HEMIS per akademiese jaar verwerf het
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake – Sentrum vir Studenteleierskap en leer (SSLL)
**Duur:** 12 maande – September tot Augustus
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersone:** Anele Mdepa/Thulani Hlatswayo
**Kontakbesonderhede:** anelemdepa@sun.ac.za/Thulani@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Verteenwoordig studente en bevorder akademiese belange.
- Fasiliteer studentedeelname en ontwikkeling in die akademiese domein.
- Dien as sleutelskakel tussen die komitees aan die Fakulteit.

**INHOUD** (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)

- Die ABR is die US-studenteliggaam wat na die akademiese belange van studente omsien in 'n omgewing wat tot uitnemendheid verbind is. Dié portefeulje vorm deel van die Studenteraad (SR) en word ex officio beklee.
- Die ABR se werksaamhede is daarop ingestel om studente te verteenwoordig en akademiese belange te bevorder sowel as om studentedeelname en -ontwikkeling in die akademiese domein te fasiliteer, en sodoende as sleutelskakel tussen die komitees aan die Fakulteit te funksioneer.
- Die ABR dien, in samewerking met studentekomitees aan die Fakulteit, as ondersteuningstruktuur vir voorgraadse studente. Studente word bygestaan wat probleme in die akademiese domein teëkom. Dit sluit akademiese klagtes, taalkwessies en probleme met dosente, mentors, studieleiers of tutoriaalklasse in.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Die ABR dien, in samewerking met komitees aan die Fakulteit, as ondersteuningstruktuur vir voorgraadse studente. Dit help studente wat probleme in die akademiese domein ondervind, onder meer met akademiese klagtes, taalkwessies en probleme met dosente, mentors, tutors of klasse.



## EX OFFICIO-PORTEFEULJE: PRIMKOMITEE

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-studente wat as prim in 'n huiskomitee dien en die minimum koshuis-HEMIS per akademiese jaar verwerf het
**Bykomende vereistes:** Kandidate wat voorheen as prim gedien het
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake – Sentrum vir Studenteleierskap en leer (SSLL)
**Duur:** 12 maande – September tot Augustus
**Leweringsmodus:** vermengde leer
**Kontakpersone:** Anele Mdepa/Thulani Hlatswayo
**Kontakbesonderhede:** anelemdepa@sun.ac.za/Thulani@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Wees 'n stem in die studenterade sodat bekommernisse en belange vanuit studentegemeenskappe verteenwoordig word.
- Bevorder deursigtige en verantwoordbare leierskap aan die studentegemeenskap

**INHOUD** (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)

- Die Primkomitee dien as sentrale liggaam vir alle huiskomitees. Prims en viseprims vir voorgraadse koshuise en PSO-gemeenskappe dien in die komitee.
- Wees 'n stem in die studenterade sodat bekommernisse en belange vanuit studentegemeenskappe verteenwoordig word, en bevorder 'n deursigtige en verantwoordbare leierskap aan die studentegemeenskap.
- Die uitkomste wat van die Primkomitee verwag word, is om studenteleierskap in koshuise en PSO-gemeenskappe deur middel van kritiese betrokkenheid te inspireer en om 'n gediversifiseerde gemeenskap te bevorder.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Inspireer studenteleierskap in koshuise en PSO-gemeenskappe deur krities betrokke te wees en 'n gediversifiseerde gemeenskap te bevorder

## EX OFFICIO-PORTEFEULJE: SENIORPRIMKOMITEE

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-studente wat in 'n leiersposisie in seniorakkommodasie aan die US gedien en die minimum koshuis-HEMIS per akademiese jaar verwerf het
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake – Sentrum vir Studenteleierskap en leer (SSLL)
**Duur:** 12 maande – September tot Augustus
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersone:** Anele Mdepa/Thulani Hlatswayo
**Kontakbesonderhede:** anelemdepa@sun.ac.za/Thulani@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Die Seniorprimkomitee (SPK) moet deur hulle werksaamhede die regte, behoeftes en begeertes van alle studente wat in seniorakkommodasie aan die US woon, verteenwoordig en hulle daarvoor beywer.

**INHOUD** (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)

- Die SPK het ook ten doel om alle senior studente wat in seniorakkommodasie aan die US woon, te verteenwoordig en te erken, asook om bewustheid te verhoog en ondersteuning te bied.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Die SPK dien as ondersteuningstruktuur vir alle studente wat in seniorakkommodasie aan die US woon.
- Die Komitee tree op as kampvegter vir en skyn die kollig op behoeftes rakende seniorstudenteverblyf, aangesien studente in seniorakkommodasie allerhande uitdagings teëkom wat van verblyf vir voorgraadse studente verskil.

## EX OFFICIO-PORTEFEULJE: STELLENBOSCH VERENIGINGSRAAD

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-studente wat in die bestuur van 'n geregistreerde studentevereniging dien en die minimum koshuis-HEMIS per akademiese jaar verwerf het
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake – Sentrum vir Studenteleierskap en leer (SSLL)
**Duur:** 12 maande – September tot Augustus
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersone:** Anele Mdepa/Thulani Hlatswayo
**Kontakbesonderhede:** anelemdepa@sun.ac.za/Thulani@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Skep 'n omgewing waar studente nuwe mense kan ontmoet wat soortgelyke belangstellings of idees deel, en wat 'n 'tuiste weg van die huis af' kan bied. Verenigings is 'n plek waar lewenslange vriendskappe gesmee word en dit help om 'n ewewigtige studenteleefstyl te ontwikkel.

**INHOUD** (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)

- Die Verenigingsraad bestaan uit die voorsitters van alle geregistreerde verenigings op kampus, wat saam 'n liggaam uitmaak waar steun en gemeenskaplik ideale te vind is. Verenigings speel 'n uiters belangrike rol op kampus en lewer 'n groot bydrae tot die studentelewe.
- 'n Vereniging bied 'n omgewing waar studente nuwe mense kan ontmoet wat soortgelyke belangstellings of idees as hulle het, en dit kan 'n 'tuiste weg van die huis af' verskaf sowel as 'n plek om lewenslange vriende te maak en 'n ewewigtige studenteleefstyl te help uitwerk.
- Verenigings help ontwikkel studente se vaardighede, eienskappe en kennis buite die klaskamer en om hulle aanstelbaarheid te verhoog.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Studentesukses
- Studenteontwikkeling
- Bied 'n tuiste

## EX OFFICIO-PORTEFEULJE: TYGERBERG NAGRAADSESTUDENTERAAD (TNSR)

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-studente wat in 'n leiersposisie in seniorakkommodasie aan die US gedien het en die minimum koshuis-HEMIS per akademiese jaar verwerf het
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling: Studentesake
**Duur:** 12 maande – September tot Augustus
**Kontakpersoon:** Musa Mpanza
**Kontakbesonderhede:** musam@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Stel TNSR-lede in staat te stel om groei en ontwikkeling van interpersoonlike vaardighede te ervaar deur middel van pasgemaakte opleidingsessies om die kenmerke van gegradueerdes te verbeter sodat hulle kan floreer as afgeronde, holistiese individue wat krities aan veeleisende werksomgewings kan deelneem.
- Fasiliteer TNSR-lede se verwerwing van vaardigheid met werkgebaseerde bevoegdhede wat projek- en tydbestuur betref, sodat hulle hul organisatoriese en bestuursvaardighede kan ontwikkel om optimaal in 'n multidissiplinêre, multikulturele navorsingsomgewing te presteer.
- Help met die integrasie in die institusionele US-gemeenskap waar TNSR-lede kritiese nadenke kan modelleer, sienings kan beoordeel en studenteregering binne navorsingsomgewings kan toepas sodat hulle in hulle hoedanigheid as studenteleiers positief kan bydra tot stelsels, beleide en ondersteuningstrukture wat in die institusionele konteks toepaslik is.
- Bevorder aktiewe burgerskap en sterk leierskap soos in die Suid- Afrikaanse nasionale ontwikkelingsdoelwitte en die globale doelwitte vir volhoubare ontwikkeling 4, 8 en 17 uiteengesit, wat ten doel het om die skolastiese sukses van TNSR-lede deur gehalteopleiding te ontwikkel en uit te brei sodat hulle sinvol en produktief kan betrokke raak en met ander saamwerk.

**INHOUD** (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)

- Die TNSR is 'n struktuur vir studenteverteenwoordiging wat bestaan om die besondere behoeftes van nagraadse studente aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) uit te lig en daarin te voorsien. Die TNSR staan onder die jurisdiksie van die Tygerberg Studenteraad (TSR) en sluit aan by die breër gemeenskap van studenteverteenwoordiging bekend as die Stellenbosch SR, wat op die Stellenbosch-kampus gesetel is.
- Die Tygerberg Leierskap-inisiatief vir Nagraadse Studente (TNS-LI) bied studente die geleentheid en hulpbronne om die vaardighede te ontwikkel en te slyp wat elke aspek van studenteleierskapsontwikkeling verg, sodat hulle die selfvertroue kan verwerf wat nodig is om as afgeronde en dinamiese US-gegradueerdes te floreer.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Dink krities, beplan en verrig doelwitverwante handelings as 'n konstruk van objektiewe wysheid en persoonlike waardes wat in die kontekstuele behoeftes van nagraadse studente binne die hoëronderwyslandskap voorsien.
- Verbeter hulle persoonlike ontwikkeling binne die studenteleierskapruimte in hoër onderwys deur middel van aandagtige bewustheid, doelgerigte beplanning en ontwikkeling van selfbesinningsvaardighede.
- Kweek en handhaaf gesonde, wedersyds voordelige verhoudinge deur middel van doeltreffende kommunikasie, probleemoplossing en geskilbeslegtingstegnieke om koördinering en deurvoering van 'n samewerkende projek te fasiliteer ten einde 'n sekere doel te bereik.
- Kommunikeer aktief met ander deur deurdagte oorweging aan hulle identiteit, sienings en keuses te skenk en deur te reageer met pligsgetroue uitvoering van take wat daarop gemik is om te voorsien in die behoeftes wat medestudente uitgewys het.
- Lewer bewys van kundigheid rakende boekhouding, aanbieding en kommunikasie oor portefeuljespesifieke pligte in die vorm van goed geskrewe dokumente en professionele seminare.
- Ontwikkel 'n projektydlyn, verstaan en beplan vir afhanklikheidsfaktore, beoefen goeie projek- en tydbestuursvaardighede, toon toepaslike probleemoplossingsvaardighede om doelwitbeplanning en taakbestuur te fasiliteer, en lewer bewys van pligsgetroue uitvoering van take wat geformuleer is om in die behoeftes van medestudente te voorsien.



## EX OFFICIO-PORTEFEULJE: TYGERBERG VERENIGINGSRAAD (TVR)

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-studente wat in 'n leiersposisie in seniorakkommodasie aan die US gedien en die minimum koshuis-HEMIS per akademiese jaar verwerf het
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling: Studentesake
**Duur:** 12 maande – September tot Augustus
**Kontakpersoon:** Musa Mpanza
**Kontakbesonderhede:** musam@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Staan leiers van studenteverenigings op die Tygerberg-kampus by om grondwette te begryp en te vertolk ten einde grondwetlike nakoming en gesonde oorsigbestuur te verseker.
- Fasiliteer die vestiging van betroubare finansiële praktyke, aangepas vir Tygerberg-verenigings om te verseker dat verenigings se fondse verantwoordelik bestuur word.
- Rus leiers van verenigings toe met die nodige projekbestuursvaardighede om te verseker dat verenigings se projekte en aktiwiteite suksesvol uitgevoer word sodat die mandaat van hulle bepaalde vereniging vervul word.

**INHOUD** (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)

- Die TVR word deur studente bestuur. Dit verteenwoordig alle geregistreerde en nuwe verenigings aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW). Die Raad bestaan uit die verteenwoordigers (hoofsaaklik die voorsitters) van die onderskeie verenigings asook 'n verkose voorsitter en 'n dagbestuur. Die TVR verskaf 'n platform waarop verteenwoordigers van die onderskeie verenigings die belange van alle studente beskerm en bevorder deur die TVR se uitvoerende komitee en die TSR te adviseer.
- Die TVR rus US-studente wat aan die FGGW ingeskryf en toekomstige gesondheidswerkers is, toe met die nodige vaardighede om aktiewe leiers te wees en doeltreffend in 'n multidissiplinêre span te werk. Verenigings vorm 'n integrale deel van studentesukses, want dit bied studente geleenthede om holisties te groei en by die verskillende aspekte van hulke persoonlike ontwikkeling (soos leierskap en spanwerk) betrokke te raak of om hulle eie belangstellings (soos navorsing of musikale talent) te bevorder.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Is bekend met die verskillende wetgewende US- dokumente wat verenigings regstreeks raak (bv. die US Studentegrondwet, Tygerberg Studentegrondwet en TVR-grondwet).
- Ken die regte en verantwoordelikhede van verenigings soos in die TVR-grondwet uiteengesit.
- Weet watter hulpbronne beskikbaar is om gesonde oorsigbestuur en praktyk te bevorder.
- Gebruik TeraTerm met selfvertroue en dra kennis van die US Finansiële Beleid.
- Stel finansiële verslae met selfvertroue en akkuraatheid saam.

## MILITÊRE AKADEMIE STUDENTERAAD (MASR)

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe studente aan die US Militêre Akademie
**Bykomende kriteria:** Kandidate wat by wyse van die jaarlikse MASR-verskiesingsproses verkies is om in die MASR te dien
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake – Sentrum vir Studenteleierskap en leer (SSLL)
**Duur:** 12 maande – September tot Augustus
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersoon:** Anele Mdepa
**Kontakbesonderhede:** anelemdepa@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Bevorder en beskerm die belange van alle studente en verteenwoordig studente op alle vlakke en in alle komitees waar nodig.
- Verseker, in samewerking met die Fakulteit en die Departement Professionele Militêre Ontwikkeling (DPMD), dat pligte/oefeninge en opdragte in die daaglikse werksaamhede van die studenteroetine doeltreffend uitgevoer word.
- Gee aan die studentegemeenskap terugvoer oor alle toepaslike aspekte waar moontlik en bevorder studente-interaksie met ander tersiêre instellings in samewerking met hulle studenterade.

**INHOUD** (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)

- Die MASR bestaan uit studente wat deur die studentegemeenskap uit verskillende jaargroepe verkies is.
- Hierdie SR word verkies om 'n omgewing te skep wat akademiese sukses sowel as die ontwikkeling van professionele militêre standaarde onder studente bevorder en hulle ten beste daarin ondersteun. Die MASR het die plig om die belange van alle studente te bevorder en te beskerm, en verteenwoordig die studente op alle vlakke en in alle komitees waar nodig.
- Die oogmerk behels dat die MASR, in samewerking met die Fakulteit en die DPMD, moet verseker dat pligte/oefeninge en opdragte in die daaglikse werksaamhede van die studenteroetine doeltreffend uitgevoer word.
- Dit beteken dat die SR aan die studentegemeenskap terugvoer gee oor alle toepaslike aspekte waar moontlik, en studente-interaksie met ander tersiêre instellings bevorder in samewerking met hulle studenterade.
- Die uitkoms wat van die MASR verwag word, is dat hulle daarvoor verantwoordelik is om se sorg dat lede van die studentegemeenskap ingelig is oor sake rakende die daaglikse roetine, werksaamhede van die studentegemeenskap en enige ander tersaaklike inligting soos nodig.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Sorg dat lede van die studentegemeenskap ingelig is oor sake rakende die daaglikse roetine, werksaamhede van die studentegemeenskap en enige ander tersaaklike inligting soos nodig.

## VERENIGINGSRAAD-PROGRAM VIR LEIERSKAPONTWIKKELING

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-studente wat lede van die Verenigingsraad is, maar nie noodwendig in die bestuur van 'n vereniging gedien het nie
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 3 maande (Maart tot Mei)
**Leweringsmodus:** Aanlyn
**Kontakpersoon:** Thulani Hlatswayo
**Kontakbesonderhede:** thulani@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Hanteer studentekwessies.
- Bied 'n transformerende en inklusiewe studente-ervaring.
- Skep vars bedinkte vernuwings.
- Ontwikkel strategieë om sukses vir studente en verenigings te verseker..

**INHOUD** (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)

- Opleiding in grondwetlike geletterdheid
- Opleiding in strategiese beplanning en beleidsverklaring
- Voorbereiding op algemene verenigingskermis
- Leierskaporiëntering en -opleiding
- Voorbereiding op verwelkomingskermis
- Studenteregering as ekosisteem vir ondersteuning
- Opleiding in geleentheids- en risikobestuur
- Opleiding in finansiële geletterdheid en beleid
- Steun met en toegang tot die studente-inligtingstelsel

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van hierdie module behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Beskik oor 'n teoretiese en ervaringgerigte grondslag van studenteleierskapstrukture.
- Verstaan die begrip 'leierskap'.
- Kan tersaaklike studentegrondwette vertolk.
- Stel beleidsverklarings op.
- Stel grondwette op.
- Berei 'n gefasiliteerde aktiwiteit voor en bring dit ten uitvoer.
- Is aan die denkgroepproses blootgestel.
- Kan projekbestuur vir verskillende gemeenskappe verrig.
- Kan geleentheidsprojekte in verskillende omgewings bestuur.
- Kan oor hulle persoonlike aanleg vir en vermoë binne sosiale prosesse besin.

## SR-BESTUUR VIR STUDENTELEIERSKAPVERKIESINGS

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-studente wat lede van die SR se Verkiesingskomitee is
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 7 maande (April – Oktober)
**Leweringsmodus:** Aanlyn
**Kontakpersoon:** Thulani Hlatswayo
**Kontakbesonderhede:** thulani@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Bied 'n toeganklike platform vir verkiesings tot die US-studenteraad (SR) sodat die studentedeelnamekoers sal verhoog in vergelyking met vorige jare, en dat die opkoms onder kiesers dus groter sal wees.
- Verskaf 'n beweeglike virtuele verkiesingstelsel sodat toekomstige verkiesingsameroepers en hulle spanne studenteverkiesings aan die US optimaal kan fasiliteer en bedryf, en sodoende studentedeelname aan koukusse en verkiesings in die breë kan verhoog.
- Verskaf 'n virtuele platform vir interaksie tussen studente en kandidate. Dit sal informele sowel as formele terugvoer vanaf studente verhoog, wat gevolglik die omvang en wyse van studentedeelname tydens koukusse en ondervraging vanaf studente sal verhoog.
- Hierdie aanbieding is 'n baanbreker-eenheid in die landskap van studenteverkiesings aan Suid-Afrikaanse universiteite, wat as sjabloon vir verkiesingspanne aan ander universiteite gebruik kan word om hulle SR en ander studenteleierskapliggame regverdig te verkies.

**INHOUD** (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)

- Voorafleer en samestelling vir die kursus
- Voorafsamestelling vir die koukus
- Opstel van SUNLearn
- Kandidate-opleiding
- Koukusse
- Bywerking van SUNLearn-portefeulje
- Verkiesingstake en -konsultasies
- Kieserskorpsbestuursvergaderings

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van hierdie kursus behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Bemiddel en navigeer spandinamika tydens weeklikse vergaderings vir die volle leierskapstermyn, wat in April begin en in Oktober eindig.
- Verwerf kennis oor die Studentegrondwet en kan grondwetlike bepalings toepas en verduidelik om die verkiesingsproses volgens die Studentegrondwet aan te pas.
- Pas kritiese beredenering en beplanning op verkiesingsprobleme toe deur struikelblokke te beoordeel en dan gebeurlikheidsplanne uit te stip en uit te voer om te verseker dat verkiesings regverdig en toeganklik vir alle studente bly.
- Verbeter hulle vaardighede as fasiliteerders, openbare redevoerders en virtuele kommunikeerders, wat hulle in die koukusse en ander aanlyn openbare interaksievergaderings kan aanwend.



## STUDENTEHOF

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-studente in regsgeleerdheid wat die minimum koshuis-HEMIS per akademiese jaar verwerf het
**Bykomende vereistes:** Soos deur die Regsfakulteit bepaal
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake – Sentrum vir Studenteleierskap en leer (SSLL)
**Duur:** 12 maande – September tot Augustus
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersone:** Anele Mdepa/Thulani Hlatswayo
**Kontakbesonderhede:** anelemdepa@sun.ac.za/Thulani@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Die regstelsel is die meganisme wat die oppergesag van die reg handhaaf.
- Die Studentehof bied 'n forum om geskille te besleg en om wette billik en rasioneel te toets en af te dwing volgens die mandaat wat die US Studentegrondwet aan die Hof verleen.

**INHOUD** (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)

- Die Studentehof is daarvoor verantwoordelik om geskille tussen studente en tussen studenteverenigings, asook sake rakende die Studentegrondwet, te besleg. Studentehof-regters is goed opgeleide regstudente met 'n passie en respek vir studenteregte en geregtigheid.
- Die Studentehof is 'n onafhanklike, onpartydige en objektiewe liggaam wat bestaan om te verseker dat die studentegemeenskap se regte gehandhaaf en beskerm word.
- Die regstelsel is die meganisme wat die oppergesag van die reg handhaaf, en die Studentehof bied 'n forum om geskille te besleg en om wette billik en rasioneel te toets en af te dwing volgens die mandaat wat die US Studentegrondwet aan die Hof verleen.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Lewer regverdige en onpartydige uitsprake.
- Bevorder 'n gesonde studenteregeringsgemeenskap wat grondwetlikheid handhaaf.

## STUDENTEPARLEMENT

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-studente wat die minimum koshuis-HEMIS per akademiese jaar verwerf het
**Bykomende vereistes:** Kandidate wat die Studenteparlement in die jaar van verkiesing bygewoon het en ten minste in hulle tweede akademiese jaar is
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake – Sentrum vir Studenteleierskap en leer (SSLL)
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersone:** Anele Mdepa/Thulani Hlatswayo
**Kontakbesonderhede:** anelemdepa@sun.ac.za/Thulani@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Bevorder lewendige gesprekvoering aktief en maak beleidsaanbevelings wat onbillike diskriminasie voorkom of verbied. Hou ook Bestuurslede kollektief en individueel aanspreeklik.
- Die Parlement kan SR-lede per resolusie versoek om rekenskap van hulle optrede te gee by wyse van Bylae E van die Grondwet van die Studenteparlement.
- Kan ook 'n mosie van wantroue in 'n SR- lid, 'n aantal SR-lede of die SR gesamentlik instel.
- Die Parlement maak ook van 'n aantal komitees gebruik – staande, ad hoc, portefeulje en gesamentlik – ten einde hulle mandaat doeltreffend te vervul.

**INHOUD** (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)

- Die Studenteparlement is sterk by die SR en studenteleierskapstrukture in die Matiegemeenskap betrokke en skep geloofwaardige platforms waar Maties strukturele ongelykhede kan uitwys en dit aan tersaaklike rolspelers gekommunikeer kan word, werk saam aan en/of stel nasionale en internasionale sinergistiese netwerke daar om grondwetlike demokrasie binne studenteleierskap te versterk, en bevorder aktief verantwoordbare, deursigtige en raadplegende bestuur in die Matiegemeenskap.
- ie uitkomste wat van die Studenteparlement verwag word, is om die platform te wees waar enige Matie aangehoor kan word en om te verseker dat die fokus van die Bestuur se mandaat studentgerig bly, met besondere fokus op studentesukses.
- Die Parlement se rol en uiteindelike uitkoms is om alle Maties te verteenwoordig en om regering deur die mense onderwerpe aan die Grondwet te verseker.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Die Parlement is die platform waardeur enige Matie aangehoor kan word. Dit verseker dat die fokus van die Hoofbestuur se mandaat studentgerig bly, met besondere fokus op studentesukses.
- Die Parlement se rol en uiteindelike uitkoms is om alle Maties te verteenwoordig en om regering deur die mense onderworpe aan die Grondwet te verseker.



## STUDENTERAAD (SR)

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-studente wat die minimum koshuis-HEMIS per akademiese jaar verwerf het
**Bykomende kriteria:** Kandidate wat by wyse van die jaarlikse SR-verskiesingsproses verkies is om in die SR te dien
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake – Sentrum vir Studenteleierskap en leer (SSLL)
**Duur:** 12 maande – September tot Augustus
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersone:** Anele Mdepa/Thulani Hlatswayo
**Kontakbesonderhede:** anelemdepa@sun.ac.za/Thulani@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Die oogmerk is om te verseker dat die Bestuur en ander liggame in die hoëronderwyslandskap studente se belange dien. Dit bevorder studentesukses en toegang.

**INHOUD** (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)

- Die SR verteenwoordig die belange van die studentegemeenskap in die Raad en ander institusionele US-strukture, asook in ander nasionale en internasionale liggame.
- Die SR is 'n verteenwoordigende liggaam wat besluite neem oor die belange van studente aan die US en die administratiewe handelings uitvoer wat dit verg om hierdie belange te dien.
- Die SR wil verseker dat die Bestuur en ander liggame in die hoëronderwyslandskap studente se belange dien. Dit bevorder studentesukses en toegang.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Verskaf leierskap en leiding wat toeganklik, deursigtig en verantwoordbaar teenoor die studentegemeenskap is soos in die Studentegrondwet verskans.

## TYGERBERG AKADEMIESEBELANGERAAD (TABR)

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-studente wat in 'n leiersposisie in seniorakkommodasie aan die US gedien het en die minimum koshuis-HEMIS per akademiese jaar verwerf het
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 12 maande – September tot Augustus
**Kontakpersoon:** Musa Mpanza
**Kontakbesonderhede:** musam@sun.ac.**za**

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Ontwikkel 'n sin vir spanwerk, samehorigheid en die vermoë om met studente sowel as personeel saam te werk.
- Bied aan studente geleenthede om toepaslike vaardighede en burgerlike geletterdheid te ontwikkel sodat hulle leiding en kundigheid aan die studentegemeenskap kan bied.
- Rus studente toe met die administratiewe en organisatoriese vaardighede wat vir doeltreffende projekbestuur nodig is.

**INHOUD** (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)

- Die TABR moet die akademiese belange van alle studente aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) aan die US verteenwoordig deur middel van samewerkende inisiatiewe. Die TABR is daarop ingestel om faktore wat ondoeltreffende en onetiese leierskap kan fasiliteer, uit te wys en te heroorweeg op grond van goeie, deursigtige oorsigbestuur by wyse van etiese en doeltreffende leierskaprolle en verantwoordelikhede.
- Binne die sfeer van akademiese aangeleenthede handhaaf die TABR hulle doel deur Fakulteitsleierskap verantwoordbaar te hou en sodoende te verseker dat hulle optrede en besluite in studente se beste belang is en dat enige besluite of optrede met die US se waardes en visie ooreenstem. Daarbenewens is die TABR daarop ingestel om 'n grondslag en kultuur van integriteit, deernis, deursigtigheid en goeie oorsigbestuur te vestig en in die beste belang van alle studente aan die US op te tree.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Neem strategiese besluite deur opeenvolgende denkprosesse toe te pas om te voorsien in studentebehoeftes wat met die onderskeie grondwette van die FGGW en die studentegemeenskap ooreenstem.
- Voorsien studente van tersaaklike institusionele inligting rakende hulle akademiese en administratiewe behoeftes om 'n sin van deursigtige oorsigbestuur te bevorder.
- Lei met 'n duidelike visie en missie, en dra die belangrikheid van spanwerk en waardesgerigte leierskap en bestuur oor.
- Pas kritiese denkvaardighede toe om probleme op te los deur met wedersyds voordelige oplossings vorendag te kom en dit deur te voer om doeltreffende agente vir verandering in die studentegemeenskap te wees.
- Beoefen doeltreffende luistervaardighede, en kommunikeer en gedra hulleself professioneel teenoor studente en professionele persone.

## TYGERBERG STUDENTEPARLEMENT

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-studente aan die FGGW wat die minimum koshuis-HEMIS per akademiese jaar verwerf het
**Bykomende vereistes:** Kandidate wat vantevore die Tygerberg Studenteparlement bygewoon het
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake – Sentrum vir Studenteleierskap en leer (SSLL)
**Duur:** 12 maande – September tot Augustus
**Kontakpersoon:** Anele Mdepa
**Kontakbesonderhede:** anelemdepa@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Funksioneer gesond en ooreenkomstig die Studentegrondwet. Dit kan deur programme vir grondwetlike geletterdheid vir lede van die Seniorprimkomitee (SPK) bereik word, en deur 'n fisiese en werkende kantoor met telefoonlyne, rekenaars en internettoegang beskikbaar te hê. Hierdie doelwitte moet aan die begin van elke ampstermyn hanteer word.
- Verseker dat studente vanoor die Universiteit, Maties én Tygermaties, in staat is om met die Studenteparlement te skakel. Dit kan bereik word deur sittings intyds te stroom vir diegene wat nie fisiek teenwoordig kan wees nie en om dit in koshuise en gemeenskaplike ruimtes by hubs te laat stroom. Geslaagdheid kan gemeet word aan die bywoningsyfers op die register vir die sitting. In normale omstandighede moet daar een sitting tydens elke ampstermyn wees.
- Bekom befondsing vanaf Studenteregering vir die Studenteparlement se begroting sodat die Studenteparlement die leeruitkomste kan verbreed deur die Suid-Afrikaanse parlement te nader om geleenthede soos opleiding en grondwetlike geletterdheid. Geslaagdheid kan gemeet word aan die vlak van grondwetlike geletterdheid waaroor komiteelede beskik en hoe befondsing bestee word. Hierdie programme moet verkieslik aan die begin van elke ampstermyn aangebied word.

**INHOUD** (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)

- Die Studenteparlement is 'n onafhanklike kwartaallikse forum vir alle studente. Dit dien as openbare terugvoer- en konsultasiemeganisme vir interaksie tussen die TSR en studente en, waar toepaslik, die Universiteit en die Fakulteit.
- Die Studentegrondwet verleen 'n mandaat aan hierdie studenteregeringsorgaan met verantwoordelikheid vir deursigtigheid en verantwoordbaarheid binne sfere van studenteregering aan die US.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Die Tygerberg Studenteparlement se rol en uiteindelike uitkoms is om alle Maties te verteenwoordig en om regering deur die mense onderworpe aan die Tygerberg Studentegrondwet te verseker.

## TYGERBERG STUDENTERAAD (TSR))

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-studente aan die FGGW wat die minimum koshuis-HEMIS per akademiese jaar verwerf het
**Bykomende kriteria:** Kandidate wat by wyse van die jaarlikse TSR-verskiesingsproses verkies is om in die TSR te dien
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake – Sentrum vir Studenteleierskap en leer (SSLL)
**Duur:** 12 maande – September tot Augustus
**Kontakpersoon:** Anele Mdepa
**Kontakbesonderhede:** anelemdepa@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Help TSR-lede om in hulle amp gevestig te raak en om te begryp wat hulle rolle en verantwoordelikhede binne die institusionele oorsigbestuur is wat die opbou, bevordering en instandhouding van 'n kultuur van uitnemendheid betref.
- Ondersteun en bemagtig die TSR om goed gekose en goed gestruktureerde vergelykings met studenteverteenwoordigers aan ander universiteite met 'n goeie reputasie te ondersoek en toe te pas.
- Bemagtig die TSR en bou hulle vermoë uit om studentebelange te dien op 'n manier wat met die US Visie en Missie 2040 sowel as die TSR Studentegrondwet belyn is.
- Vestig 'n kultuur van etiese oorsigbestuur en aanspreeklikheid binne die TSR en handhaaf dit.
- Bou die TSR se kennis uit van US-beleide en riglyne wat oorsigbestuur binne die instelling beïnvloed.
- Rus die TSR toe met leierskapkennis en -vaardighede wat hulle sal help om betekenisvol tot die instelling by te dra.

**INHOUD** (Wat gaan julle in dié leergeleentheid behandel?)

- Die TSR is die hoogste vorm van studenteregering op die Tygerberg-kampus.
- Dit bestaan uit nege (9) verkose lede en vier (4) ex officio-lede. Die ex officio-posisies is vir voorsitters wat deur hulle gemeenskappe verkies is met die mandaat om in die TSR te dien.
- Die TSR se oogmerk is om seker te maak dat feitelike inligting voortdurend aan alle tersaaklike partye gekommunikeer word; om studente se behoeftes voorop te stel en 'n gemeenskap tot stand te bring wat studente geleentheid vir veelfasettige groei bied; om toekomsgerig en innoverend te wees; om ambassadeurs vir geestesgesondheid op die Tygerberg-kampus te wees; om volhoubare projekte te loods en te sorg dat die grondslag vir toekomstige leiers goed gevestig is; en om deursigtig te funksioneer.
- Die uitkomste wat van die TSR verwag word, is dat hulle aan die studentegemeenskap leierskap en leiding sal verskaf wat toeganklik, deursigtig en verantwoordbaar is soos dit in die Tygerberg Studentegrondwet verskans is.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Berei studenteleiers daarop voor om as span te werk en daartoe in staat te wees om dinamika wat hulle in die amp sal teëkom, te hanteer.
- Verbeter hulle vaardighede om netwerke deur middel van doeltreffende kommunikasie te vorm.
- Begryp die proses waardeur Universiteits- en Fakulteitsbeleide ontleed en deurgevoer word deur vergaderings van die US Raad, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe- (FGGW-)bestuur, komitees, die Dekaan se Bestuurspan (DBS) en die Senaat by te woon en daaraan deel te neem;
- Begryp wysigings aan en toepassing van die Studentegrondwet deur aan die regulasies daarvan te voldoen.
- Verstaan die Suid-Afrikaanse hoëronderwyskonteks deur opbouend op die nasionale hoëronderwyslandskap binne die plaaslike konteks te reageer.
- Kan in krisistye met die US-/Fakulteitsbestuur en studente onderhandel, oplossings uitwerk en besluite neem.
- Kan konflik in die Universiteitskonteks bestuur en verbandhoudende probleme oplos.
- Kan oor die US heen, en verder, saamwerk en netwerke vorm.
- Het finansiële insig en kan toesig oor begrotings hou en dit bestuur.
- Kan netwerke met verskillende belanghebbendes opbou en met hulle saamwerk, en kan TSR-programme met studente en die DBS bespreek.

# Studenteverenigings

| Nr. | Stellenbosch-kampus |
| --- | --- |
| 1. | ABSIP: Association of Black Securities and Investment Professionals |
| 2. | AFD: Academics For Development |
| 3. | AGS Kampusbediening |
| 4. | ANC Jeugliga Universiteit Stellenbosch |
| 5. | AfriForum Jeug |
| 6. | AGS: Apostoliese Geloofsending |
| 7. | ANSSU: Association of Nigerian Students at Stellenbosch University |
| 8. | Believer's Loveworld Kampusbediening |
| 9. | BTK: Berg- en Toerklub |
| 10. | BMF: Black Management Forum |
| 11. | Christ Church |
| 12. | Kreatiewe Fotografiese Vereniging |
| 13. | Demokratiese Alliansie Studenteorganisasie |
| 14. | Doxa Deo Stellenbosch |
| 15. | Eko-Maties |
| 16. | EFF (Economic Freedom Fighters) Studentebevelvoering |
| 17. | ELCSASO: Evangeliese Lutherse Kerk in Suid-Afrika Studenteorganisasie |
| 18. | Ingenieurs Sonder Grense Maties |
| 19. | Every Nation |
| 20. | First Love Church Stellenbosch |
| 21. | Golden Key International Honour Society |
| 22. | Grace Life |
| 23. | Hillsong Vereniging |
| 24. | Joshua Generation Church Vereniging |
| 25. | JTL Ministries |
| 26. | Khomanani Matsonga |
| 27. | Manifest Fellowship Universiteit Stellenbosch |
| 28. | Matie ACTS (Vereniging vir Katolieke Tersiêre Studente) |
| 29. | MBLDS (Maties Vereniging vir Baldans en Latyns-Amerikaanse Dans) |
| 30. | MBAS (Maties Vereniging vir Bierwaardering) |
| 31. | Maties Paw |
| 32. | Musicultus |
| 33. | Moslemstudentevereniging-US |
| 34. | NACSS (Nuwe Apostoliese Kerk Studentevereniging) |
| 35. | One Hope Church Vereniging |
| 36. | One South Africa Stellenbosch |
| 37. | Operation Smile |
| 38. | PlanetUni Stellenbosch |
| 39. | Pulp Filmvereniging |
| 40. | QueerUS |
| 41. | Shofar Christelike Kerk |
| 42. | SADTUSC (Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie Studentetak) |
| 43. | SASCO (South African Students' Congress) |
| 44. | SPYS (Vereniging vir Spiritualiteit, Filosofie en Joga) |
| 45. | Stellenbosch International Fellowship |
| 46. | Stellenbosch Thuthuka Vereniging |
| 47. | Stellenbosch University Art Law Clinic (SALC) |
| 48. | SUNDS (Universiteit Stellenbosch Vereniging vir Neurodiversiteit) |
| 49. | SDASM (Universiteit Stellenbosch Sewendedagadventiste Studentebeweging) |
| 50. | SKEMA Finance Stellenbosch |
| 51. | Studente vir Reg en Sosiale Geregtigheid |
| 52. | US Vereniging vir Hindoestudente |
| 53. | US Forum vir Palestynse Solidariteit |
| 54. | Anime-vereniging |
| 55. | The Bay Christian Family Church SL |
| 56. | The Guild |
| 57. | UNASA (Verenigde Nasies Vereniging van Suid-Afrika) |
| 58. | Unite 180 |
| 59. | USCS (US Konsultasievereniging) |
| 60. | US Debatsvereniging |
| 61. | US Beleggingsvereniging |
| 62. | ZCCSF (Zion Christian Church Student Fellowship) |
| 63. | Zimbabwean Society |

| Nr. | Tygerberg-kampus |
| --- | --- |
| 1. | CRC (Christian Revival Church) |
| 2. | Universiteit Stellenbosch Noodgeneeskundevereniging |
| 3. | Every Nation Church Tygerberg-kampus |
| 4. | Vriende van Dokters Sonder Grense (MSF) |
| 5. | Golden Key International Honour Society |
| 6. | Hillsong Tygerberg |
| 7. | IFMSA-SA (International Federation of Medical Students' Associations – South Africa) |
| 8. | Kenridge Connect |
| 9. | KIDS Vereniging (Kind Individuals Dedicated to Serve) |
| 10. | MBLDS (Maties Vereniging vir Baldans en Latyns-Amerikaanse Dans) |
| 11. | Geleenthedekomitee vir MBChB V |
| 12. | Moslemstudentevereniging (MSA) Tygerberg |
| 13. | Verpleegkundevereniging |
| 14. | OTSC (Raad vir Arbeidsterapiestudente) |
| 15. | PLANT Vereniging (Practitioners Learning About Nutrition Together) |
| 16. | FRCF (Redemption Faith Campus Fellowship) |
| 17. | Spectrum Vereniging |
| 18. | SUAS (Universiteit Stellenbosch Anatomievereniging) |
| 19. | SUMO (Universiteit Stellenbosch Mediese Orkes) |
| 20. | SUPS (Universiteit Stellenbosch Psigiatriese Vereniging) |
| 21. | Universiteit Stellenbosch Stoïsynse Vereniging |
| 22. | Universiteit Stellenbosch Vereniging vir Patologiestudente |
| 23. | Universiteit Stellenbosch Vereniging vir Fisioterapiestudente |
| 24. | Universiteit Stellenbosch Chirurgiese Vereniging |
| 25. | TGC (Tygerberg Gospelkoor) |
| 26. | Tygerberg SDASM (Sewendedagadventiste Studentebeweging) |
| 27. | SURGE (Tygerberg Vereniging vir Voorgraadse Navorsing) |
| 28. | TWITS (Tygerberg Vereniging vir Wyn - en Spiritualieëproe) |



## ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR KLUSTERSAMEROEPERS

**Toelatingsvereistes:** Prims
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake – Sentrum vir Studentelewe en leer (SSLL)
**Duur:** 160 ure (September – Augustus) alleenstaande
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn Plek: Sentrum vir Studentelewe en leer (SSLL)
**Kontakpersoon:** Dr Liezl Dick
**Kontakbesonderhede:** liezld@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Verseker dat die Universiteit 'n klustersameroeperspan het met die vermoë om geleenthede te ontwikkel vir gemeenskapsleer en -ontwikkeling wat in klusterverband kan plaasvind.
- Gee deelnemers geleentheid om deur die aanleer van bevoegdhede die kenmerke van gegradueerdes te ontwikkel en om daardie vaardighede in die werkplek in te dra.
- Bemagtig deelnemers om die kluster te help ontwikkel tot 'n moedige ruimte waar ander studente in staat gestel word om sy aan sy te handel tot voordeel van die klustergemeenskap en daarbuite.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Klusters as organiseringsbeginsel
- Escaptrix: Spanbou
- BrandSprint: Doelstelling en visievorming
- Jaarlikse klustergesprekke (sluit voorbereidingstyd met ResEd-koördineerder in)
- Clifton-assessering van sterkpunte en groepafrigting
- Sterkpuntgebaseerde leierskap
- Leier-wees in 'n multikulturele omgewing
- Skep ruimtes vir waagmoedige gesprekke
- MBTI-assessering en -werksessie
- Afrigting in individuele sterkpunte
- Nadenkende praktyk vir leiers
- Hoe om dagboek te hou: Aanlyn inhoud
- Verken D3-leierskap: Waagmoedige, verspreide en demokratiese leierskapstyle (daring, distributive and democratic) (aanlyn en persoonlik)
- Skryfwerksessies
- Ervaringgerigte leer: Jou leierskaptermyn as klustersameroeper

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Bevoegdhede:

- Gaan met verskeidenheid om
- Beginsels en modelle van leierskap
- Selfbesinning
- Skriftelike kommunikasie
- Fasiliteringsvaardighede
- Kommunikasie
- Interpersoonlike omgang
- Verstaan die US-konteks
- Etiese en morele redenering



## SU BEWELL MENTORPROGRAM

**Toelatingsvereistes:** Aanstelling as mentor by die SSLL
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 26 uur opleiding
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersoon:** Joy Petersen
**Kontakbesonderhede:** jp11@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Studente word opgelei om inkomende nuwelinge/eerstejaars met hulle psigososiale aanpassing en oorgang by te staan en daarin te ondersteun.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Bou verhoudinge en ontwikkel verbondenheid
- Spanwerk
- iFlourish (durf, hoop, veerkragtigheid, tydbestuur)
- Bestuur konflik en krisisse met deernis

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Luister diepgaande en met empatie
- Begryp die Healthy Mind Platter en pas dit toe
- Pas werksessies oor selfgestuurde leer toe

## US-PROGRAM VIR HOOFMENTORS

**Toelatingsvereistes:** Aanstelling as hoofmentor by die SSLL
**Afdeling:** Studentesake
**Duur:** 28 uur opleiding
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersoon:** Joy Petersen
**Kontakbesonderhede:** jp11@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Studente word opgelei om hulle gemeenskapsmentorspanne.by te staan, te ondersteun, te bestuur en te lei

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Skep en onderhou veilige ruimtes
- Smee verbintenisse en bou verbondenheid
- Spanwerk
- iFlourish (durf, hoop, veerkragtigheid, tydbestuur)
- Bestuur konflik en krisisse met deernis

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Lei en bestuur die mentorspan in die gemeenskap
- Fasiliteer en bemiddel oefenkampe vir die span
- Luister diepgaande en met empatie
- Begryp die Healthy Mind Platter en pas dit toe






## ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR HUISKOMITEES

**Toelatingsvereistes:** Prims
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake – Sentrum vir Studentelewe en leer (SSLL)
**Jaar:** 2021
**Duur:** 160 ure (September – Augustus) alleenstaande
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Plek:** Sentrum vir Studentelewe en leer (SSLL)
**Kontakpersoon:** Dr Liezl Dick
**Kontakbesonderhede:** liezld@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Ontwikkel vaardighede vir persoonlike ontwikkeling en leierskapsbevoegdheid sodat deelnemers in verskillende omgewings doeltreffend kan wees.
- Betrek deelnemers by transformerende leierskapbenaderings sodat hulle dit in geïntegreerde leef- en leergemeenskappe kan toepas en in hulle werkslewe kan indra.
- Moedig deelnemers aan om aktiewe en betrokke burgers te wees sodat hulle tot oplossings vir kritieke kwessies in die plaaslike en breër gemeenskap kan bydra.
- Betrek deelnemers deur samewerkende ervarings by probleemoplossing, sodat hulle innoverende en ingeligte besluite in gemeenskapsbelang kan neem.
- Verskaf begeleide indiensopleiding wat met die leierskaptermyn ooreenstem.
- Bied doelbewuste leer- en diensgeleenthede sodat deelnemers die kenmerke van US-gegradueerdes kan ontwikkel.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Konferensie vir nuut verkose leiers
- HK-kampe en -ontwikkelingsessies
- Waardesgedrewe bestuur
- Verwelkomende gesprekke
- Ontwikkel 'n verwelkomingsprogram
- Jaargesprekke
- Selfsorg-en-welwees-sessie
- Ontwikkel 'n eie leer-agenda
- Verslagskrywing
- Opvolgingsbeplanning
- Begin ander afrig vir sukses in soortgelyke rolle
- Leer-uitstalling
- Leerportefeulje as hulpmiddel vir besinning
- Verskaf afrigting: nuwe HK-lede in 'n soortgelyke portefeulje
- Dienskomponent: verrig algemene pligte wat met die HK-pos verband hou
- Elektiewe vergaderings

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Bevoegdhede:

- Selfsorg;
- Kritiese denke;
- Etiese denke;
- Samewerking;
- Lewenslange leer;
- Leierskap;
- Interkulturele bevoegdheid;
- Kritiese denke;
- Interpersoonlike verhoudinge..



## LUISTER, LEEF & LEER-INISIATIEF

**Toelatingsvereistes:** Studente moet aanlyn aansoek doen, wat die volgende behels: 'n gedekonstrueerde CV, skriftelike vrae en 'n selfbesinningsafdeling wat op hulle storie en leer fokus. Die punte wat die drie paneellede toegeken het, word vergelyk en die 75 beste aansoekers (of 'n ander getal, na gelang van die vakatures) word vir die LLL-inisiatief aanvaar.
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 8 maande (Februarie – September)
**Leweringsmodus:** Aanlyn
**Kontakpersoon:** Enos Lekala
**Kontakbesonderhede:** enos@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Kweek doeltreffende leierskap vir gemeenskaplike welvaart en groei – die kompleksiteit van Suid-Afrika se sosio-ekonomiese kwessies, wat dié van die geglobaliseerde wêreld weerspieël, benodig dat leiers opgelewer word wat met subtiele onderling verwante kwessies kan werk sodat hulle aktief daaraan kan meewerk om ons gedeelde toekoms te navigeer en te vorm.
- Bevorder 'n kultuur van wedersydse respek en beginselvaste meningsverskil – konflik is 'n inherente kenmerk van 'n gesonde samelewing (veral demokrasieë). Die onderskeidende faktor is egter die gees waarin konflik benader word. Daarom kweek ons 'n kultuur van verdraagsaamheid vir verskillende menings en wêreldbeskouings – mits gewone ordentlikheid heers en die siening ingelig is.
- Dra sagte vaardighede vir werkgereedheid oor – rus deelnemers toe met die gedragsvaardighede en -bevoegdhede om ná gradedag toegang tot immer ontwikkelende werksgeleenthede te kry. Dit dra by tot die sukseskoers van die Universiteit van Stellenbosch gemeet aan die aanstelbaarheid van ons gegradueerdes.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Werksessie oor geteikende, doeltreffende kommunikasie
- Werksessie oor leierskapkwessies
- Werksessie oor emosionele intelligensie
- Omarm diversiteit as 'n aanwins

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van hierdie kursus behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Het die vermoë om duidelik, met respek en nieveroordelend te kommunikeer;
- Het dieper kennis opgedoen om te weet hoe om 'n gehoor uit te ken en die toepaslike kommunikasiebenadering of nodige takt te ontplooi.
- Weet hoe om gedeelde samelewingswaardes in gemeenskapsbelang te verinnerlik.
- Verstaan hoe konteks (situasie) grense vir leierskapoptrede stel.
- Beskik oor vaardighede om toegang te verkry tot die domein van geestelike intelligensie (menslike gewete) wat die dryfveer vir leiers is.
- Beskik oor die vermoë om vir hulleself te omskryf watter handelings hulle kan help om hulle eie energievoorraad op te bou.
- Het 'n dieper besef dat persepsie onvermydelik is, en het geleer hoe om daarop te reageer.
- Het 'n aanvoeling vir selfbewussyn en waardering.
- Verwerf die vier sleutelvaardighede van kulturelediversiteitsbevoegdheid om prosesse van verandering te hanteer.
- Het die interaktiewe leermodus verwerf om diversiteit as 'n komplekse verskynsel te benader.





## PROGRAM VIR PRIM-ONTWIKKELING

**Toelatingsvereistes:** Verkiesing tot prim
**Afdeling:** Studentesake
**Duur:** ±12 sessies van 2 uur elk
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersoon:** Dr Liezl Dick
**Kontakbesonderhede:** liezld@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Skep 'n platform waar prims die nodige opleiding, inligting en ondersteuning kan ontvang.
- Verseker dat die breër kampusgemeenskappe by hierdie persone se termyn as prim baat deur prims met die regte vaardighede en nodige kennis toe te rus.
- Ontwikkel strategiese en ontvanklike denke binne primleierskap.
- Verskaf leiding en afrigting op die nodige terreine.
- Rus prims toe met die vaardighede om die kennis en vaardighede wat hulle opgedoen het, oor te dra.
- Skep 'n platform vir die oordrag van vaardighede en inligting.
- Ondersteun die Primkomitee en leierskapontwikkeling op kampus op samewerkende vlak.
- Verskaf deelnemende, samewerkende meganismes in 'n uitdagende omgewing.
- Rus prims toe en berei hulle voor om 'n wye verskeidenheid situasies te hanteer.
- Vestig prosesse en praktyke wat hierdie program vir jaarlikse hersiening ondersteun.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Leierskap in konteks buite die Universiteit Stellenbosch
- US Dissiplinêre Kode
- Geestesgesondheid, spanbou
- Nasionale waterkrisis
- Hervorming van grondwette en mosies
- Bemiddelingsvaardighede in uiteenlopende omgewings
- Leierskap in die Afrika-konteks
- Die lewe ná prim-wees
- Spanbestuursvaardighede

1. Selfkennis
2. Suksesvolle oorhandiging (hoe om jou doelwitte te bereik)
3. Die lewe ná die Primkomitee (berei die prims voor vir die lewe ná universiteit – praktiese vaardighede en beginsels)

- University - practical skills and principles)

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Spoor hulle gemeenskappe aan en bou hulle op.
- Pas die dissiplinêre kode van die Universiteit van Stellenbosch toe en volg dit.
- Begryp hoe belangrik geestesgesondheid is en weet waar om ondersteuning te kry. Is ook in staat om die studente in hulle gemeenskap na die korrekte steunomgewing te verwys.
- Hersien die studentegemeenskap se grondwet en herformuleer 'n mosie.
- Ken die bestuurs- en finansiële strukture aan die US.
- Ontwikkel hulle eie sowel as hulle span se kommunikasievaardighede.
- Besit die nodige vaardighede om groepe van verskillende groottes en in uiteenlopende situasies te bemiddel.
- Raak krities betrokke by aktuele onderwerpe, in die besonder hoëronderwysbehoeftes, studenteleer en Universiteitstrukture.
- Mentor die nuwe prim suksesvol deur middel van die oorhandigingsproses.
- Gebruik SUNLearn om interaktiewe tegnologiese leerruimtes te benut.
- Dra die kennis en vaardighede wat opgedoen is, via fasiliteringsessies na ander in hulle eie gemeenskappe oor.
- Ken die studentebestuurstrukture aan die US.
- Besin oor hulle eie werk en vordering, binne sowel as buite hulle gemeenskappe, en wys uitdagings uit.






# Sentrum vir Studentevoor-ligting en -ontwikkeling (SSVO)

Die SSVO aan die Universiteit Stellenbosch (US) bied 'n verskeidenheid werksessies oor persoonlike ontwikkeling aan. Hierdie werksessies bestaan uit groepsessies waar die leerproses deur 'n ervare fasiliteerder en interaksie met medestudente gefasiliteer word. Werksessies vir persoonlike ontwikkeling sluit akademiese werksessies, werksessies oor CV- en onderhoudvaardighede (loopbaanontwikkeling) sowel as beginnersklasse en kontaksessies in Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) in.

Vir verdere inligting, sien asseblief die tersaaklike afdeling in hierdie dokument, besoek ons webwerf by www.sun.ac.za/ werksessies, of besoek ons by www.sun.ac.za/cscd.

Deelnemers aan werksessies wat uit meer as een sessie bestaan, moet alle sessies bywoon om die reeks af te handel.

Sommige werksessies is gratis; vir ander word 'n fooi gehef.

**Vir meer inligting, besoek ons by:**
Victoriastraat 37, Stellenbosch
**Telefoon:** 021 808 4704
**Maak kennis met ons:** www.sun.ac.za/cscd

## EENHEID VIR AKADEMIESE VOORLIGTING EN ONTWIKKELING

## AKADEMIESE VAARDIGHEDE VIR TOETSE EN EKSAMENS

**Werksessie:** Bemeester toetse: Gee jou eksamenprestasie 'n hupstoot
**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-student
**Afdeling/fakulteit:** Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling, US
**Duur:** 1 uur
**Leweringsmodus:** Aanlyn of kontaksessie
**Kontakpersone:** Me A Welgemoed/Mev M Denyssen
**Kontakpersoon:** (studysuccess@sun.ac.za)
**Webtuiste:** http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/student-affairs/cscd/academic-counselling/work-sessions

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Fokus daarop om studente op eksamens voor te berei met eksamenwenke, -tegnieke en vaardigheidsontwikkeling wat die volgende betref:

- studiemetodes,
- tydbestuur en
- stresbestuur.

Moedig studente aan en spoor hulle aan om hierdie vaardighede aan te wend voor en gedurende hulle eksamens, sodat hulle beter voorbereid is

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Die sessie Wees Eksamengereed rus studente met verskillende geheuetegnieke toe en help hulle om fasette raak te sien waar hulle in hul studies kan groei, die verskil tussen goeie en slegte stres te verstaan en take te prioritiseer. Verder stel dit studente bloot aan doeltreffende maniere om vir eksamens voor te berei en help dit hulle met beter meganismes om eksamentye te hanteer.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Verbeter jou geheue
- Blootstelling aan verskillende geheuetegnieke
- Wenke vir voor en gedurende eksamens, soos:
  - voorbereidingswenke en -slaggate;
  - wenke vir tempobestuur;
  - maniere om verskillende soorte vrae te beantwoord (vraag- en woordontleding); en
  - stresbestuur voor en tydens eksamens.

## SELFONTWIKKELING

**Werksessie:** Selfbestuur (i-App)
**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-student
**Afdeling/fakulteit:** Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling, US
**Duur:** 1 uur
**Leweringsmodus:** Aanlyn of kontaksessie
**Kontakpersone:** Me A Welgemoed/Mev M Denyssen
**Kontakbesonderhede:** studysuccess@sun.ac.za
**Website:** http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/student-affairs/cscd/academic-counselling/work-sessions

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Hierdie werksessie fokus op:

- Holistiese selfontwikkeling
- Ontwikkeling van vaardighede en strategieë wat studente benodig

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Om jouself te leer ken is 'n slim plan! Die sessie is daarop ingestel om selfbewussyn te verdiep en deelnemers daartoe te begelei om persoonlikheidseienskappe uit te ken en te sien hoe dit gedrag beïnvloed. Voed jou selfdunk deur oor jou unieke sterk punte, waardes en dryfvere te besin. Verstaan hoe selfaanvaarding aan identiteit kan vorm gee, en verken die voordele van metakognisie om jou selfontwikkelingsreis te verryk.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Stel doelwitte vir akademiese en persoonlike sukses
- Besin oor jou eie dryfvere wat jou sal help om nugter oor jou akademiese behoeftes te wees
- Kyk na welstandpraktyke om gesonde selfbestuur te bevorder
- Kyk na die voordele van welwees
- Verstaan die begrip 'metakognisie' en hoe dit op verbeterde selfbestuur van toepassing is.



## STRESBESTUUR

**Werksessie:** Navigeer stres
**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-student
**Afdeling/fakulteit:** Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling, US
**Duur:** 1 uur
**Leweringsmodus:** Aanlyn of kontaksessie
**Kontakpersone:** Me A Welgemoed/Mev M Denyssen
**Kontakbesonderhede:** studysuccess@sun.ac.za
**Webtuiste:** http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/student-affairs/cscd/academic-counselling/work-sessions

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Hierdie werkswinkel fokus op die volgende:

- Kweek bewustheid van stres en die impak wat dit mag hê
- Ontwikkel stresbestuurstegnieke

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Voel jy oorweldig deur stres? Moenie dat dit jou terughou nie! Woon hierdie sessie by en rus jouself toe met praktiese wenke om gesonder meganismes te ontwikkel om stres te hanteer, stres te oorkom en vrede in jou gemoed te herstel. Kry dieper insig in jou unieke stresreaksies deur te leer hoe om fisieke, emosionele, geestelike en gedragsaanwysers van stres uit te ken. Daarby verwerf studente waardevolle kennis oor wanneer om professionele intervensie op te soek om stres te verlig.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Raak bewus van jou huidige stresbestuurstrategieë
- Verstaan die verskil tussen goeie en slegte stres
- Verstaan stresreaksie
- Verbeter huidige stresbestuurstrategieë, brei dit uit en pas dit aan.

## STUDIEVAARDIGHEDE

**Werksessie:** Verbeter jou studievaardighede
**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-student
**Afdeling/fakulteit:** Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling, US
**Duur:** 1 uur
**Leweringsmodus:** Aanlyn of kontaksessie
**Kontakpersone:** Me A Welgemoed/Mev M Denyssen
**Kontakbesonderhede:** studysuccess@sun.ac.za
**Webtuiste:** http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/student-affairs/cscd/academic-counselling/work-sessions

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Hierdie werkswinkel fokus op die volgende:

- Besinning oor huidige studiestrategieë
- Leer van ander hulpmiddels en vaardighede
- Kyk na verskillende faktore wat beïnvloed hoe 'n mens leer – soos leerstyl, stres en organisering

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Het jou studiemetodes 'n hupstoot nodig? Sluit aan by hierdie sessie wat ontwerp is om oor jou huidige strategieë te besin. Verken goed nagevorsde studietegnieke wat vir universiteitstudente aangepas is en kry 'n mededingende voorsprong in jou studies. Neem deel aan interessante besprekings oor leerstyle, sensoriese voorkeure en hoe breinfunksionering die studieproses van verskillende individue beïnvloed. Kry waardevolle insigte oor doeltreffende metodes om notas af te neem, organiseringstegnieke vir optimale produktiwiteit, hoe om fokus tydens studiesessies te behou, retensietegnieke vir 'n beter geheue, en hoe om 'n doeltreffende werkspoed te handhaaf terwyl jy al jou kursusse moet hanteer.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Raak bewus van huidige leerstrategieë
- Bevorder huidige leerbenadering, brei dit uit en pas dit aan.

## TYDBESTUUR

**Werksessie:** Beplan jou tyd
**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-student
**Afdeling/fakulteit:** Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling, US
**Duur:** 1 uur
**Leweringsmodus:** Aanlyn of kontaksessie
**Kontakpersone:** Me A Welgemoed/Mev M Denyssen
**Kontakbesonderhede:** studysuccess@sun.ac.za
**Webtuiste:** http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/student-affairs/cscd/academic-counselling/work-sessions

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Hierdie werkswinkel fokus op die volgende:

- Vorm 'n beter begrip van eie tydbestuurstrategieë
- Leer oor ander bestuursbenaderings

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Wat verhoed dat jy jou tyd doeltreffend gebruik? Hierdie werksessie is ontwerp om jou te help om jou huidige tydbestuur beter te verstaan en slimmer maniere te ontdek om jou tyd doeltreffender te prioritiseer, te skeduleer en te beplan. Die doel is om jou te bemagtig sodat jy jou tydbestuursvaardighede kan optimeer vir 'n gesonde ewewig tussen werk en ander aspekte van die lewe. Jy sal waardevolle tegnieke en strategieë leer om die manier waarop jy jou tyd bestuur aan te pas, te vervang of te verbeter, wat jou in staat stel om jou waardevolle hulpbron – tyd – ten beste te benut.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Raak bewus van jou huidige tydbestuurstrategieë
  - Wat werk goed? Wat werk nie meer so goed nie?
  - Wat keer dat jy jou tyd beter bestuur?
- Verbeter huidige benadering tot tydbestuur, brei dit uit en pas dit aan





## EENHEID VIR GESTREMDHEDE

## LEI MET GESTREMDHEID-PROGRAM

**Toelatingsvereistes:** Geen
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 6 weke (1 een-uur-sessie per week)
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersoon:** Lizelle Apollis
**Kontakbesonderhede:** ferus1@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Dit is van die allergrootste belang dat ons die gedagte van 'n inklusiewe samelewing ondersteun – in die Universiteit Stellenbosch- (US-) gemeenskap en die samelewing in die algemeen. Dit maak deel uit van ons strewe na sosiale geregtigheid in SA. Daar is 'n aansienlike getal studente (en personeel) wat die een of ander gestremdheid het en wat aan die US studeer en in Stellenbosch en omgewing woon. Die werksessie bied alle studente geleentheid om oor gestremdhede en universele toegang te gesels en by mekaar te leer. Saam streef ons daarna om struikelblokke uit die weg te ruim, ingesteldhede te verander en bewustheid te skep oor belangrike onderwerpe (wat nie dikwels opgehaal word nie) en universele toegang na almal uit te brei.
- Ruimtes en omgewings is tradisioneel nie ontwerp met die behoeftes van mense met gestremdhede in gedagte nie. Gevolglik kom mense met gestremdhede wat dienste of ruimtes op kampus wil gebruik, dikwels voor versperde toegang te staan in die vorm van ontoeganklike fasiliteite en toerusting, ontoeganklike vervoer en dienste, en versperrings vir kommunikasie.
- Gegewe die bestaande uitdagings in ons omgewing is dit belangrik om redelike akkommodering sowel as progressiewe verwerkliking te oorweeg as maniere om ons Ervaringgerigte leer en Ervaringgerigte leer ruimtes te navigeer in ons strewe daarna om universeel toeganklik te wees.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

Na afloop van hierdie sessies behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

1. Herken praktyke en ingesteldhede wat tot inklusiwiteit of eksklusiwiteit aanleiding gee.
2. Is sterker bewus van die toeganklikheid van ruimtes, dienste en inligting.
3. Is bewus van gestremdheid en funksionaliteit.
4. Kan normaalweg omgaan met persone met gestremdhede.
5. Is sterker bewus van ondersteunende tegnologie.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

**Sessie 1: Inleiding tot gestremdheid**

Na afloop van hierdie sessie behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Verstaan wat gestremdheid is.
- Kan verskillende dinge herken wat 'n mens rakende gestremdheid moet doen of nie moet doen nie.

**Sessie 2: Validisme (Eng. ableism)**

Na afloop van hierdie sessie behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Het 'n ander persepsie oor wat 'normaal' is en beleef gestremdheid anders.
- Kan verskillende gestremdhede volgens kenmerke onderskei.

**Sessie 3: Algemene gestremdhede, bevooroordeeldheid en stereotipes**

Na afloop van hierdie sessie behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Is bewus van hoe om met mense met gestremdhede om te gaan.
- Dink krities en besin oor stereotipiese en bevooroordeelde gedagtes, ingesteldhede en optrede.
- Evalueer ingesteldhede en gedrag, en pas dit aan, deur na te dink oor aangeleerde en geleerde ervarings rakende mense met gestremdhede.

**Sessie 4: Gaan om met gestremdheid**

Na afloop van hierdie sessie behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Gaan om met mense met gestremdhede en verstaan wat dit behels.

**Sessie 5: Progressiewe verwerkliking, redelike akkommodering en universele ontwerp**

Na afloop van hierdie sessie behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Verstaan die begrippe 'progressiewe verwerkliking', 'redelike akkommodering' en 'universele ontwerp' met betrekking tot die skep van toeganklike omgewings.
- Kan insluitende en uitsluitende praktyke in die omgewing uitken.
- Adviseer en besin oor redelike akkommodering en universele ontwerp in 'n bepaalde omgewing deur die sewe beginsels van universele ontwerp toe te pas.
- Is bewus van universele ontwerp vir leer.

**Sessie 6: Toeganklikheid en hulptegnologie**

Na afloop van hierdie sessie behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Identifiseer toeganklikheids- en verskillende ondersteuningsmaatreëls vir elke gestremdheid.
- Is sterker bewus van hulptegnologie.

## EENHEID VIR GRADUANDI-LOOPBAANDIENSTE

## HOE OM 'N CV TE SKRYF

**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 1 uur en 15 minute per sessie
**Leweringsmodus:** Aanlyn
**Kontakpersoon:** Thobeka Msi
**Kontakbesonderhede:** stm@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Rus deelnemers met die regte kennis en vaardighede, onderlê deur 'n sterk fokus op persoonlike bemeestering sodat hulle in staat is om hulle eie stel vaardighede en loopbaanvooruitsigte ooreenkomstig die immer veranderende werklandskap aan te pas.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Skryfvaardighede vir CV's

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Lewer bewys van professionele vaardighede in die ontwerp van toegespitste CV's wat aan die verwagtings van voornemende werkgewers voldoen.

## KOM IN KONTAK MET DIE BEDRYF DEUR PORTUURLEIERSKAP

**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 7 maande (Januarie – Augustus)
**Leweringsmodus:** Aanlyn
**Kontakpersoon:** Thobeka Msi
**Kontakbesonderhede:** stm@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is julle oogmerke?)

- Rus die Uitvoerende Komitee van die studenteleierskap met aanstellingsgereedheid toe deur doelbewuste opleiding van vakmateriaal te verskaf wat trapsgewys ingerig word sodat hulle hulself en hulle portuurs doeltreffend en krities in die samelewing kan posisioneer met praktiese kennis ter voorbereiding op die werkswêreld.
- Bemagtig die Uitvoerende Komitee van die studenteleierskap om krities te besin oor en die gaping tussen die konsultasiebedryf en universiteitstudente raak te sien sodat hulle daaroor kan nadink en die vaardigheid van portuur-evaluering kan hê om die instrumente, hulpbronne en opleiding te identifiseer wat studente benodig om suksesvol by die bedryf betrokke te raak.
- Inisieer verteenwoordigende studentebetrokkenheid binne die konsultasiebedryf sodat studente met die nodige instrumente toegerus kan word om by konsultasiefirmas betrokke te raak ter voorbereiding op vooruitsigte vir indiensneming. Sodoende kan lede van die leierskorps toegang tot mededingende inligting en hulpbronne kry om te verseker dat hulle aanpasbaar en deelnemend in die Suid-Afrikaanse werksomgewing is.
- Stel die US in staat om 'n kanaal te skep vir studente om by die konsultasiebedryf betrokke te raak sodat hulle beweeglik, aanpasbaar en responsief in die Suid-Afrikaanse werkswêreld kan wees, om hulle vaardighede as US-gegradueerdes te vertoon.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Ontwikkel sleutelvennootskappe met vennootfirmas.
- Organiseer en verskaf aan lede toegang tot werkswinkels oor loopbaan- en vaardigheidsontwikkeling, geleenthede en gassprekerpraatjies.
- Bied aan lede geleentheid om deur interaktiewe gevallestudies en konsultasiekompetisies tersaaklike probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van hierdie sessie behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Toon dat hulle hul persoonlike sterk punte en vaardighede begryp deur blootstelling aan loopbaankartering, sodat hulle getuienisgebaseerde terugvoer by beplanningsvergaderings kan verskaf.
- Formuleer samewerkende verhoudinge met interne en eksterne belanghebbendes sodat hulle aan studente kan geleentheid bied om met firmas te skakel en sodoende insig te kry in hoe om vir 'n konsultasie-onderhoud voor te berei.
- Pas die beginsels van portuur-ondersteuning toe, aangesien hulle raadgewende ondersteuning, hulpbronne, rigting, terugvoer, kritiek en verwysings aan studente sal verskaf in die vorm van kontak met konsultasiefirmas by geleenthede.

## ONDERHOUDVAARDIGHEDE

**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 1 uur en 15 minute per sessie
**Leweringsmodus:** Aanlyn
**Kontakpersoon:** Thobeka Msi
**Kontakbesonderhede:** stm@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Dra vaardighede oor sodat deelnemers:

1. Kan verskillende tipes onderhoude op verskillende platforms (digitale platforms ingesluit) hanteer.
2. Kan op algemene maar moeilike vrae reageer wat gunstelinge onder die meeste werkgewers is, sonder om bedreig te voel.
3. Vors die regte inligting op die regte plekke na om aan voornemende werkgewers bewys te lewer dat hulle belangstel in die maatskappye by wie hulle aansoek doen.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Vaardige onderhoudvoering

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Lewer bewys van voorbereidheid deur vroegtydig navorsing te doen, skep 'n goeie indruk deur betyds op te daag, neem deel tydens virtuele vergaderings en bied dit goed aan, stel die regte vrae en boei die onderhoudvoerders se aandag vir die volle duur van die onderhoud.
- Pas die STARR/E-benadering toe om op bevoegdheidgebaseerde vrae te reageer.
- Toon begrip van spelifiëring wat deur ander werwers gebruik word en gebruik digitale werwingsplatforms (soos HireVue) met gemak.
- Oortuig voornemende werkgewers dat hulle perfek by die posisie en die kultuur sal inpas.

## OPTIMEER JOU LINKEDIN-PROFIEL

**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 1 uur en 15 minute per sessie
**Leweringsmodus:** MS Teams
**Kontakpersoon:** Thobeka Msi
**Kontakbesonderhede:** stm@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

Hierdie werksessie het ten doel om die deelnemers te help om:

1. Verstaan hoe belangrik 'n aanlyn professionele profiel (op LinkedIn) te hê en watter voordele dit inhou.
2. Weet watter inhoud moet hulle in hul LinkedIn-profiel verskaf – en in watter afdelings – en hoe om gesprekke te begin en met ander professionele persone op die platform te skakel.
3. Wees op soekenjin-optimering ingestel en werk daaraan om soekbaar te raak en 'n denkleier te wees; en lewer bewys van daardie vaardigheid op LinkedIn.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Ontwikkel sleutelvennootskappe met vennootfirmas.
- Organiseer en verskaf aan lede toegang tot werkswinkels oor loopbaan- en vaardigheidsontwikkeling, geleenthede en gassprekerpraatjies.
- Bied aan lede geleentheid om deur interaktiewe gevallestudies en konsultasiekompetisies tersaaklike probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van hierdie module behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Toon dat hulle hul persoonlike sterk punte en vaardighede begryp deur blootstelling aan loopbaankartering, sodat hulle getuienisgebaseerde terugvoer by beplanningsvergaderings kan verskaf.
- Formuleer samewerkende verhoudinge met interne en eksterne belanghebbendes sodat hulle aan studente kan geleentheid bied om met firmas te skakel en sodoende insig te kry in hoe om vir 'n konsultasie-onderhoud voor te berei.
- Pas die beginsels van portuur-ondersteuning toe, aangesien hulle raadgewende ondersteuning, hulpbronne, rigting, terugvoer, kritiek en verwysings aan studente sal verskaf in die vorm van kontak met konsultasiefirmas by geleenthede.

## DIE BOU VAN 'N PERSOONLIKE HANDELSMERK

**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Studentesake
**Duur:** 1 uur en 15 minute per sessie
**Leweringsmodus:** MS Teams
**Kontakpersoon:** Thobeka Msi
**Kontakbesonderhede:** stm@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

1. Rus deelnemers toe met kennis en begrip van persoonlike handelsmerking.
2. Help studente verstaan wat die doel/oogmerk van persoonlike handelsmerking is.
3. Stel hulle in staat om die belang van persoonlike handelsmerking in enige werksomgewing in te sien.
4. Riglyne om 'n persoonlike handelsmerk te bou.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Persoonlike handelsmerking

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Het 'n digitale voetspoor (op sosiale en professionele platforms) wat die aandag van kontakte en voornemende werkgewers trek.
- Werk voortdurend daaraan om hulle persoonlike handelsmerk, wat hulle outentieke identiteit weerspieël, by te werk en te verbeter.
- Laat 'n digitale voetspoor wat indruk maak.



# Sentrum vir Onderrig en Leer

Welkom by die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL).

Die SOL se primêre rol is die professionele leer van akademici aan die Universiteit van Stellenbosch (US) wat hulle onderrigrol betref.

Die SOL bied 'n **gratis** geleentheid aan **alle** tutors (demi's en module-, leer-, onderrig- en assesseringsassistente) om 'n opwindende opleidingsgeleentheid – Leerfasilitering deur portuurs – by te woon. Deelnemers kan hierdie kortkursus teen hulle eie tempo voltooi en het tot 13 weke om dit te doen (dit hang van die persoon se inskrywingsdatum af) of soos deur hulle departement/fakulteit aangedui.

**Verdere inligting:**
**Kontakpersoon:** Sim Ntwasa by sim@sun.ac.za of die tutorkoördineerder in jou fakulteit/departement
**Algemene navrae:** 021 808 3717
**Webtuiste:** https://www.sun.ac.za/afrikaans/learning-teaching/ctl/Pages/default.aspx

## PORTUURFASILITERING

**Toelatingsvereistes:** Studente wat as portuurfasiliteerders (demi's of module-, onderrig-, leer- of assesseringsassistente) by fakulteite aangestel is
**Afdeling/fakulteit:** Afdeling Leer- en Onderrigverryking
**Duur:** Maart – Mei (1ste semester) en Julie – September (2de semester)
**Leweringsmodus:** Aanlyn
**Kontakpersoon:** Mej Johara Khan
**Kontakbesonderhede:** joharak@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Vul enige portuuropleiding aan wat op institusionele, departementele of fakulteitsvlak bestaan, met die fokus op praktiese, algemene fasilitering van leervaardighede soos hoe om 'n samewerkende en bemoedigende atmosfeer te skep, deelnemers om insette en terugvoer te vra, aktief te luister, kritiese denkvaardighede en deelname aan te moedig deur kritiese vrae te stel, en om probleemoplossing en besluitneming aan te moedig.
- Skep 'n gemeenskap van leerfasiliteerder-portuurs wat by mekaar kan leer, veerkragtig en aanpasbaar is, grense kan stel, weet hoe om die ontwikkeling van hulle studente te bevorder en daartoe in staat is om praktiese vaardighede toe te pas sodat hulle die nodige selfversekerdheid het wat vir hulle eie ontwikkeling as leerfasiliteerder-portuurs nodig is.
- Maksimeer die voordele van leerfasilitering deur portuurs aan die Universiteit sodat leerfasiliteerder-portuurs sal gradueer as betrokke, dinamiese en professionele leiers wat hulle interpersoonlike kommunikasie, sosiale intelligensie en persoonlike leierskap verbeter het.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Leereenheid 1: Die rolle en verantwoordelikhede van 'n portuurfasiliteerder
- Leereenheid 2: Kontakpersone vir ondersteuning
- Leereenheid 3: Ontwikkel professionaliteit en administratiewe en tegniese vaardighede
- Leereenheid 4: Hoe leer en kommunikasie gefasiliteer word
- Leereenheid 5: Bestuur jou stres en tyd
- Leereenheid 6: Skep assesseringsgeleenthede
- Leereenheid 7: Nasien van assesseringsgeleenthede

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van hierdie kursus behoort deelnemers tot die volgende in staat te wees:

- Lê professionaliteit aan die dag in die uitvoering van hulle verantwoordelikhede rakende die administrasie van leerfasilitering deur portuurs in die US-omgewing.
- Verwys, verskaf terugvoer en begelei die portuurs wat deur hulle getutor word sodat leerfasiliteerder-portuurs sal gradueer as betrokke, dinamiese en professionele leiers wat hulle interpersoonlike kommunikasie, sosiale intelligensie en persoonlike leierskap verbeter het.
- Raak betrokke by samewerkende leer en begelei hulle portuurs tot dieper en kritiese denke deur portuurfasilitering van leervaardighede toe te pas in virtuele of mondelinge besprekings met die portuurs vir wie hulle fasilitering doen.
- Beoefen veerkragtigheid en aanpasbaarheid in uitdagende situasies as gevolg van blootstelling aan 'n verskeidenheid situasies met individue en groepe uit uiteenlopende agtergronde.
- Stel strategieë vir tyd- en stresbestuur in werking om die verantwoordelikhede van 'n student en 'n leerfasiliteerder-portuur in ewewig te hou.



# Afdeling: Sosiale Impak/Sentrum vir Betrokke Burgerskap

Die Afdeling Sosiale Impak (ASI) dien as die US se eerste verwysingspunt vir personeel, studente en vennote wat betrokke wil wees in Sosiale Impak. Die ASI onderneem nie inisiatiewe nie, maar verskaf advies, leiding en ondersteuning en fasiliteer betrokkenheid.

**Verdere inligting:** Afdeling Sosiale Impak Michelle Pietersen
**Kontak:** mpieters@sun.ac.za
**Besoek:** (Afdeling Sosiale Impak) https://www.sun.ac.za/si/af-za/Pages/Division-for-Social-Impact.aspx

## AKTIVEER BETROKKE BURGERSKAP

### (GELEENTHEID VIR KO-KURRIKULÊRE ERKENNING VIR STUDENTE WAT AAN ALLE VEREISTES VOLDOEN)

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-student
**Afdeling/fakulteit:** Sosiale Impak
**Duur:** 1 jaar
**Leweringsmodus:** Persoonlik of virtueel
**Kontakpersoon:** Michelle Pietersen
**Kontakbesonderhede:** mpieters@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Vervul gemeenskapsbehoeftes deur diens- en ontwikkelingsprogramme.
- Benut die studente, kollegas en kundigheid wat aan die Universiteit Stellenbosch (US) beskikbaar is, sowel as hulpbronne van buite die US.
- Verskaf 'n organisatoriese raamwerk vir interkulturele betrokkenheid by gemeenskapsdiens en ontwikkeling op die US-kampus.
- Kweek 'n wedersydse verhouding tussen die Universiteit en die gemeenskap sodat die US se werk verryk word, gemeet aan Visie 2040, en die omringende gemeenskap 'n leeromgewing word, en die Universiteit 'n hulpbron waaruit die gemeenskap kan put.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Aanlyn kursus vir alle leiers om betrokke burgerskap te bevorder: Dit is nie net 'n unieke geleentheid om kritiese vaardighede te verwerf nie, maar ook om daardie vaardighede op deelnemers se vakgebied en op 'n nasionale virtuele platform vir vrywilligers toe te pas.
- Stel begrotings op, beplan projekte en verkry hulpbronne vir die jaar wat voorlê.
- Innovasie en die voortbrenging van skeppende idees.
- Beplan en berei voor vir Sosiale Impak-oggend, huiskomiteevergaderings.
- Hou Gemeenskapsinteraksie-oggend – vergesel eerstejaars na die projekte; bekendstelling van nuwe projekte.
- Verrig reklameaktiwiteite en werwing.
- Opleidingsmodule: Betrokke burgerskap.
- Doen projekskakeling met gemeenskap via virtuele vrywilligersplatform.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Verstaan die begrippe, beginsels en leierskap wat met gemeenskapsbetrokkenheid gepaardgaan.
- Skryf 'n projekvoorstel en stel 'n begroting op, berei dit voor en lê dit voor.
- Skryf 'n gemeenskapsplan en stel 'n gemeenskapsbegroting op, en bestuur en begelei die vrywilligers tydens 'n gemeenskapsoggend.
- Ontwikkel interkulturele kommunikasievermoë – skriftelike, mondelinge en luistervaardighede in interkulturele verband.
- Ontwikkel 'n praktyk van besinning as hulpmiddel vir lewenslange leer en selfgestuurde verbetering. Ontwikkel selfbewussyn en interpersoonlike vaardighede (Interkulturele betrokkenheid, persoonlike en interpersoonlike vaardighede.
- Bied 'n nadenkende opstel aan wat die noodsaaklikheid en belangrikheid van die dekolonisering van kennisraamwerke en die voordele van 'baie stories' krities ondersoek om ondersoekendheid en verbeelding, beweeglikheid en aanpasbaarheid, ensovoorts, aan te wakker.

## ERVARINGGERIGTE LEER AANBOD: AKTIVEER BETROKKE BURGERSKAP

**Toelatingsvereistes:** Ingeskrewe US-student
**Afdeling/fakulteit:** Sosiale impak
**Duur:** 1 jaar
**Leweringsmodus:** Persoonlik of virtueel
**Kontakpersoon:** Michelle Pietersen
**Kontakbesonderhede:** mpieters@sun.ac.za
**Getal studente wat in 2023 voltooi:** 61

| KOSHUIS/PSO/VERENIGING | BESKRYWING VAN PROJEKTE | VOLHOUBARE ONTWIKKELINGSDOELWITTE |
|---|---|---|
| Academia (koshuis) | HOOP-toer: Ons langtermynprojek is om in die Desembervakansie 'n HOOP-toer deur Afrika te onderneem en nuwe vaardighede aan te leer en nuwe mense te ontmoet. Verskeie geldinsamelings word die hele jaar deur gehou om die toer te finansier.<br>Ander inisiatiewe sluit in skenkingsveldtogte en vrywilligerwerk by die Dierewelsynsvereniging van Stellenbosch.. | Omgewing en volhoubaarheid, voedselsekerheid en gesondheid.. |
| Aurora en Pieke (PSO's) | Strandopruimings: Die opruimings sluit 'n wedstryd in waar die groep wat die meeste vullis optel, wen.<br>Tuinmaak: Aurora PSO en Pieke PSO bewerk saam 'n tuin, wat hulle sal oes om 'n sopkombuis op die been te bring.<br>Ander inisiatiewe sluit in gereelde besoeke aan die Dierewelsynsvereniging van Stellenbosch en die insameling van senior studente se items wat nuwe studente die volgende jaar kan gebruik. | Omgewing en volhoubaarheid, voedselsekerheid en gesondheid. |
| Capri (PSO) | Ons inisiatiewe sluit in skenkingsaksies vir niebederfbare items, 'n toebroodjieveldtog, en besoeke aan Azaleahof. Ons beplan om die spens vol te maak en 'n dansfonds op die been te bring vir studente wat dit nie kan bekostig om danse by te woon nie. | Voedselsekerheid en gesondheid |
| Dagbreek (koshuis) | Die Daggies vir Daggies-projek behels onder meer 'n skenkingsbus in die koshuis. Ons hou skryfbehoeftes-insamelings vir plaaslike skole, sowel as 'n winterklere- en sanitêredoekieveldtog.<br>Ander inisiatiewe sluit in 'n CV-skryfsessie, rivieropruimings, en gereelde besoeke aan die Ark ('n jare lange sosiale-impakvennoot). | Onderwys vir almal, sosiale en gendergeregtigheid, omgewing en volhoubaarheid. |
| Eendrag (koshuis) | Laerskool Rietenbosch: Ons bou 'n boekrak en hou 'n boekinsameling vir die skool in samewerking met Lydia- en Serruria-koshuis.<br>Calling Academy: Ons doen gereelde instandhoudingswerk vanaf die eerste tot die derde kwartaal.<br>Oorbruggingsfonds: 'n Fonds in samewerking met die alumniportefeulje om NSFAS-studente by te staan.<br>Verskeie sanitêredoekieveldtogte: Ons hou verskeie sanitêredoekieveldtogte in samewerking met Students for Law and Social Justice. | Onderwys vir almal, sosiale en gendergeregtigheid, hulpbronne en infrastruktuur. |
| eNkanyini (koshuis) | Ons het 'n jaar lange spensprojek in samewerking met die ander koshuise en PSO's op Tygerbergkampus. Ander inisiatiewe sluit in skenkings van laboratoriumjasse en dissekteerstelle, en 'n skenkingsbus waarin studente wat afstudeer hulle items kan los.<br>Eko-staproete: Studente moet sanitêre produkte as 'n toegangsfooi skenk.<br>Selfverdedigingsklasse: In samewerking met ons kluster en die Dekaan se Advieskomitee oor Volhoubaarheid.<br>Praatjies oor menstruele gesondheid en paneel oor seksuele gesondheid: Aan die einde van die paneel/praatjie sal menstruele koppies uitgeloot word. | Voedselsekerheid en gesondheid, sosiale en gendergeregtigheid, omgewing en volhoubaarheid, onderwys vir almal. |
| Equité PSO | Ons inisiatiewe sluit in 'n toebroodjieveldtog vir die nagskuiling, en die insameling van sanitêre doekies as toegangsfooi vir sosiale geleenthede. | Voedselsekerheid en gesondheid, sosiale en gendergeregtigheid. |
| Erica (koshuis) | Ons hou vroeg in die jaar 'n toebroodjieveldtog vir die nagskuiling.<br>Tutor-inisiatiewe: Tutors gee klas by die Kayamandi Legacy Centre en die Gemeenskapsleersentrum.<br>Jessé Keet-crèche: Ons bring tyd saam met die kinders deur vir Sosiale Impak-oggend, en ons knap hulle speelterrein op. | Voedselsekerheid en gesondheid, onderwys vir almal, hulpbronne en infrastruktuur. |
| Goldfields (koshuis) | Ons hou 'n insameling om die Jess Foord-stigting met 24 sakke vol items vir vroue te ondersteun. Die Jess Foord-stigting help verkragtingslagoffers om weer op die been te kom. | Sosiale en gendergeregtigheid |
| Harmonie (koshuis) | Volhoubaarheid: 'n Volhoubaarheidsmodeparade, samewerking met UNASA, strandopruimings, en praatjies oor klimaatsverandering. | Omgewing en volhoubaarheid.. |
| Heemstede (koshuis) | Vroueskuiling: Maak pakkies op vir die skuiling.<br>Ander inisiatiewe sluit in 'n koskas en die insameling van sanitêre doekies as toegangsfooi vir sosiale geleenthede. | Sosiale en gendergeregtigheid, voedselsekerheid en gesondheid.. |
| Helderberg (koshuis) | Ons bou aan 'n langtermynverhouding met Huis Horison. Ons hou ook toebroodjie-, kombers- en klereveldtogte saam met ander koshuise en PSO's, en werk saam met Ingenieurs Sonder Grense op skooluitstappies. | Voedselsekerheid en gesondheid, sosiale en gendergeregtigheid. |
| Helshoogte (koshuis) | Tweeweeklikse toebroodjieveldtog: Dit vind plaas in die eetsaal op elke vloer.<br>Omgeebus: 'n Bus in die eetsaal waar inwoners niebederfbare kositems en toiletware kan kry.<br>Verskillende aksies die hele jaar deur: insameling van geblikte kos en sop, mansklere en komberse (vir die nagskuiling).<br>Skootrekenaars vir hoop: Ons soek na borge om skootrekenaars aan 'n sosiale-impak-organisasie te skenk. | Voedselsekerheid en gesondheid, sosiale en gendergeregtigheid. |
| Hippokrates (koshuis) | Besoeke aan gemeenskapshospitale: Ons doen aktiwiteite met die kinders, soos om te lees en legkaart te bou.<br>Skryfbehoefteveldtogte: Die skryfbehoeftes word aan minderbevoorregte skole in die omgewing van Kaapstad geskenk.<br>In die koshuis hou ons sanitêredoekieveldtogte en klere-insamelings. | Onderwys vir almal, sosiale en gendergeregtigheid. |

| KOSHUIS/PSO/VERENIGING | BESKRYWING VAN PROJEKTE | VOLHOUBARE ONTWIKKELINGSDOELWITTE |
|---|---|---|
| Huis Francie van Zijl (koshuis) en Osler (PSO) | Praatjies oor vroulike higiëne en seksuele gesondheid: Die praatjies vind by Hoërskool Parow en Laerskool Kalkfontein plaas.<br>Loopbaandag/-beplanning: Ons vergesel leerders van Hoërskool Parow op 'n toer van die kampus, en by Laerskool Kalkfontein bied ons 'n potplantsessie aan en laat leerders briewe aan hulle toekomstige self skryf. | Onderwys vir almal, sosiale en gendergeregtigheid. |
| Huis ten Bosch (koshuis) | HTB-'inkopielys': 'n Vorm wat inwoners kan invul vir wat hulle ook al nodig het. Pannekoekaande in die koshuis help om die lys te finansier.<br>Sopprojek: Inwoners skenk bestanddele en pak sopflesse vir 'n sopkombuis. | Voedselsekerheid en gesondheid. |
| Lydia (koshuis) | Boekveldtog vir Laerskool Rietenbosch: Boeke word ingesamel en aan die skoolbiblioteek oorhandig.<br>Kolwyntjiedag by Laerskool Rietenbosch: 'n Kolwyntjiedag met die graad 1's waar elke leerder hulle eie kolwyntjie kan versier.<br>Karnavaldag by Laerskool Rietenbosch: Leerders in graad 4 en 5 speel karnavalspeletjies met soet bederfies.<br>Lydia vir Lydia: 'n Spens in die koshuis, en 'n sanitêredoekieveldtog. | Onderwys vir almal, sosiale en gendergeregtigheid. |
| Majuba (koshuis) | Ons inisiatiewe sluit in 'n toebroodjieveldtog vir Feeding in Action, sanitêredoekieveldtogte, en interne inisiatiewe vir voedselsekerheid, klere en boeke. | Voedselsekerheid en gesondheid, sosiale en gendergeregtigheid. |
| Meerhoff (koshuis) | Ladles of Love: 'n Toebroodjieveldtog vir dié organisasie sonder winsoogmerk.<br>Polar Bear Plunge-aktiwiteit: Blikkieskos word as 'n toegangsfooi vir dié winteraktiwiteit ingesamel. | Voedselsekerheid en gesondheid. |
| Metanoia (koshuis) | Skuiling: Ons samel formele drag in wat mense in die skuiling vir haweloses vir werksonderhoude kan dra.<br>Ander inisiatiewe sluit in sanitêredoekie-, skryfbehoefte- en toebroodjieveldtogte sowel as tutorklasse by die Kayamandi Legacy Centre. | Werksgeleenthede en inklusiewe ekonomiese ontwikkeling, onderwys vir almal, sosiale en gendergeregtigheid. |
| Nemesia (koshuis) | Inkathalo-projek: 'n Spensprojek in die koshuis. Ander inisiatiewe sluit in toebroodjieveldtogte, insamelings van winterklere en niebederfbare kos, en sanitêredoekieveldtogte. | Voedselsekerheid en gesondheid, sosiale en gendergeregtigheid. |
| Nerina (koshuis) | Samewerking met Kwikspar: Kosinsamelings vir hawelose mense en behoeftes in die koshuis.<br>Kayamandi Legacy Centre: Akademiese bystand, gesondheidspraatjies, en aanbieding van 'n sportdag. | Voedselsekerheid en gesondheid, onderwys vir almal.. |
| Oude Molen (PSO) | Ons het die hele jaar deur verskeie aktiwiteite, soos die skenking van koskoepons aan die nagskuiling, opruiming by die Dierewelsynsvereniging van Stellenbosch, hulp by Froggies-dagsorg, en hondekosinsamelings. | Omgewing en volhoubaarheid, onderwys vir almal, voedselsekerheid en gesondheid. |
| Pieke (PSO) | Ons bewerk 'n kostuin saam met die PSO Aurora.<br>Vennootskap met Moslemstudentevereniging (MSA): Hou 'n geleentheid aan die einde van Ramadaan. MSA verkoop kolwyntjies en skenk die geld aan 'n liefdadigheidsorganisasie.<br>Pieke4Pieke-fonds: Help studente aan PSO-geleenthede deelneem wanneer hulle dit nie self kan bekostig nie. | Omgewing en volhoubaarheid, sosiale en gendergeregtigheid. |
| Serruria (koshuis) | Serruria-spens: Sluit kos, beddegoed, klere, handboeke, skryfbehoeftes, gereedskap, sanitêre produkte en skoene in.<br>Toebroodjieveldtog: Die toebroodjies is vir Feeding in Action en die nagskuiling.<br>Hanna Charity and Empowerment Foundation: Ons skep vir hulle hulpbronne oor geestesgesondheid. | Sosiale en gendergeregtigheid, voedselsekerheid en gesondheid. |
| Silene en Oude Molen (PSO's) | Dierewelsynsvereniging van Stellenbosch: Ons besoek Saterdae die Dierewelsynsvereniging van Stellenbosch om met die honde te stap en om op te ruim in samewerking met die PSO Oude Molen.<br>Froggies-nasorg: 'n Nasorgklub elke Dinsdag- en Woensdagmiddag in samewerking met die PSO Oude Molen.<br>Klere-uitruilgeleentheid: Hierdie geleentheid vind elke semester plaas en is oop vir die Stellenboschgemeenskap. Items wat nie opgeëis word nie, word aan die skuiling geskenk. | Omgewing en volhoubaarheid. |
| Simonsberg (koshuis) | Ons hou interne bewusmakingsveldtogte oor borskanker en lê kwartaalliks besoek af by Laerskool St. Idas. | Onderwys vir almal, sosiale en gendergeregtigheid, voedselsekerheid en gesondheid. |
| Venustia (PSO) | Samewerking met Lisa Educentre: Ons bied bystand aan die sentrum en het 'n jaar lange vennootskap.<br>Verskeie veldtogte: kosinsameling in die koshuis, 'n bloedskenkveldtog, en 'n sanitêredoekieveldtog. | Onderwys vir almal. |
| Wilgenhof (koshuis) | Coke and Buns-inisiatief: Kos word aan die nagskuiling geskenk.<br>Kayamandi-uitreik: Ons help met instandhouding, herstelwerk, speel sport en skakel met die gemeenskap | Voedselsekerheid en gesondheid, sosiale en gendergeregtigheid. |
| Tygerberg-studenteraad | Sop-inisiatief: Werk saam met Tygerberg-gemeenskapstuine en Ladles of Love-sopkombuis om sop te maak en te bedien.<br>Menseregtedag: 'n Optog word op Tygerbergkampus gehou.<br>Spensprojek: Help studente die hele jaar deur met voedselonsekerheidskwessies.<br>Sosiale Impak-nagmark: Beoog om studente-entrepreneurs 'n hupstoot te gee.<br>Move for Menses: In samewerking met die Tygerberg-primvereniging hou ons 'n geldinsamelingsgeleentheid en ontvang skenkings vir sanitêre produkte vir studente op kampus. | Voedselsekerheid en gesondheid, sosiale en gendergeregtigheid, werksgeleenthede en inklusiewe ekonomiese ontwikkeling. |
| Ingenieurs Sonder Grense | Ons het verskeie inisiatiewe:<br>'n Microsoft-opleidingsgeleentheid vir leerders van Hoërskool Kayamandi en Hoërskool Cloetesville by die Fakulteit Ingenieurswese.<br>Aanbieding van praktiese chemie- en fisikaklasse vir hoërskoolleerders.<br>Snelmentorskap, waar beroepslui vir 10–15 minute op 'n slag met studente gesels.<br>'n Innovasiewedstryd op grond van gemeenskapsbehoeftes.<br>Ontwikkeling van 'n landelike pompstelsel om 'n klein gemeenskap van skoon water te voorsien.<br>'n Hoërskool-kragopwekkingswedstryd.<br>Sonkragopwekking, waar graad 10's geleer word om hulle eie draagbare sonbatterypakke te bou. | Onderwys vir almal, sosiale en gendergeregtigheid, omgewing en volhoubaarheid, hulpbronne en infrastruktuur, voedselsekerheid en gesondheid. |
| Ekonomiese en Bestuurs-wetenskappe-studentekomitee (EBSK) | Ons werk saam met die Kayamandi Legacy Centre om tutorklasse aan te bied, 'n leesklub vir die hoërskool te skep, 'n mentorstelsel te implementeer, en kunsvlyt- en bewegingsklasse vir laerskoolleerders te help aanbied. | Onderwys vir almal. |
| Teologie-studentekomitee | Huis Noah: Ons werk saam met Huis Noah deur bederfsessies aan te bied, godsdienstige praatjies te hou en met die inwoners kaart te speel.<br>Glenelly-ontspanningsentrum vir kinders: Help die kinders met hulle huiswerk, en motiveer hulle. | Sosiale en gendergeregtigheid, onderwys vir almal. |
| Bedryfsielkunde-vereniging | Die Suksesklub: Altesaam 12 sessies word aangebied, gewoonlik op Woensdae en Saterdae. Die sessies vind by verskeie skole plaas om leerders te motiveer. Ons neem graad 11's aan die einde van die jaar op 'n uitstappie na die Universiteit Stellenbosch om hulle aan te spoor om ná matriek verder te studeer . | |



# Eenheid vir Gelykwaardigheid

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid (EvG) bied 'n veilige ruimte vir studente en personeel om voorvalle van onbillike diskriminasie, seksuele teistering, geslagsgebaseerde geweld, viktimisasie en mishandeling aan te meld. Die EvG bied ook dienste, opleiding en intervensies teen geslagsgebaseerde geweld en MIV/vigs (voorkoming, toetsing en voorligting), onbillike diskriminasie, seksuele teistering en viktimisasie, en voorsien bystand ten opsigte van die LGBTQIA+-gemeenskap. Daarbenewens is die EvG verantwoordelik vir die implementering van die Universiteit Stellenbosch se *beleide oor onbillike diskriminasie en teistering, en MIV/vigs*.

**Vir verdere inligting**
Straatadres: Huis Simon Nkoli, Victoriastraat 39, Stellenbosch
tel: 021 808 3136
**E-pos:** equalityunit@sun.ac.za (algemene en opleidingsversoeke); unfair@sun.ac.za (om voorvalle van onbillike diskriminasie en teistering aan te meld); hiv@sun.ac.za (vir inligting en dienste met betrekking tot MIV/vigs, seksueel oordraagbare infeksies en seksualiteite)
**Aanmelding kan ook aanlyn geskied by:**
https://ciims.sun.ac.za/ReportingPage/



## GELYKWAARDIGHEIDSAGENTE

**Toelatingsvereistes:** Tweedejaarstudente, keuringsproses sal gevolg word
**Afdeling/fakulteit:** Eenheid vir Gelykwaardigheid
**Duur:** Twee aanvanklike naweekwerksessies, gevolg deur etensuursessies die hele jaar deur
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersoon:** Michelle Munro
**Kontakbesonderhede:** michellem@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Lei studente op as kennisagente, risikobepalers en verwysingsbronne oor die temas en onderwerpe van die Eenheid vir Gelykwaardigheid en Higher Health sodat hulle medestudente kan ondersteun.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Seksuele gesondheid, waaronder MIV, vigs, seksueel oordraagbare infeksies, seksuele en reproduktiewe gesondheid, en voorbehoedmiddels
- LGBTQIA+-ondersteuning
- Gestremdheidsondersteuning
- Geestesgesondheid
- Gender, gendervloeibaarheid, geslagsgebaseerde geweld
- Voorkoming van alkohol- en dwelmmisbruik
- Teistering, viktimisasie, diskriminasie en stigmatisering
- Die gevalleprosesse en -prosedures van die EvG
- US-hulpbronne en -verwysings

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Studente sal die regte inligting en kennis oor alle gelyste onderwerpe hê sodat hulle medestudente kan ondersteun en bystaan.
- Studente sal US-spesifieke beleide, riglyne, dienste en strukture met betrekking tot gelyste onderwerpe ken.
- Studente sal portuurgesprekke en -opleiding kan fasiliteer.
- Studente sal 'n risikobepaling kan doen ten opsigte van probleme wat hulle portuur dalk ervaar.
- Studente sal verwysingsbronne kan wees om hulle portuur met US-dienste in verbinding te stel.

## KORTKURSUS IN BASIESE MIV-TOETSING EN -VOORLIGTING

**Toelatingsvereistes:** Enige geregistreerde studente, keuringsproses sal gevolg word
**Afdeling/fakulteit:** Eenheid vir Gelykwaardigheid
**Duur:** Drie volle dae
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Michelle Munro
**Kontakpersoon:** michellem@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om deelnemers toe te rus met teoretiese en praktiese kennis van basiese voorligtingsmetodes en -prosedures wat nodig is om voor- en na-toetsvoorligting, sifting en verwysings ten opsigte van MIV uit te voer.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Basiese oorsig van MIV-feite
- Oorsig van voorligting
- Vaardighede in interpersoonlike kommunikasie
- MIV-toetsprosedures
- Mediese en etiekreëls en -riglyne

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Kennis van MIV-feite, die toetsproses, etiek- en regsmediese riglyne met betrekking tot voorligting en behandeling
- Uitvoering van voor- en na-toetsvoorligting volgens die Departement van Gesondheid se protokolle
- Vermoë om 'n risikobepaling te doen van seksuele gesondheidsprobleme wat hulle portuur dalk ervaar
- Uitvoering van die sneltoetsprosedure
- Toepaslike voorligtingsvaardighede om kliënte hulle uitslae te help hanteer
- Begrip van die belang van vertroulikheid, privaatheid en openbaarmaking
- Kennis van basiese infeksiebeheer en voorligtingsvaardighede
- Verwysingsbron vir mediese nasorg of verdere voorligting



# Fakulteit AgriWetenskappe

Die Fakulteit AgriWetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch (US) word nasionaal én internasionaal hoog aangeslaan vir die gehalte van sy opleiding en navorsing, en ook as konsultant in die landbou- en bosboubedryf. Studente wat vir die voor- en nagraadse programme van die Fakulteit inskryf, word met sorg opgelei om leiers en bestuurders in die verskillende sektore van die bedryf te word. Alumni van die Fakulteit beklee topposte deur die hele Suid-Afrika sowel as in die buiteland.

Toe die US amptelik in 1918 tot stand gebring is, was Landbou een van die eerste vier fakulteite. Dit het van meet af aan 'n onuitwisbare bydrae tot landbou-onderwys en -navorsing in Suid-Afrika gelewer. Die fakulteite Landbou en Bosbou het in 2006 saamgesmelt om die hedendaagse Fakulteit AgriWetenskappe te vorm. Die Fakulteit het sowat 1 500 voor- en 661 nagraadse studente.

**Vir verdere inligting:**
Administrasiegebou B, Victoriastraat, Stellenbosch
**Telefoon:** 021 808 3822
**Leer ken ons:** https://agric.sun.ac.za/

## SPENSTUIN, WELGEVALLEN

**Toelatingsvereistes:** Enige studente wat daarin belangstel om groente te kweek aan die hand van landbou-ekologiebeginsels.
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit AgriWetenskappe
**Duur:** Jaarliks
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Dr Ethel Phiri en Rhoda Malgas
**Kontakbesonderhede:** ephiri@sun.ac.za/rmalgas@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Studente gebruik 'n lappie grond by die Welgevallen-plaas om groente te kweek en die landbou-ekologiebeginsels waarvan hulle in die program MSc (Volhoubare Landbou) leer, toe te pas. Studente kweek vars produkte vir hulle eie gebruik of om te verkoop. Winste uit surplusverkope word geskenk aan die Small Things Fund, 'n inisiatief wat eerstegenerasiestudente in Suid-Afrika ondersteun.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Grondgesondheid; selfstandigheid; volhoubaarheid; landbou-ekologiebeginsels vir groenteverbouing; inheemse Afrika-gewasse; sirkel-ekonomie vir sosiale geregtigheid.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Selfstandigheid
- Ervaringgerigte leer
- Voedselsekerheidsuitdagings vir Suid-Afrikaanse studente

## BEWARINGSEKOLOGIE: DIVERSITEIT VIR VERANDERINGSAKSIES

**Toelatingsvereistes:** Studente in die kursus BWE344
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit AgriWetenskappe
**Leweringsmodus:** Aanlyn
**Kontakpersoon:** Rhoda Malgas
**Kontakbesonderhede:** rmalgas@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Die gebruik van aanlyn onderrigmetodes (bv. VPike) om studente se tuisdorpe/strate/huise te 'besoek' as 'n portuurleermetode. Studente gesels met hulle portuur oor hoe hulle 'omgewing' verstaan.
- #dosomething-veldtog: Die gebruik van multimedia om studentedeelname in die klas te verhoog. Aanlyn gemeenskappe skep 'n bykomende platform om onderwerpe met klasmaats te bespreek en op 'n beleefde manier menings uit te ruil.
- Dosente het 'n toename in studentedeelname opgemerk, en studente se terugvoer help met die beplanning van kursusmateriaal.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Selfgerigte leer
- Implementering van vakverwante aksies
- Informele diensleermetodes
- Kritiese burgerskap

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Konseptuele begrip van sosiale ekosisteme
- Weet waar die self by 'n sisteem inpas
- Probleemontleding – 'n holistiese benadering
- Portuurleer
- Persoonlike optrede
- Kritiese burgerskap
- Toepassing van wat in die klas geleer word



## GEWASPRODUKSIE 151: KONSEPKARTERING (CMAPPING)

**Toelatingsvereistes:** Studente in die kursus Gewasproduksie 151
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit AgriWetenskappe
**Duur:** Semester
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Dr Michael Schmeisser
**Kontakbesonderhede:** schmeisser@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Die doel is om studente die kuns van Cmapping te leer, en te wys waarom Cmapping so 'n kragtige leerinstrument is.
- Studente leer ken ook al die ander toepassings van Cmapping, afgesien van die gebruik daarvan as 'n leerinstrument. Boonop word Cmapping gebruik as 'n instrument vir die ontwerp van navorsing/projekte (onder meer om die struktuur van artikels te beplan).
- Studente leer hoe om die Cmapping-sagteware doeltreffend te gebruik.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Die beginsels agter Cmapping, d.w.s. wat Cmapping so 'n kragtige instrument maak
- Toepassings van Cmapping
- Inleiding tot 'n gratis tipe Cmapping-sagteware
- Gebruik van die sagteware om hulle eerste Cmap te skep

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Die student behoort:

- die beginsels agter die konsep van Cmapping en die verskillende toepassings daarvan te kan beskryf en te verstaan;
- die Cmapping-sagteware te kan gebruik; en
- doeltreffend hulle eie Cmaps te kan skep.

## GEWASPRODUKSIE 214: DIGITALE STORIES IN 'N WETENSKAPGEBASEERDE MODULE

**Toelatingsvereistes:** Studente in die kursus Gewasproduksie 214
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit AgriWetenskappe
**Duur:** Semester
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Dr Michael Schmeisser
**Kontakbesonderhede:** schmeisser@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Studente skep hulle eie kwekery deur kwekery-ontwerpbeginsels sowel as kweekpraktyke toe te pas. Die kwekeryprojek word in die vorm van 'n digitale filminsetsel aangebied.

Die doelwitte is om:

- studente die wetenskaplike beginsels van kwekerykonstruksie en plantkweking te leer deur middel van 'n kreatief ontwerpte projek eerder as kennisoordrag deur gewone lesings;
- digitale stories doeltreffend as 'n vermengdeleerinstrument te gebruik om studente se leer te verbeter, gedagtig daaraan dat die skep van 'n logies saamgestelde filminsetsel alle vlakke van leer (in Bloom se taksonomie) behels, met die vervaardiging van die film as die hoogste kognitiewe proses, wat alle vorme van ingesamelde en krities ontlede kennis behels; en
- studente se kreatiwiteit te ontsluit en digitale geletterdheid te verbeter.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Beginsels en praktyke van plantkweking
- Bou van 'n kwekery

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Doeltreffende spanwerk
- Interpersoonlike vaardighede; begrip van die waarde daarvan om terugvoer te gee en te ontvang
- Konflikbestuur (gedragskode in spanverband)
- Ontwikkeling van entrepreneursdenke
- Beter digitale geletterdheid (toepassing van sagteware)
- Diepgaande begrip van die praktyke van plantkweking en die beginsels onderliggend aan die bou van 'n kwekery

## INTERNSKAPPROGRAM IN WINGERD- EN WYNWETENSKAPPE

**Toelatingsvereistes:** Vierdejaarstudente
**Fakulteit/afdeling:** Fakulteit AgriWetenskappe Duur: Vyf maande
**Leweringsmodus:** Werkgebaseerde leer met behulp van bedryfsplasings
**Kontakpersone:** Prof Maret du Toit, Talitha Venter, dr Marianne McKay
**Kontakbesonderhede:** marianne@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Internskap: Om studente 'n algemene oorsig te bied van die konteks van die wynbedryf deur middel van 'n internskap van vyf maande in 'n wynkelder en wingerd óf in die tafeldruifbedryf. Op dié manier doen studente praktiese ervaring op van die hantering van verskeie aspekte van wynmaak en wingerdbou.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Werkgeïntegreerde leer
- Praktiese vaardighede in die kelder en wingerd
- Konteks van die wynbedryf
- Konteks van die tafeldruifbedryf

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Werksondervinding
- Interpersoonlike vaardighede
- Sake- en administratiewe vaardighede
- Wynmaak- en professionele vaardighede
- Sterker kenmerke van 'n US-gegradueerde
- Kritiese denke
- Oordenkingsvaardighede

## HALFDAGWERKSESSIE OOR ETIEKGOEDKEURING

**Toelatingsvereistes:** Nagraadse studente in Bewaringsekologie en ander departemente in die Fakulteit
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit AgriWetenskappe
**Duur:** Vier uur per semester
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersoon:** Rhoda Malgas
**Kontakbesonderhede:** rmalgas@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Bekendstelling aan die aanlyn Navorsingsetiekkomitee-platform; verduideliking van die rede vir etiekgoedkeuringsaansoeke; aanlyn aansoeke – hoe om die vrae te benader, en verduideliking van navorsingsimplikasies; tegniese besonderhede oor die stelsel.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Navorsingsetiek aan die Universiteit Stellenbosch
- Hoe om die navorsingsetiekaansoekprosedure te hanteer

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Navorsingsetiek en -integriteit

## INLEIDENDE EN GEVORDERDE OPLEIDINGSESSIE OOR AKWAPONIKA

**Toelatingsvereistes:** Aangebied vir vierdejaarstudente in BSc Veekunde
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit AgriWetenskappe
**Duur:** Twee dae, losstaande
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Mnr Henk Stander
**Kontakbesonderhede:** hbs@sun.ac.za

**KORT INLEIDING EN OORSIG**

- Die doel van die opleidingsessie is om deelnemers bekend te stel aan die basiese beginsels van akwaponika as 'n klimaatslim voedselproduksietegnologie én aan die wetenskap daaragter.

**DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL**

- Hierdie pasgemaakte kursus van twee dae handel oor die onderliggende beginsels van verskillende akwaponika-konsepte, watergehalte, plantvariëteite, visspesies, plantsiektes, ontwerpkriteria, bemarking en waardetoevoeging, finansies, en bedryfsbestuur.

**HOE DIT JOU BAAT**

- Deelnemers sal die basiese beginsels van moderne akwaponika verstaan.

## MSC (VOLHOUBARE LANDBOU): SKAKELING MET KLEINBOERE

**Toelatingsvereistes:** Studente in die program MSc (Volhoubare Landbou)
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit AgriWetenskappe
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Rhoda Malgas
**Kontakbesonderhede:** rmalgas@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om nagraadse studente 'n geleentheid te bied om met plaaslike kleinboere te skakel, die relevansie van navorsing te ervaar, kennis vir verdere navorsing op te doen, en gemeenskapsdiens te lewer.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Gemeenskapskakeling
- Begrip van die maatskaplike konteks
- Relevansie van navorsing vir plaaslike gemeenskappe

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Interpersoonlike vaardighede
- 'n Begrip van plaaslike gemeenskappe en die sosio-ekonomiese faktore wat navorsing beïnvloed
- Besinning oor die verband tussen teorie en praktyk

## KORTKURSUS IN NA-OESFISIOLOGIE EN -TEGNOLOGIE: VARS TUINBOUGEWASSE

**Toelatingsvereistes:** Afgestem op tegniese beroepslui gemoeid met gehalteversekering en voorligting ten opsigte van varsprodukgehalte, -veiligheid en -bemarkbaarheid. Deelnemers moet ten minste oor 'n graad 12-sertifikaat van die Departement van Basiese Onderwys en verkieslik ook voor- of nagraadse opleiding beskik; so nie, ondervinding van die varsprodukhanteringsketting.
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit AgriWetenskappe
**Duur:** Drie dae, losstaande
**Leweringsmodus:** Persoonlik/aanlyn
**Kontakpersoon:** Dr Elke Crouch
**Kontakbesonderhede:** elke@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Die doel van die kursus is om deelnemers aan die grondbeginsels van na-oesvarsprodukgehalte bekend te stel sodat hulle daardie kennis in die praktyk kan toepas om produkgehalte te handhaaf en verliese in die na-oeshanteringsketting te voorkom.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Hierdie kursus van drie dae handel oor die onderliggende beginsels van na-oesplantfisiologie (volwassenheid, etileen, respirasie, veroudering) en -tegnologie (verkoeling, vogverlies, verpakking, berging in 'n beheerde atmosfeer, voedselveiligheid, na-oessiektes en -insekte) vir die na-oeshantering van 'n wye verskeidenheid Suid-Afrikaanse gewasse, waaronder sagtevrugte, sitrus, subtropiese vrugte, bessies, groente, sierplante en vars snyblomme.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Begrip van die grondbeginsels van na-oesvarsprodukgehalte
- Die gebruik van daardie beginsels om produkspesifieke én gemengde hanteringskettings te skep
- Die praktiese toepassing van hierdie geïntegreerde kennis om produkgehalte te handhaaf en verliese in die na-oeshanteringsketting te voorkom

## KORTKURSUS IN DIE PROGRAMMERING EN GEBRUIK VAN CNC-MASJIENE

**Toelatingsvereistes:** Studente in die kursus Houtprodukkunde 346
**Duur:** Vyf dae, losstaande
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Prof Brand Wessels
**Kontakbesonderhede:** cbw@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Die doel van die kursus is om deelnemers toegepaste agtergrondkennis te bied oor die programmering en gebruik van 'n CNC-masjien wat in die houtverwerkingsbedryf gebruik word.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Hierdie kursus van vyf dae handel oor die gebruik van CNC-masjiene, gesondheid- en veiligheidsaspekte verbonde aan die gebruik van sulke masjiene, masjieninstandhouding, CNC-ontwerp, programmering, en die vervaardigingsopset.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Studente sal 'n industriële CNC-masjien in die houtverwerkingsbedryf veilig kan programmeer en gebruik.

## KORTKURSUS IN KETTINGSAAGBEGRIP

**Toelatingsvereistes:** Slegs vir studente wat die kursus Bosbouwetenskap 364 sal volg
**Duur:** Vyf dae (word in September van die tweede jaar voltooi)
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Prof Bruce Talbot
**Kontakbesonderhede:** bruce@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Die doel van die kursus is om deelnemers teoretiese kennis van en praktiese vaardighede in die gebruik van motorhandtoerusting te voorsien, asook 'n begrip van die werklas en veiligheidskwessies wat daarmee gepaardgaan.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Hierdie kursus van vyf dae begin met 'n meganiese oorsig, wat saaginstandhouding insluit, gevolg deur metodologie en werkstegnieke vir uitdunning en skoonkapping. Produktiwiteitskoerse en die faktore wat dit beïnvloed, word ook hanteer. Daarna word die belangrike veiligheidskwessies ten opsigte van 'n kettingsaag en boomkappery behandel.
- Op die laaste twee dae kry deelnemers geleentheid om self bome af te kap.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Die studente sal 'n goeie begrip hê van die werking van 'n gemotoriseerde saag, wat op enige motorhandwerk toegepas kan word. Hulle sal die basiese werkstegnieke ken en die vele veiligheidsuitdagings verstaan. Laastens sal hulle 'n begrip hê van die fisiese werklas en inspanning wat vereis word om sekere produktiwiteitsvlakke te bereik.

## KORTKURSUS IN HOUTAFWERKINGSPRAKTYKE

**Toelatingsvereistes:** Studente in die kursus Houtprodukkunde 426
**Duur:** Vyf dae, losstaande
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Prof Brand Wessels
**Kontakbesonderhede:** cbw@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Die doel van die kursus is om deelnemers toegepaste agtergrondkennis van houtafwerking en veral spuithokkietoerusting te bied.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Hierdie kursus van vyf dae handel oor gesondheid en veiligheid in die spuithokkie en bied studente praktiese ervaring in spuitbedrywighede, instandhouding van toerusting, die gebruik van handgereedskap om hout voor te berei, en die afwerking van houtprodukte.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Die studente sal 'n spuithokkie vir industriële houtafwerking veilig kan gebruik en in stand hou.

## KORTKURSUS IN HOUTWERK- EN WERKWINKELPRAKTYK

**Toelatingsvereistes:** Studente in die kursus Houtprodukkunde 255
**Duur:** Vyf dae, losstaande
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Prof Brand Wessels
**Kontakbesonderhede:** cbw@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Die doel van die kursus is om deelnemers toegepaste agtergrondkennis van houtwerkwinkelpraktyke te bied.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Hierdie kursus van vyf dae handel oor gesondheid en veiligheid in die werkwinkel en bied studente praktiese ervaring in algemene werkwinkelbedrywighede, masjienhantering en -instandhouding, die gebruik van handgereedskap, en die afwerking van houtprodukte.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Die studente sal masjiene in 'n houtwerkwinkel veilig kan gebruik en in stand hou.



## VOLHOUBARE LANDBOU – GEMEENSKAPSTUINBOU VIR 'N BETER LEWE

**(word op tweedejaarsvlak aangebied – 12 krediete)**

**Die kursus word aangebied as 'n kredietdraende aanbod as deel van die Globale Onderwysprogram van US Internasionaal.**

**Toelatingsvereistes:** Geen formele toelatingsvereistes. Vorige betrokkenheid by sosiale-impakprojekte sal voordelig wees.
**Afdeling/fakulteit:** Genetika/Fakulteit AgriWetenskappe
**Duur:** Semesterkursus (twee per jaar)
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersone:** Dr Paul Hills/Thanja Allison
**Kontakbesonderhede:** phills@sun.ac.za/mja@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Die projek oor volhoubare landbou is 'n ervaringgerigte leerprogram wat in samewerking met die Ajubatus-stigting aangebied word. Twee kursusse word per jaar aangebied (een per semester) sodat soveel moontlik studente kan inskryf.
- Lesings handel oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe wat met alle aspekte van volhoubare landbou verband hou, waaronder grondsamestelling en -gesondheid, faktore wat plantgroei beïnvloed, 'n aantal volhoubaarheidsverwante onderwerpe, en gevorderde tuinbou- en landboutegnieke.
- Die akademiese en dienskomponente word aangevul met veldbesoeke om 'n dieper studie van wêreldkwessies in Suid-Afrikaanse verband moontlik te maak.
- Studente word aangemoedig om in die gemeenskapsgroentetuin op die Universiteit Stellenbosch se Welgevallen-proefplaas te werk.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

Die volgende studie-eenhede word behandel:*
**Inleiding tot tuinbou**
• Grondsamestelling en -gesondheid
  -Grondstruktuur
  -Plantvoeding
  -Die plantmikrobioom
  -Biobemesting
• Faktore wat plantgroei beïnvloed:
  -Lig
  -Water en lugvoggehalte
  -Temperatuur
  -Voeding
  -Fitohormone
  -Tropismes
• Tuinbou vir volhoubaarheid:
  -Biodiversiteit
  -Herwinning en die maak van kompos
  -Vermikultuur
  -Weesgewasse
  -Medisinale en nuttige plante
  -Sosiale en gemeenskapstuinbou
  -Bye, byeteelt en heuning
  -Plantplae en -siektes
• Gevorderde tuinbou- en landboutegnieke:
  -Akwaponika en hidroponika
• Omgewingstuinbou:
  -Tuinmaak in klein ruimtes: potte, laaiborde, trôe, strooibale, watermure

***Let wel: Dit is 'n lys verteenwoordigende onderwerpe, maar sommige onderwerpe kan verander na gelang van die beskikbaarheid van aanbieders.***

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van die kursus oor volhoubare landbou behoort deelnemers:

- die terminologie en inhoud van volhoubare tuin- en landbou te verstaan;
- 'n goeie basiese kennis te hê van die faktore wat volhoubare tuinbou en gewasproduksie beïnvloed;
- die tegnieke te verstaan wat gebruik word om volhoubare gewasproduksie in minder ideale omgewings aan te moedig;
- oor die vaardighede en kennis te beskik om hulle eie tuin in hulle eie gemeenskap te begin en in stand te hou; en
- gemotiveerd genoeg te wees om die algemene boodskap van volhoubaarheid te versprei en ander die gaping tussen belangstelling in volhoubaarheid en die praktiese beoefening van volhoubaarheid te help oorbrug.

## DIENSLEER IN DIE WYNBEDRYF

**Toelatingsvereistes:** Wynkunde-tweedejaarstudente
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit AgriWetenskappe
**Duur:** Vier dae
**Leweringsmodus:** Vermengde leer
**Kontakpersoon:** Dr Marianne McKay
**Kontakbesonderhede:** marianne@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om studente 'n algemene oorsig te bied van handel in die wynbedryf, en van verbruiker-/verkoopsaspekte. Sodoende doen studente ervaring op in die hantering van kleinhandelaspekte en leer hulle by 'n wye verskeidenheid mense, van internasionale kliënte tot plaaslike steunpersoneel.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Werkgereedheid
- Verbruiker- en bemarkingsaspekte
- Handel- en verkoopsvaardighede
- Maatskaplike konteks

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Interpersoonlike vaardighede
- Oordenkingsvaardighede
- Professionele vaardighede
- Kenmerke van die US-gegradueerde
- Kritiese denke

## WYNWETENSKAPPE 214: ETIKETTE EN WETGEWING

**Toelatingsvereistes:** Eerstejaarsmodule in die kursus Wingerd- en Wynwetenskappe
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit AgriWetenskappe
**Duur:** Vier dae
**Leweringsmodus:** Vermengde leer en persoonlik
**Kontakpersoon:** Jeanne Brand
**Kontakbesonderhede:** jeanne@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Studente ontwerp 'n wynetiket vir 'n teikengroep verbruikers, met inagneming van die maatskaplike konteks, prys en wetsvereistes. Etikette word deur portuur en wynkenners beoordeel.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Wetgewing en wetsnakoming
- Ontwerp
- Verbruikersaspekte

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Toepassing van kennis
- Spanwerk
- Kreatiwiteit
- Kritiese denke
- Interpersoonlike vaardighede

## BEROEPSGESONDHEID EN -VEILIGHEID IN DIE WYNKELDER

**Toelatingsvereistes:** Tweedejaarstudente
**Fakulteit/afdeling:** Fakulteit AgriWetenskappe
**Duur:** Een dag
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Maret du Toit
**Kontakbesonderhede:** mdt@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om studente ervaring te laat opdoen sodat hulle die belang van gesondheid- en veiligheidskwessies in die konteks van 'n wynkelder kan verstaan.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Gevare en risiko's in wynkelders
- Wetgewing
- Keldervaardighede
- Bedryfskonteks

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Kritiese denke
- Professionele vaardighede
- Interpersoonlike vaardighede
- Werkgereedheid

## WYNPROEVAARDIGHEDE

**Toelatingsvereistes:** 'n Agtergrond in Wingerd- en Wynwetenskappe
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit AgriWetenskappe
**Duur:** Vaardigheidsbou deur die hele graadprogram
**Leweringsmodus:** Vermengde leer en persoonlik
**Kontakpersoon:** Jeanne Brand
**Kontakbesonderhede:** jeanne@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Gedurende sintuiglike wynevalueringsessies word studente aangemoedig om op hulle eie vorige leer voort te bou deur geure te identifiseer wat deel is van hulle daaglikse lewenservaring. Sodoende word bekende geure by wynproe geïntegreer.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Daaglikse ervaring van aroma
- Belangrike smaakkomponente
- Kultivar-aromas
- Sintuiglike evaluering van wyn

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Wynproevaardighede
- Toepassing van kennis
- Kreatiwiteit
- Kritiese denke






# Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe bied 'n dinamiese en interaktiewe leeromgewing wat veral daarop konsentreer om studente vir 'n immer ontwikkelende, kennisgebaseerde samelewing en ekonomie toe te rus. Die Fakulteit se navorsing, onderrig en leer sowel as gemeenskapsinteraksie wentel om die uitdagings van menswees in 'n wêreld wat teen 'n snelle tempo globaliseer. Die doel is nie net om die voorkeurbestemming vir opleiding in die geesteswetenskappe, veral die kunste, tale en sosiale wetenskappe, te wees nie, maar ook om onderrig en navorsing te voorsien wat relevant is vir die streek, land en vasteland en wat internasionaal kan meeding.

**Vir verdere inligting:**
Lettere en Sosiale Wetenskappe-gebou, kamer 492, Merrimanlaan en Ryneveldstraat, Stellenbosch,
**Telefoon:** 021 808 2138
**Leer ken ons:** http://www.sun.ac.za/english/faculty/arts

## DRAMA- EN TEATERVRYWILLIGERPROGRAM

**Toelatingsvereistes:** Dramastudente
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
**Duur:** Jaarliks
**Leweringsmodus:** Persoonlik/sosiale media
**Kontakpersoon:** Amelda Brand
**Kontakbesonderhede:** ameldab@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Die program oor verantwoordelike vrywilligerwerk bied studente 'n geleentheid om deel te wees van gefasiliteerde drama- en teaterbystand aan uitgesoekte gemeenskapsvennote (waaronder skole, organisasies sonder winsoogmerk, en kampusvennote). Aktiwiteite wissel van hulp met draaiboekskryf, drama-onderrig, regie, inligtingsoordrag deur kreatiewe aktiwiteite of opvoerings, en die ontwikkeling van ruimtes vir kreatiewe ontdekking, verwerking en opvoering.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Rol en funksie van die kunste in die samelewing
- Maatskaplike transformasie, toeganklikheid van die kunste, en demokratiese kreatiewe prosesse
- Ontwikkeling van praktykgebaseerde drama- en teatervaardighede
- Kommunikasie met belanghebbendes en projekbestuur

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- 'n Beter begrip van ons maatskaplike kontekste deur artistieke betrokkenheid
- Hoe om aan opvoeringspraktyke buite formele/amptelike teaterinfrastruktuur deel te neem

## GLOBALE KLASKAMER: DEMOKRASIE-INNOVASIE

**Toelatingsvereistes:** Studente moet in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe geregistreer wees.
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
**Duur:** Drie maande (Maart–Mei)
**Leweringsmodus:** Aanlyn
**Kontakpersoon:** Mnr Matthew Wingfield/prof Steven Robins
**Kontakbesonderhede:** 17902088@sun.ac.za/slr@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Ontwikkel studente se interpersoonlike vaardighede sodat hulle doeltreffend in forums met veelvuldige belanghebbendes kan kommunikeer
- Fasiliteer die verwerwing van kruiskulturele kennis en bewustheid sodat US-gegradueerdes in wêreldwye forums en ruimtes sal kan funksioneer

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Voorafbesinning oor interpersoonlike interaksievaardighede
- Voorafleeswerk
- Ontleding van vorige belanghebbendeforum met internasionale vennoot
- Vooraf- informele onderhoud met internasionale vennoot
- Individuele skakeling met internasionale vennoot oor ontwerpdenke en die fasilitering van interaksie
- Ontwerp en beplanning van portuurgespreksessies
- Aanbieding van portuurgespreksessies
- Forum vir veelvuldige belanghebbendes

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Na afloop van hierdie kursus behoort deelnemers:
- danksy hulle blootstelling aan internasionale forums met veelvuldige belanghebbendes oor sterk interpersoonlike kommunikasievaardighede te beskik, wat aan die hand van fasiliteerders se terugvoer geassesseer sal word;
- oor kontekstuele grense heen te kan dink wanneer hulle aan internasionale forums deelneem; en
- deur die interaksie in hierdie forums sterk internasionale netwerke te kan ontwikkel en handhaaf.

## MENTOR IN DIE VERLENGDE KURRIKULUMPROGRAM

### ERVARINGGERIGTE LEER ERKENNINGSGELEENTHEID VIR STUDENTE WAT AAN ALLE VEREISTES VOLDOEN

**Toelatingsvereistes:** Senior studente in die Verlengde Kurrikulumprogram
**Afdeling/fakulteit:** Verlengde Kurrikulumprogram (VKP), Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
**Duur:** Eerste semester
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersoon:** Shona Lombard
**Kontakbesonderhede:** shonal@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om senior VKP-studente (mentors) toe te rus om as leerfasiliteerders en agente vir verandering op te tree om VKP- eerstejaars (mentees) die gaping tussen hoërskool en hoër onderwys te help oorbrug.
- Om mentees 'n unieke ondersteuningstelsel te bied wat deur senior VKP-medestudente (mentors) gelewer word om die nuwelinge by die institusionele gemeenskap van die US te help inskakel, wat uiteindelik positiewe gedragsverandering by sowel die mentees as die mentors sal aanmoedig en teweegbring.
- Om mentors in staat te stel om psigososiale ontwikkeling en groei te ervaar, wat hulle persoonlike én interpersoonlike vaardighede as deel van die kenmerke van die US-gegradueerde sal

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Die voltooiing van 'n persoonlike profiel
- Die sewe noodsaaklike gesprekke vir studentesukses
- Die akroniem M-E-N-T-O-R
- Studenteverwysings (inleiding tot die beskikbare bystand van die SSVO)
- Empatie
- Maatskaplike en akademiese steun (uit The student's guide to mentoring – Palgrave)

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Die mentors sal:
- hulle rol as VKP-mentors definieer/beskryf, en besin oor die redes waarom hulle mentors is;
- die mentorbeginsels toepas en beoefen, en die doelwitte (wat gedurende hulle opleiding gestel is) deur die hele mentortydperk in hulle mentorsessies implementeer;
- hulle mentees se behoeftes evalueer, en die klem van hulle mentorsessies daarvolgens aanpas;
- weeklikse mentorsessies beplan, aanbied en opsom; en
- oor hulle eie/persoonlike ontwikkeling as mentors besin.

## PREMIÈRE-TONEELFEES

**Toelatingsvereistes:** Dramastudente
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
**Duur:** Jaarliks
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Dr André Gerber
**Kontakbesonderhede:** akg@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Première is 'n toneelwedstryd wat deur die Universiteit Stellenbosch se Departement Drama aangebied word. 'n Beoordelaarspaneel van professionele teaterpraktisyns volg 'n uitgebreide keuringsproses om 12 tot 15 produksies goed te keur. Hierdie produksies word dan opgevoer en ondersteun met mentorskapsprogramme wat op skryf, regie en tegniese aspekte konsentreer. Die produksies word gedurende die feesweek (eerste week van die tweede semester) op die planke gebring, en die wenproduksie ontvang finansiering en 'n speelvak by 'n professionele toneelfees.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Draaiboekskryf
- Rolverdeling en vervaardiging
- Regie
- Stel-, kostuum-, klank- en beligtingsontwerp
- Bemarking en fotografie
- Produksiebestuur

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Uitkomste vir hierdie leergeleentheid hang af van die rol wat die student in die produksie vervul: akteur, regisseur, verhoogbestuurder of skrywer. Studente kan ook meer as een rol vervul.




# Fakulteit Ekonomiese en Bestuurs-wetenskappe

Met sy 8 000 studente is Ekonomiese en Bestuurswetenskappe die grootste fakulteit aan die Universiteit Stellenbosch. Vir hierdie groot studentegemeenskap – waaronder die 1 500 nuwe eerstejaars wat hulle elke jaar by die Fakulteit aansluit – het ons 'n uitgebreide onderrig- en leerprogram.

**Vir verdere inligting:**
Me Tanja Malan
**Telefoon:** 021 808 9564
**Leer ken ons:** http://www.sun.ac.za/english/faculty/economy

## EX-CELL-WERKSESSIE

**Toelatingsvereistes:** Jeuggevangenes by die korrektiewe fasiliteit Drakenstein naby die Paarl
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
**Duur:** Vyf dae
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersone:** Mnr Juan Ontong, me Sher-Lee Arendse en me Ilse Frans, Skool vir Rekeningkunde
**Kontakbesonderhede:** ontongj@sun.ac.za, sher@sun.ac.za, ilfrans@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Hoë jeugwerkloosheid in Suid-Afrika maak dit vir voormalige gevangenes besonder moeilik om werk te kry. Hierdie werksessie, wat deur personeel van die Skool vir Rekeningkunde aangebied word, rus sowat 20 jeuggevangenes met sakevernuf en -vaardighede toe. Die sessie konsentreer op die ontwikkeling van 'n sakeplan sodat deelnemers moontlik hulle eie ondernemings kan begin, sowel as op die werksoekproses.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

Studente ontwikkel sakevernuf en -vaardighede deur oor die volgende onderwerpe te leer:
- 'n Begrip van bemarking, en die uitvoering van marknavorsing en 'n SWOT-ontleding
- Die ontleding van vraag en aanbod, 'n begrip van begrotings, en die opsporing van finansieringsgeleenthede
- 'n Begrip van sake-etiekoorwegings en sake-etiket
- Konflikbeslegting
- Oorwegings vir indiensneming en om werk te soek, waaronder voorbereiding vir onderhoude
- Die opstel van 'n sakeplan

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Opstel van 'n uitvoerige sakeplan wat moontlik aan 'n potensiële sakevennoot of finansieringsinstansie voorgelê kan word
- Aanbiedingsvaardighede om 'n sakeplan te kan voorlê
- Voorbereidingsvaardighede vir voor en gedurende 'n werksonderhoud

## FINANSIËLEGELETTERDHEIDSPROJEK (REGSKLINIEK & EBW)

**Toelatingsvereistes:** Derdejaarstudente wat vir Siviele Prosesreg of Finansiële Beplanning geregistreer is
**Afdeling/fakulteit:** US Regskliniek (Fakulteit Regsgeleerdheid) en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
**Duur:** Een jaar
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersoon:** Mej Josie Parks, US Regskliniek
**Kontakbesonderhede:** jparks@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Voorsiening van finansiëlegeletterdheidsopleiding aan skoolleerders, plaaswerkers, afgetredenes (persone in aftreefasiliteite), universiteitstudente en jong volwassenes, sowel as minimumloonwerkers (met en sonder afhanklikes). Die doel van die opleiding is om voormelde persone toe te rus om beter op sosio-ekonomiese kwessies te reageer en toegang tot regsmiddele te kry.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Begroting- en bestedingswenke
- Die belang van spaar, en die onderskeid tussen begeertes en behoeftes
- Toepassing van die Wet op Verbruikersbeskerming
- Toepassing van die Nasionale Kredietwet
- Die belang van krediet

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Gemeenskapskakeling
- Praktiese toepassing van teoretiese kennis
- Doeltreffende uitvoering van navorsing en die keuse van relevante/nuttige onderwerpe vir 'n spesifieke teikengehoor/-groep
- Samestelling van strategieë om die projek op 'n afstand uit te voer weens 'n gebrek aan persoonlike interaksie



## LOOPBAANVOORLIGTING EN -BERADING VIR HOËRSKOOLLEERDERS

**Toelatingsvereistes:** Nagraadse Bedryfsielkundestudente en hoërskoolleerders uit lae-inkomstegemeenskappe
**Afdeling/fakulteit:** Die fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, sowel as Lettere en Sosiale Wetenskappe
**Duur:** Sessies word in die loop van 'n jaar aangebied
**Leweringsmodus:** Hibridies of persoonlik, en niekontakgebaseerde materiaal
**Kontakpersone:** Dr Michelle Visser, Departement Bedryfsielkunde, en prof Tony Naidoo, Departement Sielkunde
**Kontakbesonderhede:** mvis@sun.ac.za/avnaidoo@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om hoërskoolleerders se beroepsbelangstellings en ander loopbaankenmerke te verken en te identifiseer, en hulle loopbaankenmerke aan beroepskeuses te koppel.
- Om leerders ingeligte skoolvakkeuses in die senior fase te help maak.
- Om te bepaal voor watter loopbaanhindernisse leerders in hulle omgewings te staan kom.
- Om loopbaanverwante hulpbronne te verskaf wat in leerders se behoeftes voorsien.
- Om leerders te help voorberei en ontwikkel om gepaste beroepskeuses te maak.
- Om te keer dat leerders onvanpaste vakkeuses maak wat tot persoonlike en loopbaanverwante probleme kan lei.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

Beroepsondersteuning aan hoërskoolleerders, met 'n bepaalde klem op die volgende onderwerpe:
- Self- en omgewingsassessering
- Verkenning van verskillende loopbaanbelangstellings
- Leer meer oor persoonlikheid
- Maak slim vakkeuses
- Beskikbare formele opsies ná skool
- Ontwikkel studievaardighede en stel doelwitte
- Die rol van motivering om loopbaandoelwitte te bereik
- Finansiële of beursbystand om verdere studie te finansier

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Toepassing van beroepsteorie en -kennis deur die ontwikkeling van hulpbronne in digitale en gedrukte vorm
- Selfbesinning om kreatiewe bykomende hulpbronne te skep wat aan leerders voorsien kan word
- Ontwikkeling van hulpbronne met inligting wat moontlike vakkeuses vir graad 9's kan ondersteun en wat bewustheid skep van studie-instellings, moontlike beroepsrigtings of werksgeleenthede, sowel as finansieringsgeleenthede

## LIVING LEGENDS (TANS AS ORGANISASIE SONDER WINSOOGMERK GEREGISTREER)

**Toelatingsvereistes:** Leerders van skole op Stellenbosch, Somerset-Wes, Franschhoek, Graaff-Reinet, sowel as US-studentevrywilligers
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
**Duur:** Deurlopend sedert 2009
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Dr Debbie Human-van Eck, Departement Ondernemingsbestuur
**Kontakbesonderhede:** dhuman@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om deelnemers se horisonne te verbreed
- Om werkskepping aan te moedig
- Om sport- (vir deelnemers met én sonder gestremdhede), lewensvaardigheids- en kunsontwikkelingsprojekte te implementeer

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Selfbestuur
- Finansiëlegeletterdheidsvaardighede
- Entrepreneursvaardighede
- Verskeie onderwerpe, soos om iewers tuis te hoort, identiteit, kreatiwiteit, finansiële geletterdheid, entrepreneurskap, probleemoplossing, kuns, kultuur, aandagtigheid, lewenslange leer, ensovoorts

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Vir leerders:
- Lewensvaardighede
- Sport- en bewegingsvaardighede
- Kunskennis en -vaardighede

Vir instrukteurs:
- Werkservaring
- 'n Transformerende samelewingservaring

Vir die samelewing:
- Meer ingeligte, deelnemende en voorbereide burgers

## OPTIMUS

**Toelatingsvereistes:** Tweede- en derdejaars
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
**Duur:** 16 maande
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersoon:** Dr Sharon Malan
**Kontakbesonderhede:** sbmalan@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om voorgraadse akademiese toppresteerders in die EBW-fakulteit op hulle akademiese reis te ondersteun sodat hulle deurlopend by die US én daarna sal uitblink. Deur middel van sorgvuldig beplande groei-intervensies en -geleenthede bied die program 'n stimulerende omgewing, wat studente hopelik holisties laat ontwikkel en in staat stel om hulleself optimaal te posisioneer om vir prestigebeurse, internasionale uitruilprogramme en sowel plaaslike as buitelandse geleenthede in aanmerking te kom.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Akademiese verryking
- Selfontwikkeling (durf en deursettingsvermoë)
- Professionele en beroepsoriëntasie
- Leiersvaardighede
- Globale ingesteldheid en innovasie

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Sien om na eie algehele welstand (leef goed, voel goed)
- Ontwikkel durf en deursettingsvermoë
- Verwesenlik lewensdoel deur eie grense oor te steek
- Ontdek persoonlikheidstyle en leer meer oor die self
- Opstel van persoonlike ontwikkelingsplanne deur toekomsdoelwitte met waardes te versoen
- Skep van 'n persoonlike handelsmerk en netwerk
- Verken eie metakognitiewe vermoëns
- Leierskap vir verandering (leierskapstyle, etiese leierskap en leierskap vir verandering – kontekstualisering van leierskap (teorie))
- Kulturele intelligensie (globale ingesteldheid en metakognisie)
- Verwesenlik volle potensiaal as hoogs doeltreffende kommunikeerders (opleiding in openbare redevoering)
- Loopbaanbeplanning, skryf van indrukwekkende CV's, en suksesvolle werksonderhoude
- Globale en innoverende perspektief – skep 'n nalatenskap

## ONBAATSUGTIGE NAASTEDIENS

**Toelatingsvereistes:** 35 senior (derdejaar)studente in die Verlengde Kurrikulumprogram (VKP) en hoofstroom om as makkers vir ongeveer 100 VKP-eerstejaars op te tree
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
**Duur:** Een koffiesessie per maand vir die hele jaar
**Leweringsmodus:** Persoonlik (aanlyn indien nodig)
**Kontakpersone:** Dane Odendaal (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-studentekomitee (EBSK)) en dr Sharon Malan (VKP-programleier, kantoor van die Dekaan: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
**Kontakbesonderhede:** sbmalan@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Altesaam 35 senior studente (verkieslik VKP-studente) tree op as makkers vir die nuwe VKP-eerstejaarskohort deur hulle vir maandelikse koffiesessies te ontmoet as 'n vorm van onbaatsugtige naastediens.
- Die ondersteuning wat gebied word, is dié van 'n vriend en gespreksgenoot eerder as 'n mentor.
- Die doel is om senior studente persoonlike bande met VKP-eerstejaars te laat bou en sodoende waarde toe te voeg tot die nuwelinge se universiteitservaring en hulle te help tuis voel.
- Makkers voeg waarde toe tot VKP-eerstejaars se universiteitservaring deur hulle te wys hoe om Maties te wees, hulle van geleenthede op kampus te vertel, en te verduidelik hoe hulle die EBW-fakulteit en -gids moet benader.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Die EBSK koördineer en bestuur alle aspekte van die projek wat reklame en administrasie betref.
- Die makkers ontvang opleiding van 'n opvoedkundige sielkundige om doeltreffend te luister, te kommunikeer, psigososiale, akademiese en/of ander behoeftes te identifiseer, en studente te verwys.
- Die makkeropleidingsprogram is ontwerp om senior studente te help om ondersteunende en empatiese vriende vir die VKP-eerstejaars te wees, en om bewustheid te skep van belangrike kwessies vir eerstegenerasiestudente wat dalk na vore tree.
- Deelname is geheel en al vrywillig.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Hierdie inisiatief is wedersyds voordelig:
**Uitkomste vir makkers:**
- Studentemakkers leer om doeltreffend te kommunikeer deur diepluistervaardighede toe te pas.
- Hulle leer ook hoe om konstruktiewe terugvoer te gee.
- Studentemakkers ontwikkel 'n bewustheid van die self en ander, en die vermoë om bedagsaam te wees in hulle interaksies en besluite en om waarde toe te voeg tot, en 'n inklusiewe omgewing te skep vir, VKP-eerstejaars.
- Om bande te bou met eerstejaars met wie hulle nie andersins sou gemeng het nie, bied die makkers 'n verrykende ervaring en laat hulle die sin en betekenis daarvan ervaar om na ander uit te reik.

**Uitkomste vir VKP-eerstejaars:**
- VKP-eerstejaars ontvang 'n makker met wie hulle kan praat en hulle drome en ideale, ervarings, vrese en onsekerhede kan deel.
- Hulle ontvang 'n empatiese oor, advies wanneer dit nodig is, geleenthede om stoom af te blaas, en inligting oor hulpbronne en geleenthede op kampus waarvan hulle nie geweet het nie.

## VERRYKINGSPROGRAM VIR ONDERWYSERS

**Toelatingsvereistes:** Ekonomiese en Bestuurswetenskappe- (EBW-)onderwysers van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Afdeling/fakulteit:** Skool vir Rekeningkunde, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
**Duur:** Vier sessies van 1½ uur elk
**Leweringsmodus:** Aanlyn via MS Teams (voorheen persoonlik)
**Kontakpersoon:** Mev Waldette Engelbrecht, Skool vir Rekeningkunde
**Kontakbesonderhede:**

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Die doel van hierdie toegespitste aanlyn opleidingskursus is om EBW-onderrig in graad 9 te versterk deur onderwysers wat tans dié vak onderrig met die nodige kennis en vaardighede toe te rus.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Die rekeningkundige siklus van debiteure en krediteure word verduidelik en met uitgebreide voorbeelde toegelig.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Onderwysers word toegerus met die kennis en vaardighede om hierdie rekeningkundige konsepte aan leerders te verduidelik – van die gebruik van korrekte brondokumente tot en met vaslegging in finansiële state.

## THUTHUKA

**Toelatingsvereistes:** Beurse vir voorheen benadeelde studente
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
**Duur:** Vier jaar
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersone:** Me Sybil Smit/me Ilse Frans, Skool vir Rekeningkunde
**Kontakbesonderhede:**

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- 'n Transformasie-inisiatief van die SA Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters in samewerking met die Skool vir Rekeningkunde: finansiering, mentorskap en akademiese bystand aan voorheen benadeelde studente wat 'n loopbaan in die rekeningkunde wil volg. Uitgebreide akademiese én nie-akademiese steun om afgeronde geoktrooieerde rekenmeesters op te lewer.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Gemeenskapskakeling (rol as rekenmeester)
- Persoonlike en professionele ontwikkeling
- (Portuur)mentorskap
- Spanwerk en geleentheidskoördinering

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Studievaardighede (geletterdheidsvaardighede)
- Finansiëlegeletterdheidsvaardighede
- Gemeenskapskakeling
- Vakansiewerk om werkservaring op te doen en kennis toe te pas
- Lewensvaardighede
- Organisatoriese vaardighede
- Werkgereedheid (skryf van CV's, onderhoudvaardighede, tydbestuur, stresbestuur, bedryfsbestuur)

## KLEINSAKE-AKADEMIE, STELLENBOSCH BESTUURSKOOL: ONTWIKKELINGSPROGRAM

**Toelatingsvereistes:** Kleinsakelui in lae-inkomstegebiede soos die suidooste van die Kaapse metro (Khayelitsha, Gugulethu, Langa, Paarl, Mitchells Plain, Stellenbosch, ensovoorts) en die Oos-Kaap (Aliwal-Noord). Deelnemers moet beskik oor 'n matrieksertifikaat en 'n bestaande onderneming wat reeds minstens twee jaar in bedryf is.
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
**Duur:** Blokweke wat oor agt maande versprei is
**Leweringsmodus:** Persoonlik,
**Kontakpersone:** Dr Armand Bam en Leslie Jubelin, Stellenbosch Bestuurskool, tel: 021 918 4483
**Kontakbesonderhede:**

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om kleinsakelui in lae-inkomstegebiede hulle ondernemings te help uitbrei

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Noodsaaklike sakevereistes (bestuur, menslike hulpbronne, bedryf)
- Finansiële bestuur
- Bemarking
- Ontwikkeling, skryf en aanbieding van 'n sakeplan
- Ontvang mentorskap van Stellenbosch Bestuurskool-alumni
- Werksessies met rolmodelle

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Studente sal om finansiering kan aansoek doen (by finansiële instansies, finansiers of beleggers).
- Hulle sal hulle ondernemings kan bestuur en uitbrei.
- Boonop sal hulle 'n beter begrip hê van hoe om hulle finansies en ander aspekte van hulle ondernemings te bestuur.



# Fakulteit Opvoedkunde

Die Fakulteit Opvoedkunde streef daarna om 'n leidende rol in sowel plaaslike as wêreldwye onderwys te vervul en opvoedkundige uitdagings die hoof te bied, veral in Suid-Afrikaanse verband. Die Fakulteit is bekend vir sy beduidende navorsingsprofiel, sy klem op onderwys wat ook búite die skoolomgewing plaasvind, en sy interdissiplinêre benadering tot onderwys.

Deur die kombinasie van onderrig, navorsing en gemeenskapskakeling wil die Fakulteit 'n kennisbasis ontwikkel wat sowel onderwysnavorsing as die praktyk van onderwysopleiding uitbou.

Die Fakulteit dra by tot die Nasionale Ontwikkelingsplan deur onderwysopleidingsuitsette én onderwysers se vakkennis uit te brei. Boonop verbeter die Fakulteit skoolleierskap en -bestuur, lei skoolhoofde en onderwysers in swakpresteerderskole op en voorsien hulle by hulle skole van mentorskap en ondersteuning, stel ontwikkelingsprogramme vir dosente in, en verbeter die gehalte van onderwysopleiding in Suid-Afrika.

**Vir verdere inligting:**
GG Cillié-gebou, Ryneveldstraat,
Stellenbosch,
**Telefoon:** 021 808 2258
**Leer ken ons:** http://www.sun.ac.za/english/faculty/education

## BREINTYD: MAAK WISKUNDE SIGBAAR IN SKOLE

**Toelatingsvereistes:** Derde- of vierdejaarstudente in Wiskunde-onderwys
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Opvoedkunde
**Duur:** Ses maande (Februarie tot Julie)
**Leweringsmodus:** Persoonlike installasies by skole
**Kontakpersoon:** Dr Erna Lampen
**Kontakbesonderhede:** ernalampen@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Wiskunde-onderwysstudente leer om interaktiewe plakkate en kaarte vir laerskole te ontwerp en by die skool te installeer.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Betekenisvolle bykomende leerhulpmiddele

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Gebruik ontwerp- en tegnologievaardighede om bykomende leermateriaal, soos meetstasies, meetkunde-tangramme en -blokke, vir laerskoolklasse te maak
- Installeer ontwerpe op speelterreine en in klaskamers

## #COUNT-ME-IN (#CMI)

**Toelatingsvereistes:** BEd-vierdejaars in die kursus Wiskunde-onderwys
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Opvoedkunde
**Duur:** Agt tot elf weke
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersoon:** Agatha Lebethe
**Kontakbesonderhede:** alebethe@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om Wiskunde-onderwysstudente die geleentheid te bied om diensbaar te wees in die gemeenskap deur leerders in graad R tot 3 se telvaardighede en getalbegrip te ontwikkel en sodoende die leerders se selfvertroue en selfbeeld te bou.
- Om in gemeenskapsruimtes te werk ontwikkel ook studente se bewustheid van verskil en diversiteit, wat hulle in staat stel om verdraagsame, responsiewe burgers en onderwysers te word.
- Studente ontwikkel pedagogiese Wiskunde-vakkennis in 'n outentieke omgewing.
- Billikheid – die skep van inhaalgeleenthede vir leerders met agterstande. Die projek konsentreer daarop om die wiskundevaardighede en -begrip van jong leerders in arm skole te ontwikkel en sodoende hoop vir die toekoms te skep.
- Senior onderwysstudente van die US ontvang 'n geleentheid om teorie, praktyk en werk in 'n outentieke leerruimte te integreer. Boonop kry hulle kans om met Wiskunde in die naskoolse ruimte te werk, wat verskil van Wiskunde in skooltyd in die klaskamer.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Billikheid in Wiskunde
- Herkenning van spel in Wiskunde
- Gebruik van speletjies om rekenvaardigheid te ontwikkel
- Ontwerp en verkryging van gepaste Wiskundespeletjies
- Hoe om speletjies te gebruik om 'n band tussen skool, gemeenskapsruimtes en die huis te bou
- Die rol van 'n eie wiskundige wil by jong kinders

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Ontwerp en gebruik ontspanningswiskunde, waaronder speletjies met 'n sterk klem op die ontwikkeling van getalbegrip. Speletjies wat elemente van strategie en toeval behels, is van kernbelang.
- Verdere ontwikkeling en verfyning van onderrigvaardighede
- Dra kennis uit lesings (teoretiese inhoud) oor na die praktyk



## EK KAN LEES

**Toelatingsvereistes:** Studente in die kursus Engels (Opv) vir die Grondslagfase
**Afdeling/fakulteit:** Departement Kurrikulumstudie, Fakulteit Opvoedkunde
**Duur:** 11 weke
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Dr Zelda Barends
**Kontakbesonderhede:** zbarends@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Hierdie inisiatief is daarop gerig om Grondslagfaseleerders se geletterdheidsvaardighede vir lees te verbeter. Deur die beoogde program sal senior onderwysstudente huistaalondersteuningsaktiwiteite aanbied met die klem op klanke en woordbou (twee van die kernkomponente vir die ontwikkeling van leesvaardighede) vir leerders by sekere nasorgfasiliteite in die gemeenskap van Stellenbosch en omgewing.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Die verbetering van onderwysuitkomste en -geleenthede vir jeugontwikkeling
- Die skep van 'n teksryke omgewing vir leerders; blootstelling aan, en interaksie met, die gedrukte woord (klanke en woordbou-aktiwiteite) wat die kind se verbeelding aangryp; die skep van multisintuiglike leeservarings (hardop lees, stories oorvertel, prenteboeke, verskillende tekstiele in boeke); leer deur te speel (woordbou)

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Hierdie projek integreer onderrig en leer, professionele ontwikkeling en navorsing vir en van senior studente wat geletterdheid sal onderrig.
- Die program bied onderwysstudente 'n platform om kultureel responsiewe onderwysers te word wat leerders se verskillende omstandighede in ag neem en onderrigmetodes daarvolgens aanpas.

## LEIERSKAP IN DIE ONDERWYS

**Toelatingsvereistes:** Opvoedkundestudente
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Opvoedkunde
**Duur:** Agt kontaksessies,
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Mnr Spurgeon Wilson (Frederik Van Zyl Slabbert Instituut), Opvoedkunde-studentekomitee
**Kontakbesonderhede:** spurgeon@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Deelnemers verkry insig in die leiersrol wat voornemende en praktiserende onderwysers kan vervul om verskeie aspekte van Suid-Afrikaanse skole te verbeter. Deelnemers neem ook gedurende hulle praktiese onderrigtydperk sekere temaverwante aspekte van Suid-Afrikaanse skole waar en neem deel aan sinvolle gefasiliteerde groepbesprekings oor dié aspekte wanneer hulle van hulle prakties terugkeer. Gedurende hulle prakties moet deelnemers ook krities besin oor die leesmateriaal wat aan hulle voorsien is. In hulle joernaalinskrywings moet deelnemers die gegewe stel vrae beantwoord op 'n manier wat hulle spesifieke skoolkonteks én die algemene Suid-Afrikaanse onderwysstelsel met die kursustemas verbind. Kursusdeelnemers sal ook met hulle portuur saamwerk om konsepte, teorieë en metodes uit twee of meer vakrigtings (buiten die opvoedkunde) te integreer om 'n dieper begrip van 'n komplekse onderwerp in die Suid-Afrikaanse onderwys te vorm.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Vryheidspedagogie en alternatiewe leermodelle
- Onderwysers as agente vir maatskaplike verandering
- Diversiteit en inklusiwiteit in die onderwys
- Taal in die onderwys Interdissiplinêre onderwys
- Onderwys wat die Suid-Afrikaanse samelewing transformeer
- Dekolonialiseer die Suid-Afrikaanse kurrikulum

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Pas kennis toe op vakgebied/in beroep
- Ontwikkel 'n begrip van die leiersrolle wat onderwysers in skole, klaskamers en gemeenskappe kan vervul
- Ontdek hulle rol as agente vir maatskaplike verandering
- Bestudeer onderwyssake en verstaan die vakgebied in verhouding tot ander
- Tree in gesprek met skoolpersoneel en -leerders as deel van 'n kritiese ontleding van temaverwante aspekte van Suid-Afrikaanse skole teen die agtergrond van die algemene samelewing
- Lê 'n verband tussen die klaskamervaring en die lewe buite die formele klasruimte
- Fasiliteer groepbesprekings oor onderwyssake
- Werk saam met mededeelnemers om konsepte, teorieë en metodes uit twee of meer vakrigtings te integreer om sodoende 'n ryker begrip van die komplekse Suid-Afrikaanse onderwysstelsel te ontwikkel

## MULTIMEDIA-WISKUNDESTORIEBOEKE VIR GRONDSLAGFASELEERDERS

**Toelatingsvereistes:** BEd-vierdejaars in die kursus Wiskunde-onderwys
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Opvoedkunde
**Duur:** Agt tot elf weke
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersoon:** Agatha Lebethe
**Kontakbesonderhede:** alebethe@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Doelwitte vir onderwysstudente wentel om die ontwikkeling van multimedialeerhulpbronne, kreatiewe pedagogie, leierskap in die opvoedkunde, kritiese besinning, en selfdoeltreffendheid.
- Senior onderwysstudente ontvang die geleentheid om digitale biblioteke te skep wat hulle in onderrigpraktyk en hulle eie klaskamers kan gebruik.
- Digitale boeke word saam met leerders in die #CMI-projek geskep en geskryf.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Die rol van Wiskundestorieboeke in die Grondslagfase
- Digitale geletterdheid in Wiskunde-onderwys
- Kenmerke en eienskappe van digitale boeke
- Integrasie van tegnologie in onderrig

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Skep digitale Wiskundestorieboeke om jong leerders se wiskundige denke te ontwikkel
- Besin krities oor die gebruik van tegnologie in die ontwikkeling van onderrig- en leerhulpbronne
  Skakels:

https://read.bookcreator.com LGmlBslitcNDg22r0cgDCkuxXvx1 WvLRueyyRae0j7VjOPPLfg
https://read.bookcreator.com/mR8O4qMe9AaBUnVc58dzBY8n8qX2/cIl0faDTR062d8Dt-_USoA

## SUNCOI-INISIATIEF

**Toelatingsvereistes:** Studente in die Nagraadse Onderwyssertifikaat-program/leerders
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Opvoedkunde
**Duur:** n.v.t.
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Dr Nazeem Edwards
**Kontakbesonderhede:** nedwards@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Voorheen benadeelde skole kry die geleentheid om laboratoriums vir voorgeskrewe praktiese werk te gebruik.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Sosiale geregtigheid

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Geleentheid vir studente om met die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) op skoolvlak te werk

## WISKUNDEPROBLEEMOPLOSSINGSKLUB VIR LAERSKOLE

**Toelatingsvereistes:** Derde- of vierdejaars in die kursus Wiskunde-onderwys, en tweedejaars wat Wiskunde of Ingenieurswese studeer
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Opvoedkunde
**Duur:** Ses maande (Februarie tot Julie)
**Leweringsmodus:** Persoonlike klubs by skole
**Kontakpersoon:** Dr Erna Lampen
**Kontakbesonderhede:** ernalampen@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Studente in Wiskunde-onderwys, Wiskunde en Ingenieurswese leer om leerders met probleemoplossingstake by te staan en skryf die leerders in vir die AMESA-wiskundekompetisie.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Polya se probleemoplossingsheuristiek
- Schoenfeld se probleemoplossingstrategieë
- Uitdagende Wiskundeprobleme op laerskoolvlak

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Voltooi die aanlyn kursus en slaag die Suid-Afrikaanse Wiskundestigting se probleemoplossingskursus vir onderwysers (verdien SACE-punte)
- Konsentreer op strukturering eerder as berekening
- Gebruik Polya se heuristiek om probleme op te los
- Los probleme op verskillende maniere op

## UKWANDA-PROJEK

**Toelatingsvereistes:** Nagraadse Onderwyssertifikaat- (NOS-) en Gesondheidswetenskappe -studente
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Opvoedkunde
**Duur:** Ad hoc
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Prof Marie-Louise Botha
**Kontakbesonderhede:** lbot@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- NOS- of BEd-finalejaarstudente (gemiddeld 13 studente per jaar) word gedurende hulle praktiese leertydperk vir tot agt weke se onderrigpraktyk in skole in 'n plattelandse skooldistrik geplaas.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Universiteit-skool-verhoudings
- Verhouding tussen mentor en mentee

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Professionele voorbereiding/ontwikkeling
- Lewensvaardighede
- Kennisverwerwing en -toepassing






# Fakulteit Ingenieurswese

Die Fakulteit Ingenieurswese aan die Universiteit Stellenbosch is een van Suid-Afrika se voorste opleidingsinstansies vir top-ingenieurs. Die Fakulteit, wat in 1944 tot stand gebring is, is geleë in 'n groot kompleks met moderne geriewe. Dit spog met uitnemende onderrigfasiliteite en navorsingslaboratoriums. Die Fakulteit het ongeveer 3 800 studente, van wie ongeveer 2 900 voor- en 900 nagraads is.

- Dit bestaan tans uit vyf departemente:
- Siviele Ingenieurswese
- Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese
- Bedryfsingenieurswese
- Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese
- Chemiese Ingenieurswese

Ál ons BIng-grade is by die Ingenieursraad van Suid-Afrika (ECSA) geakkrediteer sodat gegradueerdes as professionele ingenieurs kan registreer nadat hulle die toepaslike ervaring in die praktyk opgedoen het. Ons grade word ook erken in die lande wat die Washington-ooreenkoms onderteken het, waaronder Australië, Kanada, Nieu-Seeland, die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State van Amerika.

Die Fakulteit Ingenieurswese is aan die voorpunt van basiese en toegepaste navorsing en geniet internasionale erkenning vir sy werk. Deur op voorpunt- en interdissiplinêre navorsing te konsentreer, beleef die Fakulteit sterk groei in sy navorsing en nagraadse programme. Ons het ook 'n jare lange tradisie van noue bedryfsamewerking. Verskeie interne organisasies in die vyf departemente fasiliteer sowel kontraknavorsing as konsultasiewerk vir die bedryf.

Die Fakulteit is navorsingsintensief en is een van die grootste bydraers tot die Universiteit Stellenbosch se navorsingsinkomste.

**Vir verdere inligting:**
H.v. Banghoekweg & Joubertstraat,
Stellenbosch,
**Telefoon:** 021 808 4203
**Leer ken ons:**//www.eng.sun.ac.za/

## INGENIEURSOPLOSSINGS DEUR GEMEENSKAPSAMEWERKING

**Toelatingsvereistes:** Studente moet by die Universiteit Stellenbosch geregistreer wees en moet in die aansoekjaar 'n geregistreerde lid van Maties se tak van Ingenieurs Sonder Grense wees.
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Ingenieurswese
**Duur:** Vyf maande (April-Augustus)
**Leweringsmodus:** Aanlyn
**Kontakpersoon:** Prof Thinus Booysen
**Kontakbesonderhede:** mjbooysen@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Help individue om vaardighede en kennis wat in die klaskamer opgedoen word op projekte toe te pas wat die omliggende gemeenskappe ontwikkel.
- Die Universiteit probeer bande tussen die gemeenskap en die US bou deur die projekte wat Ingenieurs Sonder Grense bedryf.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Projekuiteensettingsvergadering
- Projekopleidingsvergadering
- Ondersoek onderwerp (selfgerigte leer)
- Opleidingsessie (persoonlike ontwikkeling of mensgerigte ontwerp)

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Na afloop van hierdie kursus sal deelnemers:
- in vennootskap met gemeenskappe na oplossings vir gemeenskapsprobleme kan soek;
- kritiese denkvaardighede kan toepas om probleme op te los deur oplossings uit te dink, te evalueer en te implementeer, en sal hulle sodoende doeltreffende agente vir verandering in ons plaaslike gemeenskappe wees;
- kwessies of probleme kan identifiseer en verstaan, en op die beste benadering kan besluit om gepaste oplossings te implementeer;
- inligting krities kan bestudeer en vertolk deur van verskillende tipes beredenering gebruik te maak; en
- hierdie logika doeltreffend aan spanmaats en die gemeenskapslede kan oordra.

## AANVULLENDE STUDIE

**Toelatingsvereistes:** Studente in 314, 474
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Ingenieurswese/Sosiale Impak en Transformasie
**Duur:** Twee uur per week vir beplanningsfase, en agt uur per dag vir die twee weke lange uitvoeringsfase
**Leweringsmodus:** Persoonlik/sosiale media/regstreekse aanlyn sessies
Kontakpersone: **Dr Leslie van Rooi/prof Celeste Viljoen**
**Kontakbesonderhede:** lbvr@sun.ac.za/celesteviljoen@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om die kompleksiteit en geleenthede in die Suid-Afrikaanse samelewing te verstaan
- Om die wêreld van die ingenieur te verbind met die rol wat ingenieurs in die samelewing kan vervul

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Kontekstuele leierskap
- Sosiale impak

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Probleemoplossing, toepassing van wetenskaplike en ingenieurskennis, ingenieursontwerp, ondersoeke, eksperimente en dataontleding
- Ingenieursmetodes, vaardighede, gereedskap, professionele en tegniese kommunikasie
- Impak van ingenieurswese, individuele, span- en multidissiplinêre werk, onafhanklike leervermoë, en ingenieursprofessionaliteit



## GLOBALE INGENIEURS: DIE ROL VAN KULTUUR IN DIE GLOBALE INGENIEURSWERKPLEK

**Toelatingsvereistes:** Voorgraadse BIng-finalejaarstudente of nagraadse ingenieurstudente
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Ingenieurswese
**Duur:** Semester (12 werksessies van twee uur elk, sowel as groepprojekwerk)
**Leweringsmodus:** Hibridies (kombinasie van aanlyn en persoonlik)
**Kontakpersoon:** Prof Deborah Blaine
**Kontakbesonderhede:** dcblaine@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)


- Om studente aan die realiteite en verwagtinge van 'n globale ingenieurswerksomgewing bloot te stel, wat insluit die vereiste vaardighede en bevoegdhede om in hierdie ruimtes te werk, wat dit beteken, en hoe om dit te ontwikkel.
- Om gefasiliteerde geleenthede te voorsien om van verskillende kulture, hulle wêreldbeskouings en kommunikasiestyle te leer deur teorieë oor hierdie onderwerpe te bestudeer en studente geleenthede te bied om die teorieë in die konteks van die klaskamer en leeraktiwiteite te verken.
- Om ervaringgerigte leergeleenthede te voorsien in die vorm van aktiewe deelname aan kommunikasie- en leeraktiwiteite in die multikulturele en kruis-institusionele klaskamerruimte, sowel as deelname aan 'n groepnavorsingsprojek waarvoor studente tussen kulture en omgewings moet werk.
- Om studente geleentheid te bied om vrae te stel aan, en te luister na, bedryfs- en akademiese kenners op die terrein van ingenieurspraktyk en interkulturele kommunikasie.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Kultuur: definisies, teorieë en modelle
- Interkulturele kommunikasie
- Die globale werkplek
- Netwerkgeleenthede
- Subkulture by die werk
- Vroue in ingenieurswese
- Globale ingenieursbevoegdhede

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Identifiseer, verstaan en kommunikeer kulturele ooreenkomste en verskille
- Verstaan en ontwikkel die kenmerke en bevoegdhede wat van globale ingenieurs verwag word
- Kommunikeer doeltreffend en professioneel met mense uit diverse omgewings en kulture
- Werk doeltreffend as deel van 'n diverse span, en benut diversiteit tot voordeel van die span
- Skakel produktief en professioneel in by 'n kruiskulturele en diverse omgewing
- Onderneem onafhanklike navorsing en werk om verantwoordelike, etiese en beleefde bydraes in 'n samewerkende werksomgewing te lewer
- Doen navorsing oor en evalueer inligting met betrekking tot die ingenieursberoep en -bedryf wêreldwyd





# Fakulteit Regs-geleerdheid

Die Fakulteit Regsgeleerdheid konsentreer daarop om studente nie net as regspraktisyns nie, maar ook as regsgeleerdes op te lei en toe te rus. Oudstudente sluit regters, advokate, prokureurs, sakelui, politici en akademici in.

Die Fakulteit het aanvanklik op LLB-grade gekonsentreer. Die LLM-graad (deur 'n tesis) is in 1976 vir die eerste keer aan twee studente toegeken, en in 1994 is die LLM-kursuswerkprogram ook ingestel.

Die LLM-program lok studente van heinde en verre. Dit sluit in studente van Duitsland, Nederland, België, Zimbabwe, Botswana, Kenia, Tanzanië, Namibië en Nigerië.

**Vir verdere inligting:**
H.v. Ryneveld- en Victoriastraat,
Stellenbosch,
**Telefoon:** +27 (0)21 808 4853
**Leer ken ons:** https://blogs.sun.ac.za/law/

## AFRIKAWYE MENSEREGTESKYNHOFKOMPETISIE

**Toelatingsvereistes:** Regstudente
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Regsgeleerdheid
**Duur:** Na gelang van vordering
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersoon:** Dr Bradley Greenhalgh
**Kontakbesonderhede:** bradleyg@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Studente (spanne van twee) neem deel aan die menseregteskynhofkompetisie wat jaarliks by verskillende gasheeruniversiteite in Afrika gehou word.
- Die onderwerp behels 'n feitelike scenario oor menseregteskendings in fiktiewe Afrikastate, en studente beredeneer die saak asof hulle voor die Afrika-unie se Menseregtehof verskyn. Die deelnemers berei mondelinge betoë en uitgebreide skriftelike hofstukke (pleidooie) voor op grond van hulle eie navorsing oor die betrokke terreine van die reg en prosedure.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Mense- en sosialegeregtigheidsregte
- Hof-/siviele prosedure

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Lewensvaardighede
- Professionele voorbereiding
- Skriftelike en mondelinge aanbiedingsvaardighede
- Navorsingsvaardighede
- Spanwerkvaardighede
- 'n Beter kennis en begrip van verskeie toepaslike terreine van die reg
- Kennistoepassing

## CLASI (KONSTITUSIONELE GELETTERDHEIDS- EN DIENSINISIATIEF)

**Toelatingsvereistes:** Toppresteerderstudente in die regte
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Regsgeleerdheid
**Duur:** Weekliks – jaar (na gelang van betrokkenheid)
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakbesonderhede:** CLASI-voorsitter

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- CLASI reël elke jaar 'n verskeidenheid geleenthede en intervensies, wat wissel van werksessiefasilitering en klasse oor konstitusionele aangeleenthede tot debatte en skynhofkompetisies.
- Ongeveer 30 studente werk byvoorbeeld saam met twee plaaslike skole om leerders van hulle grondwetlike regte en die basiese elemente van konstitusionele geregtigheid bewus te maak.
- CLASI is ook 'n nasionale program, en studente van die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Regsgeleerdheid maak die plaaslike tak uit.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Konstitusionele geletterdheid
- Burgerskap en sosiale geregtigheid
- Professionele ontwikkeling

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Leierskap
- Professionele voorbereiding
- Lewensvaardighede

## FINANSIËLEGELETTERDHEIDSPROGRAM

**Toelatingsvereistes:** Derdejaars in die program LLB (of ekwivalent) óf meer senior regstudente, en derdejaars in die program Finansiële Beplanning (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
**Afdeling/fakulteit:** Die fakulteite Regsgeleerdheid, en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW)
**Duur:** Tien uur
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakbesonderhede:** Universiteit Stellenbosch Regskliniek

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Aanbiedings en interaksies met leerders van verskeie plaaslike skole; leer leerders oor hulle regte ingevolge die Wet op Verbruikersbeskerming en die Nasionale Kredietwet (regstudente); die opstel van 'n persoonlike finansiële begroting (EBW-studente)

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Sosiale geregtigheid
- Sosiale verantwoordelikheid
- Burgerskap
- Toegang tot geregtigheid
- Voorspraak
- Professionele ontwikkeling

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Lewensvaardighede
- Professionele voorbereiding
- Kennistoepassing



## INTERNSKAPPROGRAM

**Toelatingsvereistes:** Regstudente
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Regsgeleerdheid Duur: Jaarliks
**Kredietdraend:** Losstaande
**Leweringsmodus:** Persoonlik/sosiale media/regstreekse aanlyn sessies
**Kontakpersoon:** Dr Bradley Greenhalgh
**Kontakbesonderhede:** bradleyg@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Vir hierdie program, waarvan die eerste aflewering in 2023 in die Julie-vakansie aangebied is, het die Juridiese Vereniging in samewerking met die Kantoor van die Nasionale Vervolgingsgesag ongeveer 15 studente in internskappe van een tot twee weke by verskeie landdroshowe in die Wes-Kaap geplaas, na gelang van die hof se beskikbare tyd.
- Hoewel die program as 'n proef aangebied is, is die hoop dat dit 'n jaarlikse instelling sal word.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Leierskap

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Professionele ontwikkeling/voorbereiding
- Lewensvaardighede
- Kennisverwerwing en -toepassing

## JURIDIESE VERENIGING-STUDENTELIGGAAM

**Toelatingsvereistes:** Die vereistes vir toelating word in artikel 4 van die grondwet van die Juridiese Vereniging uiteengesit en is soos volg:

1. Enige student kom in aanmerking om in die Juridiese Vereniging te dien, mits –

   a)hulle geregistreer is vir die program BA (Regte), BCom (Regte), BRekLLB, LLB of nagraadse LLB; EN

   b)hulle voldoen aan die HEMIS-vereistes van die Fakulteit; EN

   c)hulle hulleself beskikbaar stel en daarna verkies word volgens die prosedure in artikel 9 of 10 van die grondwet van die Juridiese Vereniging, of aangewys word ingevolge die prosedure in artikel 14.

**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Regsgeleerdheid
**Duur:** 11 maande (Oktober–September)
**Leweringsmodus:** Aanlyn
**Kontakpersone:** Thalalolwazi Msutu/dr Bradley Greenhalgh
**Kontakbesonderhede:** tmsutu@sun.ac.za/bradleyg@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om lede van die Juridiese Vereniging te voorsien van noodsaaklike vaardighede om doeltreffend te kommunikeer en te beplan sodat hulle hul leierskapsrolle kan vervul en hulle voorgeskrewe take tydig kan verrig.
- Om studente 'n sê te gee deur die interne en eksterne belange van studente van die Fakulteit Regsgeleerdheid te verteenwoordig, en sodoende uitvoering te gee aan die Universiteit Stellenbosch se kern strategiese tema om 'n transformerende studente-ervaring te bied.
- Om die ontwikkeling van lede van die Juridiese Vereniging as dinamiese professionele individue te bevorder sodat hulle, deur die aanbieding van strategiese konferensies en vergaderings, toegerus kan word om in 'n professionele vereniging/omgewing te funksioneer.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Strategiese konferensies
- Studenteleierskapskamp/-kursusse
- Projekte van die Juridiese Vereniging
- Weeklikse vergaderings

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Na afloop van hierdie kursus sal deelnemers:
- professionele organisatoriese en kommunikasievaardighede aan die dag kan lê in hulle skakeling met medestudente, personeel en diegene wat op regsgebied werk, soos wat uit die Loopbaanskou en Regsdans blyk;
- van doeltreffende strategieë kan gebruik maak om hulle tyd as studenteleiers te bestuur en take voor die betrokke sperdatum te voltooi;
- die behoeftes van die studentegemeenskap kan verteenwoordig deur middel van die invloed wat die Juridiese Vereniging op die fakulteitsraad en onderrig- en leerkomitee het;
- die missiestelling van die Juridiese Vereniging kan toepas om deursigtige leierskap in die Fakulteit Regsgeleerdheid vas te lê ooreenkomstig die aanhef van die grondwet van die Juridiese Vereniging;
- interpersoonlike kommunikasievaardighede kan toepas wanneer hulle enige moontlike probleme in die konteks van 'n ander se portefeulje hanteer en oplos sodat lede van die Juridiese Vereniging doeltreffend saamwerk; en
- kan uitvoering gee aan die spesifieke portefeuljes wat binne die raamwerk van die grondwet van die Juridiese Vereniging aan hulle toegeken is.

## STUDENTE-AMBASSADEURS VAN DIE FAKULTEIT REGSGELEERDHEID | KLASVERTEENWOORDIGERS

**Toelatingsvereistes:** Regstudente (vanaf tweedejaarsvlak)
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Regsgeleerdheid
**Duur:** Twee tot drie maande, na gelang van betrokkenheid
**Leweringsmodus:** Aanlyn
**Kontakpersoon:** Dr Bradley Greenhalgh; Juridiese Vereniging (JV/S)
**Kontakbesonderhede:** bradleyg@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Studente word in elk van die hoofregsmodules van die program deur hulle portuur verkies om as klasverteenwoordigers te dien.
- Hulle vorm dan die skakel tussen die algemene studentegemeenskap en die JV/S oor akademiese aangeleenthede in die verskillende regsmodules.
- Die verteenwoordigers skakel met die JV/S, wat op hulle beurt met die Fakulteit skakel om enige navrae of kwessies te hanteer.
- Die studente-ambassadeurs- (SA-)projek identifiseer 'n uitgesoekte groep senior regstudente om nuwe voornemende studente deur middel van 'n Facebook-groepblad/Telegram-groep (of iets soortgelyk) te moniteer en met hulle te skakel.
- Die SA's ontvang opleiding en skakel dan meer informeel met die voornemende studente op die Facebook-blad en beantwoord enige vrae/navrae oor hulle eerste jaar van regstudie – wat om te verwag; wat om saam te bring; vrae oor registrasie, ensovoorts.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Leierskap

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Lewensvaardighede
- Kennistoepassing
- Leierskap

## LEIERSKAP IN DIE REGTE

**Toelatingsvereistes:** Regstudente
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Regsgeleerdheid
**Duur:** 12–14 sessies
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersoon:** Dr Bradley Greenhalgh
**Kontakbesonderhede:** bradleyg@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om regstudente 'n begrip te bied van die leierskapstyle en -vaardighede wat hulle in staat sal stel om hulle gemeenskappe en Suid-Afrika met behulp van hulle regskennis vorentoe te neem.
- Bemagtiging vind plaas deur 'n kurrikulum wat blootstelling bied aan sekere vaardighede en vermoëns, en wat deelnemers aanmoedig om krities om te gaan met verskillende sienings en idees oor leierskap met betrekking tot die reg en die regswêreld.
- Om kritiese gesprek en debatvoering tussen deelnemers uit verskillende omstandighede aan te moedig sodat diverse regstudente hulle leierskapsidees en -ervarings kan uitruil.
- Om deelnemers te wys hoe om hulle regsgraad met hulle grootste passie te versoen, en om hulle met die vereiste vaardighede vir loopbaanbestuur toe te rus en hulle bekend te stel aan die wye verskeidenheid werksmoontlikhede vir studente met 'n regsgraad.
- Om groter bewustheid te skep van die maatskaplike verantwoordelikheid van regstudente, as jong regsgeleerdes, om die waardes van die Grondwet en die Handves van Regte te handhaaf deur onderwerpe soos transformasie, sosiale aktivisme en die rol van die regte te oordink.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Die waarde en impak van studenteleierskap
- Professionaliteit op regsgebied
- Leierskap in die samelewing
- Betrokkenheid by maatskaplike kwessies as 'n lid van die regsberoep
- Maatskaplike verantwoordelikheid
- Identifiseer en bestuur jou loopbaan
- Sosiale geregtigheid

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Kritiese skakeling en gesprek onder deelnemers uit verskillende omstandighede om hulle leierskapservarings as diverse regstudente te bespreek
- Loopbaanbestuur deur 'n regsopleidingskamp
- Vermoë om idees so te verwoord dat die standpunt geregverdig kan word
- Bewustheid van die maatskaplike verantwoordelikheid van regstudente om die Grondwet en die Handves van Regte te handhaaf
- Lewensvaardighede, kennistoepassing, kritiese denke, vermoë om graadinhoud met werklike, praktiese scenario's te verbind, openbare redevoering, maatskaplike betrokkenheid
- Loopbaangereedheid, waaronder die skryf van 'n CV, onderhoudvaardighede, netwerkvaardighede

## SASLAW (VERENIGING VIR SUID-AFRIKAANSE ARBEIDSREG) SE GENOOTSKAP VIR JONG VAKKUNDIGES

**Toelatingsvereistes:** Regstudente in hulle finale/voorfinale jaar
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Regsgeleerdheid
**Duur:** Een jaar
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Dr Bradley Greenhalgh; Juridiese Vereniging (JV/S)
**Kontakbesonderhede:** bradleyg@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Bevorder professionele ontwikkeling op die gebied van die arbeidsreg.
- Bevorder toegang tot die reg deur middel van die verskillende arbeidsregadviesklinieke in die arbeidshowe.
- Studente kan inskryf om deel te wees van SASLAW se nasionale program en sodoende blootstelling kry aan ander arbeidsregpraktisyns, arbeidsregseminare, ensovoorts.
- CLASI se ooreenkoms met die Genootskap vir Jong Vakkundiges van SASLAW maak daarvoor voorsiening dat ongeveer 40 studente internskappe by die verskillende arbeidshowe in Kaapstad, Durban en Johannesburg voltooi. In Durban en Johannesburg werk studente oor die akademiese vakansies as hof-interns.
- In die meeste gevalle word internskappe op Vrydae aanvaar – op 'n rotasiegrondslag – en die meeste van die deelnemers bring altesaam minstens twee dae by die arbeidshof in Kaapstad deur. Daarom kan hulle ook deelneem aan die internskapprogram van die arbeidshowe, of werk in die verskillende gemeenskapsgerigte arbeidsregadviesklinieke wat deur die arbeidshowe bedryf word.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Professionele ontwikkeling

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Professionele ontwikkeling/voorbereiding
- Lewensvaardighede
- Kennisverwerwing en -toepassing

## STUDENTE VIR REG & SOSIALE GEREGTIGHEID (SLSJ)

**Toelatingsvereistes:** Regstudente
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Regsgeleerdheid
**Duur:** Na gelang van betrokkenheid
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersoon:** Dr Bradley Greenhalgh
**Kontakbesonderhede:** bradleyg@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- SLSJ Maties (as deel van die nasionale SLSJ-program) voor elke jaar 'n aantal projekte vir die bevordering van sosiale geregtigheid en regsoewereiniteit aan.
- Seminare word aangebied, tesame met spesifieke uitreikprojekte wat gewoonlik op omliggende skole afgestem is of deel uitmaak van groter bewusmakingsveldtogte (soos oor seksuele teistering).
- SLSJ Maties werk ook binne 'n plaaslike gemeenskapsdiensportefeulje om plaaslike gemeenskappe se toegang tot die reg te probeer verbeter (onder meer met 'n familieregkliniek, skoolwerksessies, en hofbesoeke saam met leerders).

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Menseregte
- Sosialegeregtigheidsregte
- Voorspraak

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Lewensvaardighede
- Professionele voorbereiding
- Kennistoepassing

## UNIVERSITEIT STELLENBOSCH SENTRALE DISSIPLINÊRE KOMITEE

**Toelatingsvereistes:** LLM-/finalejaarstudente
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Regsgeleerdheid
**Duur:** Ad hoc
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersoon:** Dr Bradley Greenhalgh
**Kontakbesonderhede:** bradleyg@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Die Jaarboek van die Universiteit Stellenbosch vereis dat twee studente in die Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK) dien, van wie ten minste een 'n LLM- of (minstens 'n finalejaar- nagraadse) LLB-student moet wees.
- As gevolg van die ad hoc-aard van die SDK-verhore word 'n paneel studente wat aan hierdie maatstawwe voldoen dus benoem om te verseker dat die vereiste getal studente beskikbaar is om in die komitee te dien.
- Elke paneellid is deel van ten minste een SDK-verhoor, maar dikwels heelwat meer (na gelang van die getal verhore in 'n bepaalde jaar).
- Die aard van die verhore en die gepaardgaande proses, wat volledig op die terrein van die prosesreg val en dikwels ook ander, verwante regsgebiede betrek, bied die studente blootstelling wat tot hulle groei en die ontwikkeling van die kenmerke van die US-gegradueerde bydra.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Leierskap
- Professionele ontwikkeling
- Sosiale geregtigheid

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Professionele voorbereiding/ontwikkeling
- Lewensvaardighede
- Kennisverwerwing en -toepassing

## UNIVERSITEIT STELLENBOSCH STUDENTEHOF

**Toelatingsvereistes:** LLM-/finalejaarregstudente
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Regsgeleerdheid
**Duur:** Ad hoc (na gelang van sake)
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersoon:** Dr Bradley Greenhalgh
**Kontakbesonderhede:** bradleyg@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Die regsbevoegdheid van die Studentehof, wat uit vyf senior regstudente bestaan, sluit alle studenteverwante aangeleenthede op kampus in.
- In die besonder is die Studentehof verantwoordelik vir die beslegting van studentegeskille, interverenigingsgeskille, en grondwetlike aangeleenthede van die SR.
- Dit funksioneer as 'n onafhanklike administratiewe tribunaal wat die Studentegrondwet onpartydig en sonder aansien van die persoon toepas.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Leierskap
- Professionele ontwikkeling
- Sosiale geregtigheid

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Professionele voorbereiding/ontwikkeling
- Lewensvaardighede
- Kennisverwerwing en -toepassing

## US SKYNHOFVERENIGING

**Toelatingsvereistes:** Regstudente
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Regsgeleerdheid
**Duur:** Na gelang van betrokkenheid
**Leweringsmodus:** Persoonlik en aanlyn
**Kontakpersoon:** Dr Bradley Greenhalgh
**Kontakbesonderhede:** bradleyg@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om geleenthede en interne skynhof-/skynverhoorkompetisies te reël sodat studente teen verskillende spanne kan meeding.
- Die komitee organiseer gewoonlik elke jaar 'n strafreg- sowel as 'n sivieleregskynhofkompetisie en help ook met die skynhof vir Romeinse reg.
- Die komiteelede vervul uiteraard leierskaps- en administratiewe rolle, terwyl die verskillende deelnemers professionele voorbereidingsvaardighede aanleer.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Professionele ontwikkeling

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Skryf-/navorsings-/mondelinge vaardighede
- Lewensvaardighede
- Spanwerkvaardighede
- Kennistoepassing
- Professionele voorbereiding





# Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW)

Ons besef dat uitnemende prestasie in ál ons bedrywighede afhang van ons vermoë om die mees begaafde, passievolle en toegewyde mense te lok en te behou.

Daarom streef die FGGW daarna om 'n institusionele kultuur te bou wat 'n verskeidenheid studente en personeellede verwelkom, ontwikkel en ondersteun.

Die Fakulteit bevorder ook 'n inklusiewe omgewing wat deur wedersydse respek gekenmerk word en waar almal sonder diskriminasie kan leer en werk. Daarbenewens moedig FGGW 'n ingesteldheid van aanpasbaarheid en vernuwing aan omdat ons glo dat hierdie eienskappe noodsaaklik is om die komplekse gesondheidsorguitdagings in Suid-Afrika en die res van die wêreld die hoof te bied en institusionele en wêreldwye volhoubaarheid te verseker.

**Vir verdere inligting:**
Francie van Zijl-rylaan, Tygerberg 7505, Kaapstad
**Leer ken ons:**
http://www.sun.ac.za/english/faculty/healthsciences/

## JAARKONFERENSIE VIR ALGEMENE PRAKTISYNS

**Toelatingsvereistes:** Algemene praktisyns
**Afdeling/fakulteit:** StellMed, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
**Duur:** Drie dae lange kurs
**Datums:** 29–31 Mei 2024
**Leweringsmodus:** Persoonlik (didakties)
**Kontakpersoon:** Shirley Maart
**Kontakbesonderhede:** smaart@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om algemene praktisyns op hoogte te bring van die jongste ontwikkelings en behandelings op die verskillende terreine wat die program aandui, en sodoende veilige praktykvoering te bevorder.
- Die oorhoofse doel is om hulle met die nodige basiese kennis van die grondbeginsels op die verskillende terreine toe te rus.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Dermatologie vir algemene praktisyns
- Vrouegesondheid vir algemene praktisyns
- Pediatrie en kindergesondheid
- Huisartskunde
- Aansteeklike siektes
- Etiek

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Die afgevaardigdes sal na afloop van die drie dae lange kursus hulle nuwe kennis in hulle onderskeie praktyke kan toepas.




# Fakulteit Krygskunde

## Visie

'n Leier in professionele militêre hoër onderwys, opleiding en ontwikkeling

## Missie

'n Akademie wat militêre hoër onderwys, opleiding en ontwikkeling vir die verdediging- en veiligheidsomgewing bied deur sosiaal impakryke onderrig, leer en navorsing

## Waardes

Menswaardigheid
Integriteit
Onbaatsugtige diens
Verantwoordbaarheid

**Vir verdere inligting:**
Fakulteit Krygskunde
Privaat Sak X2
Saldanha 7393
**Leer ken ons:** http://www.sun.ac.za/english/faculty/milscience



# Fakulteit Natuurwetenskappe

Die Fakulteit Natuurwetenskappe word hoog aangeslaan in Suid-Afrika, Afrika en die internasionale akademiese arena as 'n belangrike kennisvennoot wat 'n aktiewe rol in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing vervul.

Die Fakulteit het agt departemente sowel as verskeie wêreldbekende sentrums met uitnemende fasiliteite en gevestigde navorsingsgroepe. Ons bied opleiding in die fundamentele wetenskappe in die vorm van graadprogramme in die fisiese, biologiese en wiskundige wetenskappe.

Ongeveer 30% van ons studente is nagraads, en ons verleen elke jaar 'n groot getal navorsingsgebaseerde magister- en doktorsgrade. Ons spits ons daarop toe om ons navorsingsuitsette in gerekende internasionale vaktydskrifte te publiseer, en gebruik die Nasionale Navorsingstigting (NNS) se graderings as 'n riglyn vir die erkenning van ons personeel op hulle onderskeie vakgebiede.

Die Fakulteit Natuurwetenskappe werk saam met die Departement van Wetenskap en Innovasie en talle ander instellings om bewustheid te skep van die belang van wetenskap en tegnologie in die samelewing en in ons skole. Ons dra ook by tot samelewingsvermoë en mense-ontwikkeling deur vennootskappe met skole en wetenskaponderwysers te smee.

**Vir verdere inligting:**
**Telefoon:** 021 808 3072
**Leer ken ons:** http://www.sun.ac.za/english/faculty/science/

## ePHYS

**Toelatingsvereistes:** Voorlopig aanvaarde en ingeskrewe BSc-eerstejaarstudente wat vir enige Fisika-eerstejaarsmodule geregistreer is. Studente wat vir Fisika 114 en 144, Fisika 176, Fisika (Bio) 134 en 154 sowel as Ingenieursfisika 113 en 152 geregistreer is, kan gerus van dié hulpbron gebruik maak.
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Natuurwetenskappe
**Duur:** n.v.t.
**Leweringsmodus:** Aanlyn teen eie tempo
**Kredietdraend:** n.v.t.
**Kontakpersoon:** Dr Christine Steenkamp
**Kontakbesonderhede:** csteenkamp@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om voornemende en huidige studente die gaping tussen Fisika op hoërskool- en universiteitsvlak te help oorbrug.
- Om eerstejaarstudente die nodige wiskundevaardighede te help ontwikkel om die Fisika-kurrikulum te bemeester.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Inleidende fisika- en wiskundige begrippe, waaronder wiskundige funksies, grafieke, die manipulasie van algebravergelykings, werk met vektore, vektorprodukte, differensiasie, en integrasie

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Begrip van die wiskundige taal wat gebruik word om fisikabeginsels neer te skryf
- Vaardige en selfversekerde toepassing van wiskundige bewerkinge, soos wat daar van Fisika-eerstejaars verwag word
- Die vermoë om die eerste treë te neem om probleme op te los deur wiskundige modelle te bou

## LEERFASILITERINGSOPLEIDING VLAK 1

**Toelatingsvereistes:** Voor- of nagraadse BSc-studente
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Natuurwetenskappe
**Duur:** Twee tot drie maande
**Leweringsmodus:** Aanlyn
**Kredietdraend:** NKR 7
**Platform:** SUNOnline
**Kontakpersone:** Dr Hanelie Adendorff en dr Ilse Rootman-le Grange
**Kontakbesonderhede:** HJA@sun.ac.za and ilser@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Hierdie eerste vlak van 'n kursus met drie vlakke beoog om huidige en voornemende Wetenskap-portuurfasiliteerders bekend te stel aan die grondbeginsels van tutorwerk om leer gedurende tutoriale en praktiese sessies in verskeie Wetenskap-dissiplines te fasiliteer.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Kenmerke van 'n professionele tutor
- Opvattings oor tutorwerk
- Leerstyle
- Selfbeskikkingsteorie (motivering)
- Leerfasilitering in wetenskapdissiplines.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Ondersoek hulle eie siening en begrip van tutorwerk teen die agtergrond van kennis uit die onderrig- en leerdomein
- Verduidelik die rol van die portuurfasiliteerder soos wat die Fakulteit Natuurwetenskappe dit voorstel, en pas die teoretiese begrippe van leerfasilitering wat in die kursus hanteer word in hulle eie konteks toe
- Kommunikeer doeltreffend met studente
- Help studente onafhanklike probleemoplossers word
- Lê doeltreffende en professionele werkpraktyke aan die dag as deel van 'n moduletutorspan
- Lewer bewys van eerste treë na nadenkende praktyk die vermoë om uit eie ervaring te leer en eie praktyk te verbeter

## LEERFASILITERINGSOPLEIDING VLAK 2

**Toelatingsvereistes:** Voorgraadse of nagraadse BSc-studente met 'n voltooiingsertifikaat vir Leerfasiliteringsopleiding vlak 1
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Natuurwetenskappe
**Duur:** Twee tot drie maande
**Leweringsmodus:** Aanlyn
**Kredietdraend:** NKR 7
**Platform:** SUNOnline
**Kontakpersone:** Dr Hanelie Adendorff en dr Ilse Rootman-le Grange
**Kontakbesonderhede:** HJA@sun.ac.za and ilser@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Hierdie tweede vlak van 'n kursus met drie vlakke beoog om Wetenskap-portuurfasiliteerders toe te rus met die vermoë om dieper na te dink oor die rol wat hulle eie opvattings oor onderrig in hulle tutorwerk speel. Dit bied hulle ook die gereedskap om hulle eie onderrig/tutorwerk te ontleed.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Legitimasiekodeteorie: Semantiek
- Inventaris van onderrigsienings
- Profiele van onderrigsienings

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Beskryf die sterkpunte en tekortkominge van hulle eie oorheersende opvattings oor onderrig
- Ondersoek hulle eie siening en begrip van tutorwerk teen die agtergrond van kennis uit die onderrig- en leerdomein
- Ontleed 'n onderrigafdeling met behulp van die semantiekdimensie van die legitimasiekodeteorie
- Beveel maniere aan om tutorwerk met behulp van die semantiekdimensie van die legitimasiekodeteorie te verbeter
- Besin oor hulle eie praktyk (leer uit eie ervaring en verbeter eie praktyk)



## LEERFASILITERINGSOPLEIDING VLAK 3

**Toelatingsvereistes:** Voorgraadse of nagraadse BSc-studente met voltooiingsertifikate vir Leerfasiliteringsopleiding vlak 1 en 2
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Natuurwetenskappe
**Duur:** Twee tot drie maande
**Leweringsmodus:** Aanlyn
**Kredietdraend:** NKR 7
**Platform:** SUNOnline
**Kontakpersone:** Dr Hanelie Adendorff en dr Ilse Rootman-le Grange
**Kontakbesonderhede:** HJA@sun.ac.za and ilser@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Hierdie derde vlak van 'n kursus met drie vlakke beoog om:
- huidige en voornemende Wetenskap-portuurfasiliteerders aan leerfasilitering in 'n aanlyn omgewing bekend te stel; en
- die assessering van studenteleer te verstaan en krities te ontleed.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Aanlyn leerfasilitering
- Assessering van studenteleer en -begrip
- Kenmerke van 'n professionele aanlyn tutor

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Onderskei tussen verskillende oogmerke van studente-assessering, bv. formatief en summatief
- Verduidelik die verskillende maatstawwe vir geldige assessering
- Verstaan hoe bogenoemde maatstawwe in die praktyk werk
- Kan studente motiveer om aan die aanlyn ruimte deel te neem
- Kan besprekings in die aanlyn ruimte fasiliteer
- Verstaan die faktore wat studente se deelname aan aanlyn omgewings beïnvloed

## LEEREENHEDE VIR BETER WISKUNDEVAARDIGHEDE

**Toelatingsvereistes:** Voorlopig aanvaarde en ingeskrewe BSc-eerstejaars, alle EBW-eerstejaars met Wiskundepunte van tussen 60% en 70% in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen, en alle VKP-studente in Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe, Ingenieurswese, en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
**Afdeling/fakulteit:** Die fakulteite Natuurwetenskappe, en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
**Duur:** n.v.t.
**Leweringsmodus:** Aanlyn teen eie tempo
**Kredietdraend:** n.v.t.
**Kontakpersone:** Dr Washiela Fish (Fakulteit Natuurwetenskappe), prof Ingrid Rewitzky (Fakulteit Natuurwetenskappe) en mnr Rodney Randall (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
**Kontakbesonderhede:** wfish@sun.ac.za, rewitzky@sun.ac.za, rwr@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om voornemende en huidige studente die gaping tussen Wiskunde op hoërskool- en universiteitsvlak te help oorbrug
- Om eerstejaar- en VKP-studente wat met Wiskunde sukkel die grondbeginsels te help bemeester

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Grondliggende wiskundebegrippe en -prosedures, waaronder algebraïese verwerking, funksies en vergelykings, getalbegrip, tydlyne, teltegnieke, en waarskynlikheid

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Studente verbeter hulle vaardigheid in grondliggende wiskundige begrippe en prosedures tot op die vlak wat by die aanvang van die voorgeskrewe Wiskunde-eerstejaarsmodules verwag word.



## NATUURWETENSKAPPE-STUDENTEKOMITEE (NSK)

**Toelatingsvereistes:** Studente moet by die Universiteit Stellenbosch vir een van die programme van die Fakulteit Natuurwetenskappe geregistreer wees.
**Toelatingsvereistes:**
- Studente moet aan HEMIS-leierskapsvereistes voldoen.
- Studente moet geen geskiedenis van oortredings of skending van die riglyne van die Universiteit Stellenbosch hê nie.

**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Natuurwetenskappe
**Duur:** Nege maande
**Kontakpersoon:** Dr Marnel Mouton
**Kontakbesonderhede:** marnel@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC APPROVED TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om deelnemers toe te rus met institusionele en burgerlike kennis sodat hulle ander studente van die Fakulteit Natuurwetenskappe akademies kan bystaan. Dit skep die geleentheid vir deelnemers om die belang van grondwetlikheid en beleid te verstaan, en hoe dit met waardegegronde, etiese leierskap verband hou.
- Om deelnemers met algemene bestuursvaardighede toe te rus sodat hulle toegewese projekpligte krities kan beplan en uitvoer. Dit versterk die Suid-Afrikaanse arbeidsmag met individue wat oor probleemoplossings-, kritiesedenk- en bestuursvaardighede beskik.
- Hierdie leergeleentheid beoog om deelnemers se spanwerkvermoë, samewerking en interpersoonlike vaardighede te ontwikkel sodat hulle nie net met die studente van die Fakulteit Natuurwetenskappe nie, maar ook met die bestuurstrukture van die Fakulteit sal kan omgaan en skakel.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Portuurassesserings
- Geestesgesondheidsontleding (weeklikse vergaderings)
- Nabetragting oor gebeure (weeklikse vergaderings)
- Klasverteenwoordigeropnames
- Portefeuljeverslag

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Die kursus sal deelnemers met projekbestuursvaardighede toerus om toegewese take/pligte doeltreffend te beplan en uit te voer. Deelnemers sal voorbereid wees om die arbeidsmag te betree met kritieke beplanning- en projekbestuursvaardighede, wat die Suid-Afrikaanse wetenskaplike terrein op lang termyn sal verbeter.
- Die leergeleentheid beoog ook om deelnemers se spanwerk- en interpersoonlike vaardighede te ontwikkel. Deelnemers sal met lede van die wetenskaplike studentegemeenskap van die Universiteit Stellenbosch omgaan en skakel. Dit bevorder samehang onder studente.
- Deelnemers sal 'n dieper begrip ontwikkel van die strukturele komponent van die Universiteit Stellenbosch, en van Universiteitsbeleid in die Fakulteit Natuurwetenskappe. Sodoende word hulle burgerlike geletterdheid verbeter.
- Deur aan hierdie module deel te neem, leer studente om individue in groepverband te verstaan, en verbeter hulle ook hulle eie spanwerkvermoë.

## READTHEORY

**Toelatingsvereistes:** BSc- en VKP-eerstejaars
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Natuurwetenskappe
**Duur:** Ingebed
**Leweringsmodus:** Aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessering
**Kontakpersoon:** Mev Marisca Coetzee (Leeslaboratorium)
**Kontakbesonderhede:** taalsentrum@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Die doel en oogmerk van ReadTheory is om studente op 'n gepaste ingewikkeldheidsvlak aan 'n tematies uiteenlopende aantal aanlyn leesbegripvasvrae bloot te stel ten einde hulle leesbegripvaardighede, kritiese lees-/denkvermoë en Engelse taalvaardighede verder te ontwikkel.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Leesbegrip
- Kritiese lees vir kritiese denke
- Engels vir akademiese doeleindes
- Tematies uiteenlopende aanlyn begripvasvrae wat uit meerkeusevrae bestaan (in dieselfde formaat as die Nasionale Normtoetse)

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Lees strategies en verstaan teks op 'n Lexile-vlak van 1395L (teksingewikkeldheid op eerstejaarsvlak) of hoër
- Ontwikkel 'n wyer aktiewe en passiewe woordeskat
- Lees en dink krities
- Lees vlotter en verbeter dus die tempo waarteen hulle teks verwerk (lees)

## WETENSKAP IN KONTEKS 178/UNIVERSITEITSPRAKTYK IN DIE NATUURWETENSKAPPE 176 – GROEPWERK

**Toelatingsvereistes:** BSc- en VKP-eerstejaars
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Natuurwetenskappe
**Duur:** Ingebed
**Leweringsmodus:** Persoonlik/aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessering
**Kontakpersoon:** Dr Ilse Rootman-le Grange
**Kontakbesonderhede:** ilser@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Die doel van hierdie toegespitste aktiwiteite is om studente met die nodige vaardighede toe te rus om doeltreffend en strategies aan groepprojekte en -opdragte deel te neem.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Kommunikasiestyle en -model
- Fases van groepvorming en groeprolle
- Konflikbestuur

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Ken gedurende groepopdragte toepaslike verantwoordelikhede aan individuele spanlede toe op grond van kommunikasiestyle
- Identifiseer eie sterk- en swakpunte in groepverband
- Lê beperkte konflikbestuursvaardighede aan die dag
- Identifiseer hulle eie voorkeurkommunikasiestyl

## WETENSKAP IN KONTEKS 178/UNIVERSITEITSPRAKTYK IN DIE NATUURWETENSKAPPE 176 – TYDBESTUURSVAARDIGHEDE

**Toelatingsvereistes:** BSc- en VKP-eerstejaars
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Natuurwetenskappe
**Duur:** Ingebed
**Leweringsmodus:** Persoonlik/aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessering
**Kontakpersone:** Dr Ilse Rootman-le Grange (eerstejaars) en dr Marnel Mouton (VKP)
**Kontakbesonderhede:** ilser@sun.ac.za and marnel@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)


- Die doel van hierdie toegespitste aktiwiteite is om studente met die nodige vaardighede toe te rus om hulle studie en persoonlike tyd doeltreffend en strategies te bestuur ten einde suksesvolle gegradueerdes te word.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Begrip en berekening van veronderstelde ure
- Identifisering van, en onderskeid tussen, verantwoordelikhede, nodige aktiwiteite en ander, nieverpligte aktiwiteite
- Opstel van 'n gebalanseerde rooster wat studie én sosiale lewe in ag neem

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Studente sal die gemiddelde tyd kan bepaal wat hulle aan verskillende modules moet bestee.
- Studente sal hulle persoonlike vryhede, behoeftes en verantwoordelikhede kan identifiseer.
- Studente sal 'n bruikbare en realistiese rooster kan opstel



## WETENSKAP IN KONTEKS 178/UNIVERSITEITSPRAKTYK IN DIE NATUURWETENSKAPPE 176 – STUDIEMETODES

**Toelatingsvereistes:** BSc- en VKP-eerstejaars
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Natuurwetenskappe
**Duur:** Ingebed
**Leweringsmodus:** Persoonlik/aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessering
**Kontakpersone:** Dr Ilse Rootman-le Grange (eerstejaars) en dr Marnel Mouton (VKP)
**Kontakbesonderhede:** ilser@sun.ac.za and marnel@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Die doel van hierdie toegespitste aktiwiteite is om studente die gereedskap te bied om hulle voorkeurleerstyl en die gepaste gepaardgaande studiemetodes te identifiseer en hulle sodoende suksesvolle gegradueerdes te help word.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Opname oor leerstyle
- Beskrywing van verskillende leerstyle
- Bespreking van verskillende studiemetodes

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Identifiseer hulle eie én in sommige gevalle ook ander se leerstyle
- Identifiseer watter studiemetodes meer en minder geskik is vir die verskillende leerstyle

## US WETENSKAPSAMBASSADEURS

**Toelatingsvereistes:** Natuurwetenskappe-studente
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Natuurwetenskappe
**Duur:** Ses maande
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersoon:** Maambele Khosa
**Kontakbesonderhede:** maambele@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om Natuurwetenskappe-studente geleenthede en hulpbronne vir persoonlike ontwikkeling te bied en hulle sodoende toe te rus om 'n sinvolle impak te hê en die arbeidswêreld te betree.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Die program bestaan uit werk- en opleidingsessies oor wetenskapkommunikasie, sake-ontwikkeling, ontwerpdenke, innovasie en entrepreneurskap, CV-skryf, onderhoude, en die skep van 'n persoonlike handelsmerk.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Ken en verstaan die Fakulteit Natuurwetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch, en alles wat die Fakulteit bied
- Maak verstandig gebruik van kommunikasiekanale en -vaardighede om wetenskap aan die samelewing oor te dra en in die openbaar daaroor te kommunikeer
- Identifiseer oplossings vir probleme wat gekommersialiseer kan word, stel 'n basiese/inleidende sakeplan op, en lê 'n sake-idee voor vir moontlike finansiering
- Ontwerp 'n professionele CV, dekbrief en aanlyn beroepsprofiel op LinkedIn
- Neem konstruktief en selfversekerd deel aan oefenonderhoude en netwerkgeleenthede in die Fakulteit Natuurwetenskappe
- Beplan en sit 'n beoogde loopbaan uiteen, met stappe om dit te verwesenlik

## SUNCOI (UNIVERSITEIT STELLENBOSCH CHEMIE-UITREIKINISIATIEF)

**Toelatingsvereistes:** Senior of nagraadse studente van die Fakulteit Natuurwetenskappe en NOS-studente van die Fakulteit Opvoedkunde
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Natuurwetenskappe in samewerking met die Fakulteit Opvoedkunde
**Duur:** Ad hoc
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontakpersone:** Dr Ebrahiem Botha (Fakulteit Natuurwetenskappe) en dr Nazeem Edwards (Fakulteit Opvoedkunde)
**Kontakbesonderhede:** rehana@sun.ac.za and nedwards@sun.ac.za

APPROVED FOR ACADEMIC
APPROVED
TRANSCRIPT RECOGNITION

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Reik uit na voorheen benadeelde gemeenskappe om leerders en studente van die nodige infrastruktuur en ondersteuning te voorsien om die wetenskapeksperimente van die hoërskoolkurrikulum te voltooi.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Leerders en onderwysers van voorheen benadeelde hoërskole word genooi om die Departement Chemie se praktiese laboratoriums te gebruik om die eksperimente van die skoolkurrikulum uit te voer.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Skakel met hoërskoolleerders en -onderwysers ten opsigte van die wetenskapkurrikulum
- Fasiliteer laboratoriumeksperimente met hoërskoolleerders

## UNIVERSITEITSPRAKTYK IN DIE NATUURWETENSKAPPE 176 – WETENSKAP IN PRAKTYK-PROJEK

**Toelatingsvereistes:** VKP-studente
**Afdeling/fakulteit:** Die fakulteite Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe en Ingenieurswese
**Duur:** Ingebed
**Leweringsmodus:** Persoonlik/aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessering
**Kontakpersoon:** Dr Marnel Mouton (VKP)
**Kontakbesonderhede:** marnel@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)


- Ontwikkel die nodige vaardighede om doeltreffend en strategies aan groepprojekte en -opdragte deel te neem
- Ontwikkel die sagte vaardighede om suksesvol aan leer in die hoër onderwys deel te neem
- Leer hoe wetenskap op werklike, praktiese omgewingsprobleme van toepassing is

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Studente leer hoe om doeltreffend in groepe te funksioneer.
- Studente word gelei om hulle eie navorsing en kommunikasie oor die waterhulpbronne en -behandelingsfasiliteite op Stellenbosch te onderneem.
- Hulle leer ook hoe om wetenskaplike argumente te formuleer en wetenskaplike inhoud te kommunikeer.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Ken gedurende groepopdragte toepaslike verantwoordelikhede aan individuele spanlede toe
- Formuleer wetenskaplike argumente
- Kommunikeer wetenskaplike inligting aan sowel wetenskaplikes as die algemene publiek
- Verstaan die belang en rol van waterhulpbronne
- Help hanteer wêreldwye omgewingsuitdagings





# Fakulteit Teologie

Die Fakulteit Teologie is een van die tien fakulteite van die Universiteit Stellenbosch. Deur navorsing, onderrig, leer en gemeenskapsaksie dien ons as 'n kennisvennoot vir ander akademiese gemeenskappe, verskeie kerkverbande, en instellings van die groter samelewing. Ons vervul ons roeping as akademiese instelling in plaaslike, Afrika- en wêreldverband.

**Vir verdere inligting:**
Dorpstraat 171, Stellenbosch
**Telefoon:** 021 808 3255
**Leer ken ons:** http://www.sun.ac.za/english/faculty/theology

**Fakulteitsadministrateur:**
Doktorale programme
Mnr Shirle Cornelissen
+27 (0)21 808 9111
shirle@sun.ac.za

**Fakulteitsbeampte:**
Nagraadse diploma- en magisterprogramme
Me Shivvon Ruiters
+27 (0)21 808 9111
shivvon@sun.ac.za



## MAGISTER DIVINITATIS (MDIV)

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Die program maak voorsiening vir 'n module in navorsingsmetodologie, teologie as wetenskap, en verskeie navorsingsmetodes. Aan die hand van 'n hermeneuties-retoriese, metateoretiese raamwerk ontwikkel die program verskeie prakties-teologiese bedieningstemas wat gerig is op 'n teologiese begrip van die bediening en die kenmerkende aard van die kerklike lewe in verskillende kontekste.
- Die hooftemas is patos-aspekte (kerk in die samelewing, die rol van die kerk in die samelewing in verskillende kontekste, en etiese vrae), logos-aspekte (kerk – geskiedenis), sistematiese ekklesiologie, die Bybel en aanbidding (kerkidentiteit, die aard en funksies van die kerk, historiese verbintenisse, kerklike belydenisskrifte en kommunikasie in die konteks van aanbidding en liturgie), etos-aspekte (dissipelskap, spiritualiteit) en bedieningsvaardighede (bedieningspraktyk), die verband tussen Christelike spiritualiteit en leierskap met die oog op die ontwikkeling van gemeentelike spiritualiteit in verskeie bedieningsvorme, en geloofsvolwassenheid en -vorming (die ontwikkeling van bedienings- en pastorale vaardighede met die oog op pastorale sorg, troos, voorkoming en verryking gedurende verskillende lewenskrisisse en probleme in persoonlike verhoudings).

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Kerk in die samelewing
- Bediening van versoening en geregtigheid
- Kerk en die openbare lewe
- Ekumenisme
- Kerk in Afrika
- Kerk
- Samelewing en mark
- Gender, kultuur en die Bybel
- Gemeentestudies en gemeenskap
- Ontleding in Afrika-kontekste
- Kinder- en jeugkultuur

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Leiersvaardighede
- Bedieningsvaardighede
- Verband tussen Christelike spiritualiteit en leierskap
- Ontwikkeling van pastorale vaardighede
- Voorkoming en verryking

## MTH IN PRAKTIESE TEOLOGIE (BEDIENINGSPRAKTYK)

**Toelatingsvereistes:** Honneurs in Teologie, of NG Dip in Teologie
**Afdeling/fakulteit:** Fakulteit Teologie Duur: Twee jaar
**Leweringsmodus:** Hibridies
**Kontakpersoon:** Prof Ian Nell
**Kontakbesonderhede:** ianell@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Die MTh in Praktiese Teologie (Bedieningspraktyk) is 'n gestruktureerde program wat oor twee jaar aangebied word. Die dissiplinegroep Praktiese Teologie en Missiologie (PTM) van die Fakulteit Teologie bied hierdie program aan in samewerking met Ekklesia: Sentrum vir Leierskapsontwikkeling en Gemeentestudies, 'n sentrum van die Fakulteit.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Die program bied studente 'n unieke leerervaring. Dit konsentreer op die ontwikkeling van studente se vaardighede as sendingsleiers deur 'n leesprogram oor sendingsteorie, diep ekumeniese interaksie, en kontekstuele blootstelling aan en oefeninge in innoverende sendingspraktyke.
- Die leerervaring spruit uit 'n ekumenies oordeelkundige gemeenskap van medestudente en dosente. Daarom is die bywoning van modules verpligtend. Gedurende die modules word sendinggerigte spirituele dissiplines beoefen om 'n kultuur van sendinggerigte spirituele insig te vestig. Hierdeur bou die program 'n brug tussen sendingsteorie en die praktiese werklikheid van die bediening in Afrika. Om dit te bereik, gebruik die program 'n hermeneuties-retoriese raamwerk.
- Module 1: Gemeentes – hulle formasie, deformasie en reformasie
- Module 2: Kerke in Afrikaverband
- Module 3: Drie-eenheid en identiteit Missio Dei en die intrige van die evangelie
- Module 4: Missio Dei-spiritualiteit
- Module 5: Sendingsleierskap en bedieningsintegrasie
- Module 6: Sendingsformasie

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

Die leerervaring sluit in:
- die lees van akademiese boeke en artikels;
- besinning oor ekumeniese leer;
- gemeenskap;
- blootstelling aan uiteenlopende kontekste en bedienings;
- inoefening van nuwe vaardighede; en
- die verwoording en integrasie van teorie deur die voltooiing van skryfopdragte vir elke module, en 'n navorsingsopdrag by voltooiing van die program.




# Taalsentrum

Ons bied navorsingsgegronde, taalverwante produkte en dienste aan persone uit uiteenlopende opvoedkundige omstandighede. Sodoende help ons hulle om hulle kommunikasievaardighede – lees, skryf, praat en luister – te verbeter en groter sukses in hulle studie, loopbane en persoonlike lewens te behaal.

As deel van 'n toonaangewende Afrika-universiteit, glo ons dat meertaligheid saak maak. Ons glo meertaligheid gaan oor méér as net die vermoë om meer as een taal te gebruik. Dit gaan daaroor om mense 'n stem te gee, ongeag die taal wat hulle praat. Dit gaan daaroor om waarde te heg aan wat mense sê, ongeag of dit in Engels, Afrikaans, Xhosa of Suid-Afrikaanse Gebaretaal gebeur. Meertaligheid is 'n kenmerk van ons diverse land en stel ons in staat om mekaar te leer ken op maniere wat ons nie andersins sou kon nie.

Nader ons om 'n meertalige ingesteldheid te kweek en jou taalrepertoire uit te brei!

**Vir verdere inligting:**
Jeanene Olivier
**Telefoon:** +27 (0)21 808 2167
**E-pos:** taalsentrum@sun.ac.za
**Leer ken ons:** https:// languagecentre.sun.ac.za/

## AFRIKAANSE TAAL- EN KULTUURKURSUS VIR NEDERLANDSSPREKENDE STUDENTE

**Afdeling/fakulteit:** Leer- en Onderrigverryking: Taalsentrum

**Wie kan dit bywoon?** Nederlandssprekende studente uit Nederland of België wat by die Universiteit Stellenbosch geregistreer is

**Hoe lyk ons sessies?** Hierdie semesterkursus behels vier uur per week vir 14 weke. Dit kan ook 'n paar uitstappies insluit, na gelang van die behoeftes van die spesifieke groep. **Alle** klasse is **verpligtend**.

**Enige vrae?** E-pos Helga Sykstus by hbuys@sun.ac.za.

### KORT INLEIDING EN OORSIG

- Ons leef in 'n wêreld met diverse kulture. Om meer oor ander kulture te leer help jou om mense wat anders as jy is te aanvaar en te waardeer. Dit sal jou in staat stel om met Suid-Afrikaners om te gaan, te kommunikeer en vriende te maak. Terselfdertyd sal dit jou 'n beter begrip bied van die lewe in Suid-Afrika, veral ten opsigte van die Afrikaanse gemeenskap en hulle rol in die algemene Suid-Afrikaanse konteks.

### DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL

- Die hoofdoel van die kursus is om jou 'n begrip en waardering vir die Afrikaanse taal en kultuur te gee. Jy sal strategiese en taalkundige vaardigheid in Afrikaans verwerf, wat beteken dat jy sal weet wat om wanneer te sê, hoe om dit te sê, en hoe om 'n gesprek in Afrikaans te voer. Jy sal ook meer leer van die siel van Afrikaans – die diverse Afrikaanssprekende gemeenskappe in Suid-Afrika, en die verskeidenheid kulture binne-in daardie gemeenskappe. Ons volg 'n eklektiese benadering wat aspekte soos literatuur, geskiedenis, politiek, die kunste en kultuur insluit. Wees voorbereid op enigiets van kletsrym tot kos!

### HOE DIT JOU BAAT

- Na afloop van die kursus sal jy 'n kritiese begrip van die Afrikaanse taal en kultuur in die algemene Suid-Afrikaanse konteks hê. Jy sal insig hê in daardie dinge wat Suid-Afrikaners, en veral Afrikaanssprekendes, na aan die hart lê.

## BEGINNER-AFRIKAANS VLAK 1

**Afdeling/fakulteit:** Leer- en Onderrigverryking: Taalsentrum

**Wie kan dit bywoon?** Enigeen sonder enige vorige kennis van Afrikaans

**Hoe lyk ons sessies?** Hierdie kursus word in die loop van die semester aangebied met persoonlike kontaksessies van twee uur elk, twee keer per week. Inligting en aktiwiteite om studente Afrikaans te help aanleer, sal aanlyn beskikbaar wees. Studente sal sessies en toetse aanlyn of in die klas kan voltooi.

**Enige vrae?** E-pos dr Vernita Beukes by vernita@sun.ac.za.

### KORT INLEIDING EN OORSIG

- Hierdie kursus is afgestem op nuwe internasionale US-studente en -personeel sowel as lede van die publiek sonder enige kennis van Afrikaans. Dit is 'n pretbelaaide kursus wat jou 'n taalkundige en kulturele blik op Afrikaans as 'n taal in 'n wyer kulturele konteks bied.

### DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL

**Temas en onderwerpe**
- Oorsprong van Afrikaans
- Afrikaanse kultuur
- Leer mekaar ken
- Persoonlike inligting
- Ervaring van Stellenbosch
- Ervaring van Suid-Afrikaanse/Suider-Afrikaanse kulture

**Taal**
- Klanke en uitspraak
- Woordsoorte (selfstandige naamwoorde, werkwoorde, byvoeglike naamwoorde, bywoorde)
- Sinsbou (enkelsin, tye, ontkenning, vraagsin, infinitief)
- Hersiening van kwartaal 1
- Woordsoorte (voorsetsels, voegwoorde)
- Sinsbou (saamgestelde en komplekse sinne)

### HOE DIT JOU BAAT

Aan die einde van die kursus sal jy:
- sosiale Afrikaans kan praat;
- na sosiale gesprekke kan luister en die kern daarvan verstaan;
- kortverhale, advertensies en kennisgewings kan lees en die kern daarvan verstaan; en
- vertroud wees met basiese grammatika, woordeskat en idiomatiese strukture, wat informeel onderrig word.

Jy sal nie net 'n nuwe taal aanleer nie, maar ook deel word van die kultuur op Stellenbosch en in Suid-Afrika aangesien jy een van ons amptelike tale sal verstaan. Ons leef in 'n wêreld met uiteenlopende kulture. Om meer oor ander kulture te leer help jou om mense wat anders as jy is te aanvaar en te waardeer.

## ENGELS VIR AKADEMIESE DOELEINDES (EAP)

**Afdeling/fakulteit:** Leer- en Onderrigverryking: Taalsentrum

**Wie kan dit bywoon?** Ons EAP-kursus is afgestem op plaaslike studente, personeellede en lede van die publiek vir wie Engels nie hulle eerste taal is nie, maar wat gereeld vir hulle akademiese kursusse in Engels moet skryf, lees en praat. Die minimum vereiste Engelsvaardigheidsvlak is B2, hoër intermediêr, CEFR (gemeenskaplike Europese verwysingsraamwerk vir tale).

**Hoe lyk ons sessies?** Die EAP-program bestaan uit twee modules. Deelnemers kan vir albei modules óf slegs een registreer. Elke EAP-module word aanlyn aangebied. Sessies duur twee uur elk en vind een maal per week vir tien weke plaas (twee uur per week; 20 uur per module). Albei modules word elke kwartaal aangebied, met 'n laaste sessie aan die einde van die jaar.

**Enige vrae?** E-pos Fatima Halday by fhalday@sun.ac.za.

### KORT INLEIDING EN OORSIG

- Die module **Praat en Taal** rus deelnemers toe met die nodige openbare redevoering- en aanbiedingsvaardighede om selfversekerd deel te neem aan lesings, portuur- en groepwerk sowel as akademiese take wat aanbiedings behels. Enigeen wat hulle openbare redevoeringsvaardighede wil verbeter om gepaste akademiese voorleggings te skep en aan te bied, sal hierdie kursus nuttig vind.
- Die module **Lees en Skryf** bied deelnemers oordraagbare vaardighede soos skryf-, kritiesedenk-, navorsings- en probleemoplossingsvaardighede. Studente vir wie leesbegrip 'n uitdaging is of wat sukkel om akademiese opstelle en opdragte te skryf, sal hierdie kursus nuttig vind.

### DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL

**Praat en Taal-module**
- Hoe om jou openbare redevoeringsvaardighede te verbeter
- Hoe om 'n toespraak vir 'n aanbieding te beplan, te organiseer en te skryf
- Skep visuele aanbiedings om jou toespraak aan te vul
- Leer doeltreffende en toepaslike mondelinge aanbiedingstegnieke
- Evalueer toesprake
- Luister na aanbiedings vir begrip
- Brei jou woordeskat en grammatika uit om konteksgepaste taal te gebruik

**Lees en Skryf-module**
- Gebruik Engels in 'n akademiese konteks
- Strategieë om 'n verskeidenheid akademiese tekste te lees en op te som
- Identifiseer verskillende soorte opstelle
- Hoe om argumente te bou en akademiese skryfwerk te struktureer
- Hoe om 'n verskeidenheid akademiese tekste te skryf, te hersien en te redigeer

### HOE DIT JOU BAAT

Nadat jy die kursus suksesvol voltooi het, sal jy die volgende in Engels kan doen:
- Identifiseer hoofgedagtes en aanvullende besonderhede wanneer jy tekste oor bekende onderwerpe lees
- Toon 'n begrip van kern- en onderliggende punte wanneer jy in beheerde omstandighede aan gesprekke oor bekende onderwerpe deelneem
- Gebruik gepaste uitdrukkings en neem deel aan spontane gesprek met betrekking tot sosiale, studie- en werkverwante omgewings
- Toon konsekwente en gepaste gebruik van grammatiese strukture en woordeskat in skryfwerk, gesprekke en besprekings

## ALGEMENE ENGELS

**Afdeling/fakulteit:** Leer- en Onderrigverryking: Taalsentrum

**Wie kan dit bywoon?** Hierdie kursus is afgestem op enigeen wat Engels wil aanleer. Of jy nou jou gespreks- of funksionele vaardighede in Engels wil bou, of jou Engels vir werk, reis of studie wil verbeter, die kursus kan by jóú behoeftes aangepas word.

**Hoe lyk ons sessies?** Die kursus word oor twee weke aangebied. Twee persoonlike kontaktydsessies van 2½ uur elk vind weekliks plaas. Daar sal ook van jou verwag word om weekliks 'n bykomende uur se aktiwiteite teen jou eie tempo te voltooi. Die pretbelaaide en boeiende lesse bied jou die geleentheid om jou praatvaardighede te oefen en te verbeter.

**Enige vrae?** E-pos Fatima Halday by fhalday@sun.ac.za.

### KORT INLEIDING EN OORSIG

- Die kursus Algemene Engels is vir enigeen wat hulle lees-, skryf-, luister- en praatvaardighede in Engels wil verbeter.
- As jy jou Engels aan 'n toonaangewende universiteit wil opknap, en wil deel wees van 'n gemeenskap van internasionale studente, is dié kursus die een vir jou. Die kortkursus bied jou die buigsaamheid om Stellenbosch en Kaapstad te geniet terwyl jy Engels aanleer.

### DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL

Ons konsentreer op ál vier vaardighede, d.w.s. lees, skryf, luister en praat. Onderwerpe sluit die volgende in:
- Identifiseer die hoofgedagtes wanneer jy tekste oor sosiale, studie- en werkverwante omgewings lees en daarna luister
- Kommunikeer met 'n mate van spontaneïteit, en ruil inligting oor bekende onderwerpe uit
- Skep duidelike tekste oor 'n aantal bekende onderwerpe, en verduidelik 'n standpunt oor onderwerpe met betrekking tot sosiale, studie- en werkverwante aktiwiteite
- Maak gepaste gebruik van 'n verskeidenheid grammatiese strukture en woordeskat

### HOE DIT JOU BAAT

Nadat jy die kursus suksesvol voltooi het, sal jy die volgende in Engels kan doen:
- Identifiseer hoofgedagtes en aanvullende besonderhede wanneer jy tekste oor bekende onderwerpe lees
- Toon 'n begrip van kern- en onderliggende punte wanneer jy in beheerde omstandighede aan gesprekke oor bekende onderwerpe deelneem
- Gebruik gepaste uitdrukkings en neem deel aan spontane gesprek met betrekking tot sosiale, studie- en werkverwante omgewings
- Toon konsekwente en gepaste gebruik van grammatiese strukture en woordeskat in skryfwerk, gesprekke en besprekings

## INTENSIEWE ENGELS-PROGRAM (IEP)

**Afdeling/fakulteit:** Leer- en Onderrigverryking: Taalsentrum

**Wie kan dit bywoon?** Enigeen wat Engels wil aanleer, kan aansoek doen. Die program is oop vir voor- en nagraadse studente, sowel as enigiemand anders wat graag (meer) Engelsvaardig wil word.

**Hoe lyk ons sessies?** Ons gebruik 'n geldige, erkende aanlyn toets om jou in 'n klas te plaas wat die beste by jou behoeftes pas. Ons kontakklasse duur van 09:00 tot 13:00 op Maandae tot Vrydae in blokke van agt weke. Daar sal ook van jou verwag word om daagliks 'n bykomende uur se aktiwiteite teen jou eie tempo te voltooi om vir die volgende dag se klas voor te berei.

**Enige vrae?** E-pos Fatima Halday by fhalday@sun.ac.za.

### KORT INLEIDING EN OORSIG

- Die Intensiewe Engels-program (IEP) is 'n taalprogram vir studente wat beter wil leer lees, skryf, luister en praat in Engels.
- As jy jou Engels aan 'n toonaangewende universiteit wil opknap en terselfdertyd die skone Kaapstad en Stellenbosch wil verken, is dié kursus 'n goeie keuse vir jou! Word deel van 'n gemeenskap van studente van oor die hele wêreld.

### DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL

- Die program verbeter studente se lees-, skryf-, luister- en praatvaardighede in Engels. Dit word in blokke van agt weke op ses vlakke aangebied, naamlik beginner, elementêr, pre-intermediêr, intermediêr, hoër intermediêr, en gevorderd. Ons sal jou help besluit op watter vlak jy is. Onderrig is interaktief en pret, en klasse is klein om jou die beste leerervaring te bied.

### HOE DIT JOU BAAT

Elke agt weke lange akademiese kursusvlak sal jou help om jou Engelsvaardighede verder te ontwikkel. Sodra jy die hele program voltooi het, sal jy in verskeie omstandighede selfversekerd in Engels kan kommunikeer. Jy sal daartoe in staat wees om -

- 'n wye verskeidenheid tekste oor 'n aantal verskillende onderwerpe te lees en te begryp;
- na gesproke kommunikasie oor 'n verskeidenheid onderwerpe te luister, dit te verstaan, en sinvol daaraan deel te neem;
- gesprekke te voer en geskrewe tekste te skep deur die mees gepaste styl en register vir die omstandighede te gebruik; en
- jou Engelse woordeskat en grammatika te verbeter sodat jy gemaklik kan oordra wat jy wil sê.

## EKSAMENVOORBEREIDING VIR IELTS (INTERNASIONALE ENGELSTAALTOETSINGSTELSEL)

**Afdeling/fakulteit:** Leer- en Onderrigverryking: Taalsentrum

**Wie kan dit bywoon?** Vir hierdie kursus moet jy Engels vlot kan praat en skryf. Dit impliseer 'n hoër intermediêre Engelstaalvaardigheidsvlak (CEFR-vlak B2), en jy sal dalk ook voor die kursus 'n aanlyn vaardigheidstoets moet voltooi. As jy nie op die vereiste vlak is om by die kursus aan te sluit nie, sal ons aanbevelings doen oor hoe jy jou Engels kan verbeter sodat jy later toelating kan verkry.

**Hoe lyk ons sessies?** Die IELTS-voorbereidingskursus is 'n intensiewe vermengdeleerkursus van 25 uur wat twee keer per week oor vyf weke aangebied word. Die kursus neem ses uur per week in beslag. Dit bestaan uit twee 2½ uur lange groepvideo-oproepe per week met die IELTS-aanbieder, en die ekwivalent van een uur se selfstudie-aktiwiteite en opdragte per sessie, soos wat die aanbieder voorskryf. As jy vrae het, sal die aanbieder ook op vaste tye aanlyn beskikbaar wees.

**Enige vrae?** E-pos Fatima Halday by fhalday@sun.ac.za.

### KORT INLEIDING EN OORSIG

- Hierdie kortkursus is vir enigeen wat vir die IELTS-eksamen moet voorberei om 'n nagraadse kursus in Suid-Afrika of in die buiteland te kan volg, enigeen wat hulle Engelsvaardigheid vir studie in of immigrasie na die Verenigde Koninkryk, Australië, die Verenigde State of Kanada moet bewys, en internasionale studente wat die minimum IELTS-punt moet behaal om by 'n universiteit in Suid-Afrika aansoek te doen.

### DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL

In 60 uur se vermengde leer beoog die IELTS-kortkursus –

- om jou vertroud te maak met die formaat en inhoud van die IELTS-eksamen deur elke afdeling van die eksamen te bespreek, in te oefen en te ontleed;
- om jou toetsafleggingsvaardighede en -strategieë te verbeter deur oefenlopietoetse in die IELTS-styl in lees, luister, praat en skryf te voltooi;
- om jou te help om optimaal in 'n akademiese konteks te presteer en sodoende toelating tot jou gekose akademiese programme te verkry; en
- om jou vertroud te maak met die bepuntingsprosedures vir die eksamen sodat jy jou eie toetspunte kan vertolk.

### HOE DIT JOU BAAT

Ná voltooiing van die kursus sal jy in staat wees om:

- akademiese en outentieke tekste te vlug- en soeklees vir algemene en spesifieke inligting;
- inligting te onttrek en afleidings te maak uit tekste van verskillende lengtes, soos universiteitslesings, radiodokumentêre, radio-onderhoude en gesprekke;
- data in tabelle en grafieke te vertolk en te vergelyk;
- argumente te ontwikkel en menings oor abstrakte onderwerpe uit te spreek;
- inligting in formele onderhoud-omstandighede te voorsien; en
- akademiese woordeskat te gebruik oor algemene onderwerpe soos die omgewing, wetenskap en tegnologie, gesondheid, energie, vervoer, onderwys, die kunste en die media.



## ISIXHOSA-TAAL EN -KULTUUR

**Afdeling/fakulteit:** Leer- en Onderrigverryking: Taalsentrum

**Wie kan dit bywoon?** Enige internasionale studente wat in die Globale Onderwysprogram geregistreer is en geen vorige kennis van isiXhosa het nie

**Hoe lyk ons sessies?** Hierdie kursus word in die loop van 'n semester aangebied. Ons het gewoonlik twee keer per week persoonlike kontaksessies van drie uur elk, maar daardie sessies word tans aanlyn aangebied. Klasse is kommunikatief, interaktief en taakgerig. Ons gebruik MS Teams en SUNLearn as platforms vir ons aanlyn aktiwiteite, en studiemateriaal word verskaf.

Ons geniet dit om met jou te kommunikeer om jou die nodige oefening te gee om die taal selfversekerd te kan praat. Daar sal gesprekstake op beginnervlak sowel as groepinteraksie met die dosent wees.

Jy sal deurlopend in die klas op grond van jou aanwesigheid en deelname geassesseer word. Jy sal ook formele assesserings moet voltooi.

**Enige vrae?** E-pos Stembele Johnson by ssjohnson@sun.ac.za.

### KORT INLEIDING EN OORSIG

- Hierdie pretbelaaide 14 weke lange kursus bied internasionale studente 'n taalkundige en kulturele blik op isiXhosa as 'n taal in 'n wyer kulturele konteks. Dit is vir internasionale studente wat geen vorige kennis van isiXhosa het nie en in die Globale Onderwysprogram geregistreer is.

### DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL

- Die kursus leer jou meer oor die isiXhosa-taal en -kultuur en stel jou in staat om sinvolle gesprekke op beginnervlak te voer. Sodoende bemagtig jy jouself om saam met ander Suid-Afrikaanse studente meertaligheid te beoefen.

### HOE DIT JOU BAAT

Ons sal op die volgende temas konsentreer om jou kommunikasievermoë in isiXhosa te verbeter:

- Groet mense en stel jouself bekend
- Vra uit na iemand se gesondheid en gesteldheid
- Nooi iemand vir 'n drankie of iets te ete
- Bestel iets om te drink of te eet by 'n restaurant
- Maak en beantwoord telefoonoproepe
- Gesels oor die weer
- Noem die maande en dae van die week
- Maak formele en informele afsprake
- Gee aanwysings op en buite die kampus
- Vra vir hulp by 'n vulstasie

Aan die einde van die kursus sal jy op beginnervlak aan gesprekke oor bogenoemde onderwerpe kan deelneem.

## WERKSESSIE OOR SKRYFVAARDIGHEDE: AKADEMIESE ARTIKELS

**Afdeling/fakulteit:** Leer- en Onderrigverryking: Taalsentrum

**Wie kan dit bywoon?** Enigeen kan die werksessie bywoon, maar dit is veral afgestem op nagraadse studente en navorsers wat besig is om 'n akademiese artikel te skryf. Ons maak graag vir alle vlakke van taal- en skryfvaardigheid voorsiening.

**Hoe lyk ons sessies?** Werksessies vind tans aanlyn sowel as persoonlik plaas, na gelang van die groep se behoeftes. Die 12 uur word in agt sessies van 1½ uur ingedeel, wat oor vier oggende versprei word.

**Enige vrae?** E-pos Selene Delport by selene@sun.ac.za.

### KORT INLEIDING EN OORSIG

- Hierdie 12 uur lange werksessie is afgestem op nagraadse studente en navorsers wat besig is om 'n akademiese artikel te skryf.

### DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL

- Ons bied jou die geleentheid om jou akademiese skryfvaardighede op 'n interaktiewe, praktiese manier te ontwikkel, en help soek jou na antwoorde op jou vrae oor akademiese skryfwerk in die algemeen.
- Ons bespreek verskeie aspekte van die skryf van akademiese artikels, waaronder die verskillende soorte akademiese artikels, die komponente van 'n artikel, sowel as styl en struktuur. Daar sal volop tyd wees om met jou eie skryfwerk om te gaan en oor jou ervaring van die skryfproses te gesels.

### HOE DIT JOU BAAT

- Die werksessie sal jou help om jou akademiese skryfvaardighede te bou sodat jy jou artikel verder kan afrond. Die doel van die sessie is nie om jou 'n resep of vaste stel 'skryfreëls' te gee nie, maar eerder om jou riglyne te bied oor skryfstrategieë waarmee jy inligting, data en argumente doeltreffend kan oordra.

## DIE ONDERRIG VAN ENGELS AS 'N VREEMDE TAAL (TEFL)

**Afdeling/fakulteit:** Leer- en Onderrigverryking: Taalsentrum

**Wie kan dit bywoon?** Jy moet Engels vlot kan praat en skryf. Dit impliseer 'n hoër intermediêre Engelstaalvaardigheidsvlak (CEFR-vlak B2). Ons kan jou ook vra om voor die TEFL-kursus 'n aanlyn Engelsvaardigheidstoets af te lê as jy nie aan die voormelde minimum Engelstaalvereistes voldoen nie.

Dit sal tot jou voordeel wees indien jy reeds oor 'n eerste graad van 'n Engelssprekende land beskik, of besig is om een te voltooi, omdat baie onderwysposte so 'n kwalifikasie van voornemende TEFL-onderwysers vereis voordat hulle om 'n werkspermit kan aansoek doen.

**Hoe lyk ons sessies? Ons bied hierdie vermengdeleerkortkursus van 120 uur oor 12 weke aan deur dit soos volg te versprei:**

- Drie verpligte video-oproepsessies van 1½ uur elk per week
- 2½ uur per week om teen jou eie tempo te lees en navorsing te doen
- 2½ uur per week om aktiwiteite en opdragte te voltooi
- Vyf tot ses uur se praktiese kontakonderrig

**Enige vrae? E-pos Fatima Halday by fhalday@sun.ac.za.**

### KORT INLEIDING EN OORSIG

- Wil jy 'n Engelsonderwyser word oorsee, of Engels gee terwyl jy reis? Of dalk wil jy jou onderrigstyl opknap of 'n inkomste in die gerief van jou eie huis verdien? Oorweeg dit dan om vir 'n TEFL-kursus in te skryf.
- Of jy nou 'n groentjie of 'n ou hand in die onderwys is, ons TEFL-kursus leer jou alles wat jy moet weet om jou klaskamer te bestuur en 'n prettige, interaktiewe en ryke leerervaring vir jou studente tuis óf in die buiteland te skep. Ons het ook 'n module bygevoeg wat jou die vaardighede leer om jou Engelslesse aanlyn aan te bied.
- Sodra jy die teoretiese én die praktiese kursuskomponente suksesvol voltooi het, sal jy 'n bevoegdheidsertifikaat vir hierdie TEFL-kortkursus ontvang.

### DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL

- Inleiding tot die TEFL-wêreld
- Lesbeplanning
- Onderrigmetodologieë
- Reseptiewe en produktiewe vaardighede
- Uitspraak en fonologie
- Aktiwiteite en hulpbronne
- Hoe om leer en kommunikasie te fasiliteer
- Klaskamerbestuur
- Taalbewustheid
- Hoe om onderrighulpmiddele te ontwikkel en te benut
- Hoe om foute te korrigeer
- Vaardigheid- en plasingstoetse
- Hoe om Engels aanlyn te onderrig

### HOE DIT JOU BAAT

Aan die einde van die kursus sal jy:

- verskillende teorieë, metodologieë én die terminologie van Engelstaalonderrig ken;
- oor verskeie praktiese onderrigvaardighede beskik wat jou toerus om Engels vir leerders van verskillende ouderdomme en op verskillende vlakke aan te bied;
- kommunikatiewe, leerdergerigte taallesse doeltreffend kan beplan, voorberei en aanbied; en
- kan besin oor beplannings- en onderrigbesluite, en die uitwerking van daardie besluite op studenteleer kan evalueer.

'n TEFL-sertifikaat kan vir jou heelwat deure oopmaak. As jy besluit om 'n Engelsonderwyser in die buiteland te word, sal jy die geleentheid kry om die wêreld te sien en nuwe kulture te ervaar. 'n TEFL-kursus rus jou ook toe om jou klas met nuwe insig te benader, ongeag waar jy jou bevind, en boonop lyk dit goed op jou CV. As jy besluit om aanlyn onderrig te gee, kan jy in die gerief van jou eie huis 'n inkomste verdien en self jou werksure bepaal.

## SKRYFMARATHONS

**Afdeling/fakulteit:** Leer- en Onderrigverryking: Taalsentrum

**Wie kan dit bywoon?** Enigeen kan die skryfmarathons bywoon, maar dit is veral afgestem op nagraadse studente en navorsers wat besig is om 'n voorstel of protokol, 'n tesis of proefskrif of 'n akademiese artikel te skryf. Ons maak graag vir alle vlakke van taal- en skryfvaardigheid voorsiening.

**Hoe lyk ons sessies?** Kom bring gerus die dag saam met ons deur om aan jou tesis, voorstel of artikel te werk. Sluit hetsy aanlyn of persoonlik van 09:00 tot 16:30 by ons aan. Ons begin met 'n paar skryfopwarmingsoefeninge om jou aan die gang te kry. Daarna skryf jy vir die res van die dag in 'n ondersteunende omgewing, met 'n fasiliteerder byderhand om jou te help.

**Enige vrae?** E-pos Selene Delport by selene@sun.ac.za.

### KORT INLEIDING EN OORSIG

- Dit is dikwels moeilik om 'n behoorlike stuk tyd vir skryf opsy te sit, en skrywers verloor dus maklik momentum. Die skryfmarathon is bedoel om jou te help om skryftyd in te ruim en daardie tyd produktief te gebruik.

### DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL

- Ons ondersoek maniere om jou skryfmomentum terug te kry, skrywersblok te bowe te kom, en nuut na jou werk te kyk.

### HOE DIT JOU BAAT

- Bywoning van die skryfmarathon sal jou aansienlike vordering met jou voorstel, tesis of artikel help maak. Dit bied jou ononderbroke skryftyd sowel as 'n fasiliteerder wat byderhand is om dadelik individuele terugvoer en bystand te bied.

## WERKSESSIE OOR SKRYFVAARDIGHEDE: NAVORSINGSVOORSTELLE

**Afdeling/fakulteit:** Leer- en Onderrigverryking: Taalsentrum

**Wie kan dit bywoon?** Enigeen kan die werksessie bywoon, maar dit is veral afgestem op nagraadse studente en navorsers wat besig is om hulle navorsingsvoorstelle of -protokolle te skryf. Ons maak graag vir alle vlakke van taal- en skryfvaardigheid voorsiening.

**Hoe lyk ons sessies?** Werksessies vind tans aanlyn sowel as persoonlik plaas, na gelang van die groep se behoeftes. Die nege uur word in ses sessies van 1½ uur elk ingedeel, wat oor drie oggende versprei word.

**Enige vrae?** E-pos Selene Delport by selene@sun.ac.za.

### KORT INLEIDING EN OORSIG

- Hierdie nege uur lange werksessie is afgestem op nagraadse studente wat aan hulle navorsingsvoorstelle of -protokolle werk.

### DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL

- Ons bied jou die geleentheid om jou akademiese skryfvaardighede op 'n interaktiewe, praktiese manier te ontwikkel, en help soek jou na antwoorde op jou vrae oor akademiese skryfwerk in die algemeen.
- Ons bespreek verskeie onderwerpe wat met die skryf van navorsingsvoorstelle verband hou, waaronder die doel en beplanning van 'n voorstel. Ons sal ook oor die afdelings en struktuur van 'n navorsingsvoorstel gesels.

### HOE DIT JOU BAAT

- Die werksessie sal jou help om jou akademiese skryfvaardighede te bou sodat jy jou navorsingsvoorstel verder kan afrond. Die doel van die sessie is nie om jou 'n resep of 'n vaste stel 'skryfreëls' te gee nie, maar eerder om jou riglyne te bied oor skryfstrategieë waarmee jy inligting, data en argumente doeltreffend kan oordra.

## WERKSESSIE OOR SKRYFVAARDIGHEDE: TESISSE EN PROEFSKRIFTE

**Afdeling/fakulteit:** Leer- en Onderrigverryking: Taalsentrum

**Wie kan dit bywoon?** Enigeen kan die werksessie bywoon, maar dit is veral afgestem op nagraadse studente en navorsers wat besig is om hulle tesisse of proefskrifte te skryf. Ons maak graag vir alle vlakke van taal- en skryfvaardigheid voorsiening.

**Hoe lyk ons sessies?** Werksessies vind tans aanlyn sowel as persoonlik plaas, na gelang van die groep se behoeftes. Die 12 uur word in agt sessies van 1½ uur ingedeel, wat oor vier oggende versprei word.

**Enige vrae?** E-pos Selene Delport by selene@sun.ac.za.

### KORT INLEIDING EN OORSIG

- Hierdie werksessie van 12 uur is afgestem op nagraadse studente wat aan hulle tesisse of proefskrifte werk.

### DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL

- Ons bied jou die geleentheid om jou akademiese skryfvaardighede op 'n interaktiewe, praktiese manier te ontwikkel, en help soek jou na antwoorde op jou vrae oor akademiese skryfwerk in die algemeen.
- Ons bespreek verskeie onderwerpe wat met die skryf van tesisse en proefskrifte verband hou, waaronder die rol van die leser, styl, eksterne en interne struktuur, samehang, en argumentasie. Ons gesels ook oor hoe om sekere afdelings van 'n tesis of proefskrif te skryf.

### HOE DIT JOU BAAT

- Die werksessie sal jou help om jou akademiese skryfvaardighede te bou sodat jy jou tesis of proefskrif verder kan afrond. Die doel van die sessie is nie om jou 'n resep of 'n vaste stel 'skryfreëls' te gee nie, maar eerder om jou riglyne te bied oor skryfstrategieë waarmee jy inligting, data en argumente doeltreffend kan oordra.

## WERKSESSIE OOR SKRYFVAARDIGHEDE: HOE OM 'N LITERATUUROORSIG TE SKRYF

**Afdeling/fakulteit:** Leer- en Onderrigverryking: Taalsentrum

**Wie kan dit bywoon?** Enigeen kan die werksessie bywoon, maar dit is veral afgestem op nagraadse studente en navorsers wat besig is om 'n literatuuroorsig te skryf. Ons maak graag vir alle vlakke van taal- en skryfvaardigheid voorsiening.

**Hoe lyk ons sessies?** Werksessies vind tans aanlyn sowel as persoonlik plaas, na gelang van die groep se behoeftes. Die 12 uur word in agt sessies van 1½ uur ingedeel, wat oor vier oggende versprei word.

**Enige vrae?** E-pos Selene Delport by selene@sun.ac.za.

### KORT INLEIDING EN OORSIG

- Hierdie werksessie van 12 uur is afgestem op nagraadse studente en navorsers wat besig is om 'n literatuuroorsig te skryf, hetsy as deel van 'n navorsingsvoorstel, 'n tesis of 'n artikel.

### DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL

- Ons bied jou die geleentheid om jou akademiese skryfvaardighede op 'n interaktiewe, praktiese manier te ontwikkel, en help soek jou na antwoorde op jou vrae oor akademiese skryfwerk in die algemeen.
- Ons bespreek verskeie kwessies met betrekking tot die skryf van 'n literatuuroorsig, waaronder die verskillende soorte literatuuroorsigte, en maniere om die inligting in jou literatuuroorsig te orden. Ons gesels ook oor hoe 'n mens inligting doeltreffend by 'n literatuuroorsig insluit, en roer kwessies soos plagiaat en bronverwysings aan.

### HOE DIT JOU BAAT

- Jy kry die geleentheid om jou literatuuroorsig op 'n interaktiewe en praktiese manier verder af te rond. Daarbenewens leer jy hoe om bronne op toepaslike wyse by jou literatuuroorsig in te sluit en jou akademiese stem te ontwikkel.

## WERKSESSIE OOR SKRYFVAARDIGHEDE: HOE OM 'N AKADEMIESE ARGUMENT TE SKRYF

**Afdeling/fakulteit:** Leer- en Onderrigverryking: Taalsentrum

**Wie kan dit bywoon?** Enigeen kan die werksessie bywoon, maar dit is veral afgestem op nagraadse studente en navorsers. Ons maak graag vir alle vlakke van taal- en skryfvaardigheid voorsiening.

**Hoe lyk ons sessies?** Werksessies vind tans aanlyn sowel as persoonlik plaas, na gelang van die groep se behoeftes. Die nege uur word in ses sessies van 1½ uur elk ingedeel, wat oor drie oggende versprei word.

**Enige vrae?** E-pos Selene Delport by selene@sun.ac.za.

### KORT INLEIDING EN OORSIG

- Hierdie nege uur lange werksessie is afgestem op nagraadse studente wat aan hulle navorsingsvoorstelle of -protokolle, tesisse, proefskrifte of akademiese artikels werk.

### DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL

- Ons bied jou die geleentheid om jou navorsingsargument op 'n interaktiewe, praktiese manier verder af te rond, en help soek jou na antwoorde op jou vrae oor akademiese skryfwerk in die algemeen.
- Ons bespreek verskeie onderwerpe oor argumentasie, soos hoe om jou eie akademiese stem te ontwikkel en doeltreffend van bronne gebruik te maak. Ons gesels ook oor verskillende argumentstrukture en hoe om dit doeltreffend aan te wend.

### HOE DIT JOU BAAT

- Die werksessie sal jou help om jou navorsingsargument te ontwikkel, wat jou akademiese skryfwerk sal verbeter. Die doel van die sessie is nie om jou 'n resep of 'n vaste stel 'skryfreëls' te gee nie, maar eerder om jou riglyne te bied oor skryf- en argumentasiestrategieë waarmee jy inligting doeltreffend kan oordra.

## STELLENBOSCH TOASTMASTERS SPEECHART

**Afdeling/fakulteit:** Leer- en Onderrigverryking: Taalsentrum

**Wie kan dit bywoon?** Enige student wat by die Universiteit Stellenbosch geregistreer is en hulle openbare redevoering- en aanbiedingsvaardighede wil verbeter, kan die sessies bywoon.

**Hoe lyk ons sessies?** Sessies maak deel uit van Toastmasters Internasionaal se Speechcraft-programvergaderings. Sowat 20 tot 40 minute word aan pasgemaakte opvoedkundige sessies vir studente gewy. Dit word tans in 'n vermengdeleerformaat aangebied. Sommige deelnemers sluit aanlyn aan (via MS Teams), en ander woon die sessies persoonlik by. Vergaderings duur ongeveer 2½ uur en vind een keer per week oor tien weke in die eerste semester plaas.

**Enige vrae?** E-pos Zimbili Sibiya by zimbilis@sun.ac.za.

### KORT INLEIDING EN OORSIG

- Stellenbosch Toastmasters SpeechArt is afgestem op enige student wat bereid is om tyd daaraan af te staan om hulle openbare redevoeringsvaardighede te ontwikkel en te verbeter.

### DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL

Die SpeechArt-sessies sal jou die vaardighede help ontwikkel om –

- die struktuur van 'n toespraak te verstaan en toe te pas sodat jy voorbereide en onvoorbereide toesprake voor 'n gehoor kan lewer;
- visuele hulpmiddele, lyftaal en stemverskeidenheid as kommunikasie-instrumente te gebruik om beter toesprake te lewer;
- nadat jy 'n toespraak gelewer het, selfassessering en -besinning toe te pas om sterkpunte en gebiede vir verbetering te identifiseer sodat jy nie net konstruktiewe terugvoer aan ander kan bied nie, maar ook aktief kan tred hou met jou eie vordering;
- 'n spreker te evalueer en positiewe mondelinge en skriftelike terugvoer te gee deur van die 'toebroodjiemetode' gebruik te maak;
- 'n navorsingsgebaseerde toespraak met behulp van virtuele hulpmiddele te lewer en dan 'n vraag-en-antwoordsessie te fasiliteer om jou gehoor te betrek; en
- bewus te raak en gebruik te maak van gereedskap vir inklusiewe toespraaklewering met die oog op diverse gehore met verskillende vermoëns.

### HOE DIT JOU BAAT

- Die sessies sal jou help om jou openbare redevoering- en aanbiedingsvaardighede te ontwikkel en te verbeter. Daarbenewens sal jy tegnieke en metodes aanleer om doeltreffend onvoorbereide toesprake te lewer.

## OORLEWINGSAFRIKAANS

**Afdeling/fakulteit:** Leer- en Onderrigverryking: Taalsentrum

**Wie kan dit bywoon?** Hierdie kursus is afgestem op geregistreerde US-studente. Niemoedertaalsprekers van Afrikaans wat graag gesprekke in basiese Afrikaans wil voer, kan gerus vir hierdie prettige en informele taalkursus registreer.

Hoe lyk ons sessies? Ons bied hierdie kursus oor 'n tydperk van agt weke aan. Die persoonlike kontaktyd is twee uur per week.

**Persoonlike kontaktyd:** 16 uur

**Aanlyn aktiwiteite:** 4 uur

Die persoonlike kontaktyd sluit outentieke en interaktiewe taalgebruikaktiwiteite in wat deelnemers kans gee om hulle Afrikaans in werklike, praktiese omstandighede te oefen. Dit word aangevul met vier uur se aanlyn ondersteuning en aktiwiteite.

**Enige vrae?** E-pos Helga Sykstus by languagelearninghub@sun.ac.za.

### KORT INLEIDING EN OORSIG

- Sê nou daar is 'n prettige en vinnige manier om net 'n bietjie Afrikaans te leer om op kampus te gebruik? Bemeester die grondbeginsels van Afrikaans met ons interaktiewe oorlewingskursus, uitgeknip vir jou leefwêreld, en smee sterker bande in meer tale. Hierdie kursus is prakties en interaktief, en ons gebruik kampusverwante scenario's om outentieke taalgebruik aan te moedig.

### DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL

- Ons konsentreer spesifiek daarop om Afrikaans te praat, te lees en daarna te luister. Jy sal Afrikaans kan gebruik om aan eenvoudige kampusverwante gesprekke deel te neem, en jy sal ook die kulturele waarde van meertaligheid as deel van die groter Universiteitskonteks verstaan.

### HOE DIT JOU BAAT

Nadat jy die kursus suksesvol voltooi het, sal jy die volgende in Afrikaans kan doen:

- Groet en stel jouself bekend
- Voorsien basiese persoonlike besonderhede soos jou naam, ouderdom, adres en telefoonnommer
- Vra en beantwoord basiese vrae
- Voer 'n basiese gesprek met ander studente
- Kommunikeer sosiaal op 'n basiese vlak
- Gebruik basiese woordeskat wat met die kampuslewe verband hou

## OORLEWING-ISIXHOSA

**Afdeling/fakulteit:** Leer- en Onderrigverryking: Taalsentrum

**Wie kan dit bywoon?** Hierdie kursus is afgestem op geregistreerde US-studente. Niemoedertaalsprekers van isiXhosa wat graag gesprekke in basiese isiXhosa wil voer, kan gerus vir hierdie prettige en informele taalkursus registreer.

**Hoe lyk ons sessies?** Ons bied hierdie kursus oor 'n tydperk van agt weke aan. Die persoonlike kontaktyd is twee uur per week.

**Persoonlike kontaktyd:** 16 uur

**Aanlyn aktiwiteite:** 4 uur

Die persoonlike kontaktyd sluit outentieke en interaktiewe taalgebruikaktiwiteite in wat deelnemers die geleentheid gee om hulle isiXhosa in werklike, praktiese omstandighede te oefen. Dit word aangevul met vier uur se aanlyn ondersteuning en aktiwiteite.

**Enige vrae?** E-pos Helga Sykstus by languagelearninghub@sun.ac.za.

### KORT INLEIDING EN OORSIG

- Sê nou daar is 'n prettige en vinnige manier om net 'n bietjie isiXhosa te leer om op kampus te gebruik? Bemeester die grondbeginsels van isiXhosa met ons interaktiewe oorlewingskursus, uitgeknip vir jou leefwêreld, en smee sterker bande in meer tale. Hierdie kursus is prakties en interaktief, en ons gebruik kampusverwante scenario's om outentieke taalgebruik aan te moedig.

### DIE ONDERWERPE WAT ONS BEHANDEL

- Ons konsentreer spesifiek daarop om isiXhosa te praat, lees en daarna te luister. Jy sal isiXhosa kan gebruik om aan basiese kampusverwante gesprekke deel te neem, en jy sal ook die kulturele waarde van meertaligheid as deel van die groter Universiteitskonteks verstaan.

### HOE DIT JOU BAAT

- Nadat jy die kursus suksesvol voltooi het, sal jy die volgende in isiXhosa kan doen:
- Groet en stel jouself bekend
- Voorsien basiese persoonlike besonderhede soos jou naam, ouderdom, adres en telefoonnommer
- Vra en beantwoord basiese vrae
- Voer 'n basiese gesprek met ander studente
- Kommunikeer sosiaal op 'n basiese vlak
- Gebruik basiese woordeskat wat met die kampuslewe verband hou




# LaunchLab

Die Universiteit Stellenbosch-gemeenskap lewer entrepreneurs van wêreldgehalte en ondernemings met 'n wêreldwye impak op.

Die US LaunchLab ondersteun die Universiteit se entrepreneursgemeenskap om impakryke, volhoubare en winsgewende ondernemings te ontwikkel, en bewerkstellig toegang tot die mark en finansieringsgeleenthede.

**Vir verdere inligting:**
Besoek ons kantore in Hammanshandweg, Stellenbosch.
**Leer ken ons:** www.launchlab.co.za

## GEDEELDE WERKRUIMTES

**Toelatingsvereistes:** Alle studente
**Afdeling/fakulteit**: LaunchLab
**Duur:** Deurlopend
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontak:** info@launchlab.co.za/www.launchlab.co.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Bied studente 'n ruimte om sy aan sy met plaaslike entrepreneurs te werk

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Kantore en gedeelde werkstasies beskikbaar, sowel as plek in die US LaunchLab

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Verstaan die inkubasie-ekosisteem vir nuwe ondernemings in Afrika
- Weet hoe om sakenetwerke te bou

## EDHE ENTREPRENEURSKAP-INTERVARSITY

**Toelatingsvereistes:** Alle studente
**Afdeling/fakulteit:** LaunchLab
**Duur:** Inskrywings open Maart–April. | Interne, provinsiale en nasionale Intervarsity-rondtes vind Junie–November plaas.
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontak:** sulaunchlab@sun.ac.za/www.launchlab.co.za/https://edhe.co.za/intervarsity/

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Ontwikkel entrepreneursvaardighede onder US-studente, en inspireer hulle
- Bied US-studente die geleentheid om finansiering vir hulle bestaande ondernemings of sake-idees te bekom

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Nasionale entrepreneurskapswedstryd om pryse en 'n titel te wen
- Voorbereiding en aanbieding van sakevoorstelle vir individue en kohorte

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Stel sakevoorstelle op en bied dit aan
- Help ander om sakevoorstelle op te stel en aan te bied
- Weet hoe om sakenetwerke te bou
- Verteenwoordig die US by streeks- en nasionale wedstryde

## IDEEVORMINGSWERKSESSIES

**Toelatingsvereistes:** Alle studente
**Afdeling/fakulteit:** LaunchLab
**Duur:** Deurlopend; 1–3 uur
**Leweringsmodus:** Ongeveer agt per jaar
**Kontak:** sulaunchlab@sun.ac.za/www.launchlab.co.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Ontwikkel entrepreneursvaardighede onder US-studente, -personeel en -alumni sowel as die plaaslike gemeenskap, en inspireer hulle
- Bied die US-gemeenskap blootstelling aan entrepreneurskap
- Laat studente oor entrepreneurskap besin en 'n entrepreneursingesteldheid ontwikkel

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Die Business Model Canvas – 'n kernagtige sakemodel (verskeie segmentasies en variasies)
- Missie, visie en waardes
- Markkartering, en begrip van kliënte
- Ideevorming en lae-resolusie-skaalprototipe
- Toetsings- en iterasievereistes om 'n verkoopstransaksie te beklink
- Voorbereiding en aanbieding van 'n sakevoorstel
- Entrepreneursdurf
- Rolle in 'n lenige beginneronderneming
- Kwartaallikse bedryfsoorsig vir direksies en beleggers

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Stel 'n kernagtige sakemodel op
- Verhoog sake-aspirasie en -identiteit
- Markbepaling en -stawing
- Bedink oplossings en bou 'n prototipe
- Toets die mark en beklink verkoopstransaksies
- Bepaal die regte mark vir 'n produk
- Stel sakevoorstelle op en bied dit aan
- Besin oor en ontwikkel entrepreneursdurf
- Bied 'n duidelike omskrywing van rolle en verantwoordelikhede in klein spanne
- Moniteer kerndryfvere en bied verslae en terugvoer aan die vernaamste belanghebbendes

## INKUBASIEPROGRAMME

**Toelatingsvereistes:** Alle studente
**Afdeling/fakulteit:** LaunchLab
**Duur:** Inkubasieprogramme van 5 tot 12 weke
**Leweringsmodus:** Aanlyn; persoonlik indien moontlik
**Kontak:** info@launchlab.co.za/www.launchlab.co.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Tegnologieoordrag en -innovasie
- Die bou en ontwikkeling van impakryke, volhoubare en internasionaal mededingende beginnerondernemings wat tot vinniger ekonomiese groei in Afrika bydra
- Ondersteuning en uitbreiding van beginnerondernemings op klimaats-, voedsel-, landbou- en gesondheidsgebied
- Netwerkgeleenthede

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

Ons bied verskeie programme vir spanne aan en lewer presisie-inkubasiedienste deur middel van ons personeellede, mentors en sorgvuldig uitgesoekte diensverskaffers.

- Aftelling: Staaf jou sake-idee
  - Ses weke
  - Uitkoms: Waardevoorstel en sakemodel om te implementeer en onder vennote, kliënte en spanne te toets
- Lanseer: Skep jou onderneming
  - 12 weke
  - Uitkoms: Aanvanklike datakamer, en blitskursus in sakevernuf
- Vlieg voort: Hou aan groei deur ons netwerk
  - Ad hoc-advies en -mentorskap
- In jou wentelbaan: Ploeg terug
  - Ontvang nie meer aktief advies nie
  - Bied mentorskap en tree op as spreker by geleenthede

In alle programme bied relevante bedryfskenners individuele mentorskap aan entrepreneurs gedurende sowel as ná die program.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Bou 'n onderneming met behulp van ontwerpdenke en lenige ondernemingsboutegnieke
- Verstaan en bepaal watter produkte by watter mark pas
- Bou begrip van kliënte deur empatie
- Onderneem markstawing
- Prototipering
- Beklink verkoopstransaksies
- Bepaal die regte mark vir 'n produk
- Weet hoe beleggings in beginnerondernemings werk
- Weet hoe om sakevoorstelle op te stel en aan te bied
- Verstaan en pas kern- finansiële modelle en strategieë vir beginnerondernemings toe
- Weet hoe om sakenetwerke te bou

## LAUNCHLAB-OEFENKAMPE EN -TEGNOTHON

**Toelatingsvereistes:** Oop vir almal
**Afdeling/fakulteit:** LaunchLab
**Duur:** Agt oefenkampe en een tegnothon per jaar (werksessies van twee dae elk)
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontak:** sulaunchlab@sun.ac.za/www.launchlab.co.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Rus studente toe met tegniese en sagte vaardighede, en ontwikkel hulle as entrepreneurs.
- Los bedryfsprobleme op deur tegniese vaardighede toe te pas.
- Studente kry 'n geleentheid om hulle vaardighede ten toon te stel, vir moontlike indiensneming aan bedryfsvennote blootgestel te word, en ook 'n kontantprys te wen.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Oefenkampe
  - Uitbouing van entrepreneurskap en innovasie oor die hele kampus
- Tegnothon
  - Toepassing van programmerings- en masjienleervaardighede

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Direkte toegang tot internskapgeleenthede by LaunchLab-vennote
- Ontwikkel 'n algemene begrip van huidige tendense in die ekosisteem van beginnerondernemings in Afrika
- Stel sakevoorstelle op en bied dit aan
- Help ander om sakevoorstelle op te stel en aan te bied
- Bou 'n sakenetwerk

## LAUNCHLAB-INTERNSKAPPE EN MATIEPRENEUR-PROGRAMME

**Toelatingsvereistes:** Alle studente
**Afdeling/fakulteit:** LaunchLab
**Duur:** Deurlopend – aanvaar deurentyd aansoeke
**Leweringsmodus:** Aanlyn; persoonlik
**Kontak:** sulaunchlab@sun.ac.za/www.launchlab.co.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Ontwikkel entrepreneursvaardighede onder studente, en inspireer hulle
- Bied die US-gemeenskap blootstelling aan entrepreneurskap
- Ontwikkel studente se projekbestuurs-, spanwerk-, saamdink- en netwerkvaardighede

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Werk direk saam met personeel van die US LaunchLab én saam met ander LaunchLab-projekte
- Bied werksessies aan
- Verteenwoordig die US LaunchLab op kampus en by geleenthede

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Verstaan die inkubasie-ekosisteem vir beginnerondernemings
- Ontwikkel en bied entrepreneurswerksessies aan
- Pas projekbestuursvaardighede toe
- Werk saam in 'n span
- Bou sakenetwerke

## SPREEKURE

**Toelatingsvereistes:** Alle studente
**Afdeling/fakulteit:** LaunchLab
**Duur:** Tweeweekliks/een uur
**Leweringsmodus:** Aanlyn of persoonlik
**Kontak:** sulaunchlab@sun.ac.za/www.launchlab.co.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Bied studente individuele mentorskap oor nuwe idees of vrae wat met entrepreneurskap verband hou

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Tweeweeklikse uur lange tydgleuwe wat studente kan bespreek

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Ontwikkel 'n beter begrip van hoe om hulle sake-idees verder te voer

## BEKENDSTELLING VAN BEGINNERONDERNEMINGS EN IDEES

**Toelatingsvereistes:** Alle studente
**Afdeling/fakulteit:** LaunchLab
**Duur:** Drie tot vier geleenthede van drie uur
**Leweringsmodus:** Persoonlik
**Kontak:** info@launchlab.co.za/www.launchlab.co.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Bied die US-gemeenskap blootstelling aan entrepreneurskap
- Verbind die US-gemeenskap met entrepreneurs
- Bied studente die geleentheid om met eendersdenkende entrepreneurs en/of ondernemings te skakel
- Help aspirant-entrepreneurs om 'n entrepreneursingesteldheid te ontwikkel en hulle ondernemings op die been te kry
- Skep netwerke om ons entrepreneursgemeenskap toegang tot die mark, finansiering en ander geleenthede te help kry

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Stel produkte of idees aan medestudente en ondernemings in die omgewing bekend
- Lê sake-idees en bestaande ondernemings aan beleggers, US LaunchLab-vennote en die US-gemeenskap voor
- Die opstel en aanbieding van sakevoorstelle vir kohorte
- Netwerkgeleenthede

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Ontwikkel 'n algemene begrip van huidige tendense
- Stel sakevoorstelle op en bied dit aan
- Stel produkte/dienste en idees bekend
- Help ander om sakevoorstelle op te stel en aan te bied
- Weet hoe om sakenetwerke te bou



# Mfm-Kampusradiostasie

MFM bied studente 'n geleentheid om vrywillig as aanbieders of vervaardigers by die kampusradiostasie te werk. Studente ontvang drie maande se opleiding, wat hulle in staat stel om na 'n groter, kommersiële radiostasie aan te beweeg.

**Vir verdere inligting**
**Leer ken ons:** https://mfm.co.za/




# Universiteit Stellenbosch Internasionaal

Universiteit Stellenbosch Internasionaal (US Internasionaal) is 'n steundiensafdeling in die verantwoordelikheidsentrum van die Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake. US Internasionaal dra by tot die institusionele doelwitte van die US en ondersteun alle fakulteite waar internasionaliseringsaktiwiteite plaasvind. Die afdeling integreer en belyn internasionale kampussteunstrukture om konsekwente en omvattende internasionalisering deur die hele US te verseker.

US Internasionaal:

- lei die ontwikkeling en implementering van die strategiese plan vir die internasionalisering van die US en sy kernaktiwiteite van navorsing, leer, onderrig en sosiale impak;
- ontwikkel volhoubare, sinvolle bilaterale en multilaterale alliansies, vennootskappe en samewerking ter ondersteuning van die akademiese projek;
- verbeter die bestaande toegewyde steundiensplatform om die US se globale skakelingsaktiwiteite op kampus, in die plaaslike gemeenskap, die streek, Afrika en die res van die wêreld te bevorder;
- sluit 'n element van globale skakeling by die US-studente-ervaring in, veral om die gedagte van 'internasionalisering tuis' te vestig en te versterk; en
- fasiliteer die ontwikkeling van akademieskap in Afrika.

Internasionalisering is een van die strategiese prioriteite van die US. Die missie van US Internasionaal is om die US se Afrika-voetspoor uit te brei, internasionale alumnitakke te vestig, die US se internasionale netwerke te vergroot, die US se internasionale profiel te bou, en met inkomsteskeppingsaktiwiteite sistemiese volhoubaarheid in die hand te werk.

**Vir verdere inligting:**
**Telefoon:** +27 (0)21 808 2565
**Faks:** +27 (0)21 808 3799
**E-pos:** info@sun.ac.za
**Leer ken ons:** http://www.sun.ac.za/english/SUinternational

## KRUISKULTURELE INTELLIGENSIE-OPLEIDING

Die kruiskulturele intelligensie-opleiding, wat ook informeel bekend is as die Matie Buddy-program, is 'n kulturele makkerprogram. Die opleiding is 'n ervaringgerigte leerinisiatief wat studente die geleentheid bied om globaal te leer deur hulle kruiskulturele bewustheid te ontwikkel en hulle globale bevoegdhede te verbeter. Daarbenewens ontwikkel studente kennis, vaardighede en houdings wat uiteindelik sal lei tot sigbare veranderinge in gedrag en kommunikasie om doeltreffend en gepas in 'n geglobaliseerde wêreld te funksioneer.

**Toelatingsvereistes:** Oop vir alle geregistreerde studente van die Universiteit Stellenbosch
**Afdeling/fakulteit:** US Internasionaal
**Duur:** Volle akademiese jaar
**Leweringsmodus:** Ervaringgerig/persoonlik
**Kontakpersoon:** Angelo Jephtha (acj@sun.ac.za

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om deur middel van 'n verskeidenheid interkulturele ervarings en aktiwiteite samewerking en kruiskulturele interaksie tussen plaaslike en internasionale studente te fasiliteer sodat hulle globaal kan leer.
- Om studente houdings, kennis en vaardighede te help ontwikkel wat sal lei tot sigbare veranderinge in gedrag en kommunikasie sodat hulle doeltreffend en gepas in enige kruiskulturele omgewing kan funksioneer.
- Om studente 'n ervaringgerigte leergeleentheid te bied wat hulle ervaring as studente by die US sal transformeer.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Gedurende die opleiding ondergaan studente ervaringgerigte leer deur aan verskeie interkulturele aktiwiteite deel te neem wat ontwerp is om deelnemers se kruiskulturele intelligensie te verbeter en te ontwikkel.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Studente sal leer om diversiteit te waardeer deur respek en begrip te toon vir mense met uiteenlopende standpunte. Met behulp van 'n transformerende kulturele joernaal ondersoek studente hulle eie bevooroordeelde gedrag om stereotipes en bevooroordeelde reaksies te vermy.
- Studente sal kulturele bewustheid aan die dag lê deur hulle houdings en oortuigings in die konteks van diverse gemeenskappe aan te pas, self die uitwerking van hulle aannames, oordele en vooroordele ten opsigte van die self en ander kulture te evalueer, en gepas te reageer.
- Studente sal die vermoë toon om in kruiskulturele omgewings te funksioneer deur kruiskulturele betrokkenheid aktief en doelbewus te bevorder, deel te neem aan 'n verskeidenheid kruiskulturele ervaringgerigte leeraktiwiteite wat US Internasionaal aanbied, en terugvoer oor hulle ervaring te voorsien.
- Studente sal deurlopend verskillende sienings in ag neem wanneer hulle met ander saamwerk. Dit word geëvalueer met behulp van die transformerende kulturele joernaal en portuurevalueringsvorms.

## KORTKURSUS IN WÊRELDBURGERSKAP

Die kortkursus in wêreldburgerskap word deur US Internasionaal in samewerking met die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling (FVZSI) aangebied. Die kursus is een van verskeie globale leerinisiatiewe wat beoog om studente vir 'n geglobaliseerde wêreld toe te rus. Deelnemers ondersoek konsepte met betrekking tot wêreldburgerskap, soos interkulturele bevoegdheid, globale leierskap, globale onderwys, en gender , sosiale en omgewingsgeregtigheid in wêreld- en plaaslike verband. Die kursus bied deelnemers die geleentheid om met internasionale studente om te gaan en aan aktiwiteite deel te neem wat deur US Internasionaal gekoördineer word.

**Toelatingsvereistes:** Oop vir alle studente
**Afdeling/fakulteit:** US Internasionaal en FVZSI
**Duur:** Volle semester
**Leweringsmodus:** Hibridiese vermengde leer
**Kontakpersoon:** Spurgeon Wilson (spurgeon@sun.ac.za)

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om die tema van wêreldburgerskap te ontleed deur deelnemers aan verskeie subtemas daarvan bekend te stel, soos globale leer, interkulturele bevoegdheid, globale gesondheid, globale leierskap, geslagsgelykheid, globale onderwys, en identiteit
- Om deelnemers in staat te stel om wêreldburgers te word deur die houdings, kennis en vaardighede te ontwikkel wat met wêreldburgerskap gepaardgaan
- Om deelnemers aan die Verenigde Nasies se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte bekend te stel

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

Deelnemers verken konsepte wat met wêreldburgerskap verband hou, soos:
- interkulturele bevoegdheid;
- identiteit;
- globale onderwys;
- geslagsongelykheid;
- sosiale en omgewingsgeregtigheid; en
- volhoubare ontwikkelingsdoelwitte.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Studente sal hulle kennis van wêreldkwessies uitbrei.
- Studente sal begin verstaan hoe hulle optrede gemeenskappe plaaslik en wêreldwyd raak.
- Studente sal 'n waardegebaseerde benadering toon om positiewe verandering teweeg te bring.



## GLOBALE DIENSLEER

Hierdie ervaringgerigte leerprogram word in samewerking met Laerskool Ikaya in Kayamandi aangebied. Dit bestaan uit 60 uur klastyd en 45 uur se gemeenskapskakeling op tweedejaarsvlak. Klasse handel oor die teorie van onderwys, volhoubare ontwikkeling, sosiale geregtigheid, en gemeenskapskakeling. Die gemeenskapskakelingskomponent vind plaas in 'n vennootskool waar studente in klein groepies saam met die onderwyser werk om basiese lesse vir vyf- en sesjarige leerders te ontwerp en aan te bied. Die lesse strook met die nasionale kurrikulum, maar maak ook voorsiening vir die bekendstelling van nuwe en kreatiewe spelgebaseerde leeraktiwiteite by die skool.

Hierdie werk by 'n plaaslike skool is die ideale manier om meer oor die groot sosiopolitieke kwessies van Suid-Afrika te leer en die beginsels van deelnemende gemeenskapsontwikkeling te beoefen. Al gee studente klas, is dit nie 'n onderrigprogram nie, en is geen vorige onderwysondervinding nodig nie. Deelnemers moet egter gemaklik wees daarmee om hulleself in nuwe omgewings uit te daag, en moet hulle daartoe verbind om hierdie uitdagende dog lonende ervaring tot die einde deur te voer.

Die akademiese en dienskomponente word aangevul met velduitstappies en sessies met verskeie Suid-Afrikaanse studente om 'n dieper studie van wêreldkwessies in Suid-Afrikaanse verband moontlik te maak.

Studente wat die kursus op derdejaarsvlak volg, het bykomende verantwoordelikhede, waaronder 'n weeklikse seminaarbespreking met die dosent ('n bykomende 22½ uur).

**Toelatingsvereistes:** Semesteruitruilstudente Afdeling/fakulteit: US Internasionaal
**Duur:** Volle semester
**Leweringsmodus:** Hibridiese vermengde leer
**Kontakpersoon:** acj@sun.ac.za/Angelo Jephtha

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Die kursus handel oor die teorie van onderwys, volhoubare ontwikkeling, sosiale geregtigheid, en gemeenskapskakeling.
- Die gemeenskapskakelingskomponent vind plaas in 'n vennootskool waar studente in klein groepies saam met die onderwyser werk om basiese lesse vir vyf- en sesjarige leerders te ontwerp en aan te bied.
- Die lesse strook met die nasionale kurrikulum, maar maak ook voorsiening vir die bekendstelling van nuwe en kreatiewe spelgebaseerde leeraktiwiteite by die skool.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Verstaan die verband tussen onderwys, ontwikkeling en gemeenskapskakeling
- Verstaan hulle eie rol in 'n ontwikkelingsomgewing
- Lewer bewys van transdissiplinêre, kritiese en multikulturele sienings
- Pas die vaardighede toe om kennisvennootskappe met gemeenskapsgebaseerde ontwikkelingsagentskappe te ontwikkel
- Skep op 'n dialektiese manier ontwikkelingsintervensies saam met hulle kennisvennote
- Span kreatiwiteit in om die gapings tussen teorie en praktyk te oorbrug

## KORTKURSUS IN INTERKULTURELE BEVOEGDHEID

Die program in interkulturele bevoegdheid is 'n Ervaringgerigte leer kortkursus wat deur US Internasionaal aangebied word. Dit verryk studente se leerervaring deur hulle toe te rus met die kennis, houdings en vaardighede om meer doeltreffend en gepas tussen verskillende kulture in 'n geglobaliseerde wêreld te funksioneer. Die kursus word elke semester oor sewe tot agt weke aangebied, en bestaan uit gefasiliteerde sessies, aktiwiteite en assesserings. Die inhoud word in drie afdelings ingedeel. Elke afdeling strek oor 'n paar weke. Die afdelings bestaan uit verskeie temas wat bespreek en ontleed word. Die kursus is tans in 'n proeffase en moet nog formeel geregistreer word.

**Toelatingsvereistes:** Oop vir alle geregistreerde studente van die Universiteit Stellenbosch
**Afdeling/fakulteit:** US Internasionaal
**Duur:** Volle semester
**Leweringsmodus:** Hibridiese vermengde leer
**Kontakpersoon:** Angelo Jephtha (acj@sun.ac.za)

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Om studente se teoretiese begrip van kultuur en interkulturele bevoegdheid te ontwikkel
- Om studente aan verskeie interkulturele raamwerke bekend te stel
- Om studente toe te rus met die kennis, houdings en vaardighede wat as interkultureel doeltreffend en gepas in 'n geglobaliseerde en diverse wêreld beskou word

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

In hierdie kursus verken deelnemers konsepte wat met interkulturele bevoegdheid verband hou. Dit sluit die volgende in:
- Kontekstualisering van kultuur
- Begrip van kulturele waardes
- Begrip van kulturele identiteit
- Kontekstualisering van interkulturele bevoegdheid
- Ontwikkeling van interkulturele bevoegdheid

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Studente sal hulle kennis van wêreldkwessies uitbrei.
- Studente sal begin verstaan hoe hulle optrede gemeenskappe plaaslik en wêreldwyd raak.
- Studente sal 'n waardegebaseerde benadering toon om positiewe verandering teweeg te bring.

## BUITELANDSE STUDIE VIR GLOBALE LEER
(OOK BEKEND AS STUDY ABROAD 102)

Buitelandse Studie vir Globale Leer is 'n kortkursus wat jou globale leer ondersteun, jou aanmoedig om 'n globale ambassadeur vir die US en Suid-Afrika te wees, en jou help met die uitdagings verbonde daaraan om in 'n vreemde land te woon en te studeer. Dit rus jou toe met belangrike kennis, vaardighede, bevoegdhede en houdings vir 'n toenemend geglobaliseerde toekoms. Ons dek 'n verskeidenheid onderwerpe, waaronder interkulturele kommunikasie, sosiale geregtigheid, en persoonlike en emosioneel intelligente leierskap.

Hierdie kursus is ervaringgerig en dek die hele lewensiklus van buitelandse studie, van voor jou vertrek totdat jy weer by die lewe op Stellenbosch inskakel. In die loop van die tien sessies sal jy jou persoonlike ervaring aan relevante teorie koppel om sodoende nuwe kennis vir jouself te skep. Daar word van jou verwag om uiters selfstandig te werk en verantwoordelikheid vir jou eie leer te aanvaar.

**Toelatingsvereistes:** Geregistreerde studente van die Universiteit Stellenbosch wat tans aan 'n fisiese of virtuele uitruilprogram deelneem
**Afdeling/fakulteit:** US Internasionaal
**Duur:** Volle semester
**Leweringsmodus:** Hibridiese vermengde leer
**Kontakpersoon:** Werner de Wit (wdv@sun.ac.za)

**LEERDOELWITTE** (Wat is die oogmerke?)

- Buitelandse Studie vir Globale Leer is 'n kortkursus wat jou globale leer ondersteun, jou aanmoedig om 'n globale ambassadeur vir die US en Suid-Afrika te wees, en jou help met die uitdagings verbonde daaraan om in 'n vreemde land te woon en te studeer. Dit rus jou toe met belangrike kennis, vaardighede, bevoegdhede en houdings vir 'n toenemend geglobaliseerde toekoms. Ons dek 'n verskeidenheid onderwerpe, waaronder interkulturele kommunikasie, sosiale geregtigheid, en persoonlike en emosioneel intelligente leierskap.

**INHOUD** (Wat word in dié leergeleentheid behandel?)

- Hierdie kursus is ervaringgerig en dek die hele lewensiklus van buitelandse studie, van voor jou vertrek totdat jy weer by die lewe op Stellenbosch inskakel. In die loop van die tien sessies sal jy jou persoonlike ervaring aan relevante teorie koppel om sodoende nuwe kennis vir jouself te skep. Daar word van jou verwag om uiters selfstandig te werk en verantwoordelikheid vir jou eie leer te aanvaar.

**STUDENTELEERUITKOMSTE** (Wat sal die studente weet en kan doen?)

- Jy sal jou kennis van komplekse kwessies in jou gasheerland uitbrei.
- Jy sal krities besin oor jou eie kulturele agtergrond om te verstaan hoe jou siening jou kennis beïnvloed en beperk.
- Jy sal respek toon vir diversiteit deur verskeie sienings oor komplekse kwessies in ag te neem.
- Jy sal jou interkulturele bevoegdhede verbeter.
- Jy sal leer hoe om jou globale vaardighede aan toekomstige werkgewers te bemark.
- Met jou terugkeer na die US sal jy jou globale leer met ander deel.
- Jy sal 'n ambassadeur vir die US en Suid-Afrika wees.






# Gereelde vrae: Eenheid vir Ervaringgerigte Leer

### 1. Wat is die ervaringgerigte opvoedkundige ervaring?

Baie mense dink studente se ervarings buite die klaskamer is noodwendig uitgesluit van die kurrikulum. Deesdae word daar egter algemeen erken dat, indien dit reg hanteer word, die meeste ervarings buite die klas studente kan help leer, groei en ontwikkel. Ervaringgerigte leergeleenthede behels onder meer leiersposte in studente-organisasies, vrywilligerwerk, en aktiwiteite op sport- en ander terreine. Hierdie geleenthede help studente praktiese ervaring opdoen en belangrike vaardighede en bevoegdhede ontwikkel wat nodig is vir nagraadse sukses.

### 2. Hoe belangrik is die erkenning van ervaringgerigte leer aan die US?

Dieselfde akademiese en gehalteversekeringsbeginsels wat van toepassing is op modules wat suksesvol voltooi en op die akademiese transkrip aangedui word, geld eweneens vir leer wat suksesvol in die ko-kurrikulum voltooi word.

### 3. Wat is 'n ervaringgerigte leeraktiwiteit?

Enige aktiwiteit waardeur leer deur middel van ervaringgerigte opvoeding plaasvind, ongeag of dit formeel of informeel en binne of buite die klas gebeur.

### 4. Sal ek outomaties erkenning ontvang wanneer ek aan ko-kurrikulêre aktiwiteite deelneem?

Verskillende fakulteite en afdelings het verskillende vereistes vir erkenning. Raadpleeg asseblief die spesifieke fakulteit of afdeling vir verdere inligting oor hulle erkenningsvereistes.

**Wat is die kategorieë vir die akkreditasie van ervaringgerigte leer?**

- Akademiese leierskap
- Studenteleierskap
- Persoonlike leierskap
- Sosiale impak
- Interkulturele skakeling
- Sport en welstand
- Beurstoekennings en dienserkenning
- Geestesgesondheid en -welstand

### • 5. Wat is die maatstawwe vir die erkenning van ko-kurrikulêre aktiwiteite??

Ko-kurrikulêre geleenthede moet deur die Komitee vir Ko-kurrikulêre Erkenning bevestig word aan die hand van die volgende maatstawwe:

- Moet 'n duidelike verbintenis met die Universiteit hê en met die US se Visie 2040 strook, en moet deur 'n permanente lid van die Universiteit se akademiese of steundienstepersoneel gestaaf kan word
- Moet met die kenmerke van die US-gegradueerde strook en bepaalde bevoegdhede en oordraagbare vaardighede ontwikkel
- Moet geleentheid bied vir ervaringgerigte leer, sowel as die assessering daarvan. Poste of aktiwiteite wat hoofsaaklik simbolies is en nie noemenswaardige programme en pligte behels nie, sal nie erken word nie..

### 6. Waarom tel een klub of aktiwiteit as ervaringgerigte leer, maar nie 'n ander nie?

Dit kan wees dat die betrokke aktiwiteit nie aan die US se standaarde vir ervaringgerigte leer voldoen nie. Sekere verenigings voldoen dalk aan die vereistes omdat hulle meer akademies of professioneel van aard is, terwyl ander weer meer op sosiale of ontspanningsaspekte konsentreer.

# Gemeenskaplike Mensheid

## 1. Aan watter vereistes moet ek voldoen om aan die Gemeenskaplike Mensheid-leergeleentheid deel te neem?

Jy moet 'n geregistreerde student of 'n personeellid van die Universiteit Stellenbosch wees.

## 2. Sal dit my enigiets kos om aan Gemeenskaplike Mensheid: Lesse in Kritiese Denke deel te neem?

Daar is geen finansiële koste verbonde aan deelname nie. Nietemin moet jy sorg dat jy genoeg tyd het om ten volle aan die program deel te neem.

## 3. Sal dit my akademiese transkrip beïnvloed as ek dalk nie die program kan voltooi nie?

Dit sal geen uitwerking op jou akademiese transkrip hê nie omdat geen rekord van jou deelname op jou akademiese rekord sal verskyn nie.

## 4. Gestel ek kan nie die leergeleentheid in die huidige jaar voltooi nie, kan ek volgende jaar terugkom om dit klaar te maak?

Ja, mits jy steeds 'n geregistreerde student of 'n personeellid van die US is. Indien jy ter wille van erkenning op jou akademiese transkrip deelneem, moet jy in gedagte hou dat dit eers op jou transkrip sal verskyn sodra jy die Gemeenskaplike Mensheid-leergeleentheid suksesvol voltooi het.

## 5. Tel die aktiwiteite in die program vir punte?

Ja, want jy ontvang punte vir deelname, sowel as 'n semesterdeelnameverslag op grond van 'n self-evaluering van jou eie vordering.

## 6. Hoe word ek 'n Gemeenskaplike Mensheid-leerafrigter?

Jy moet die program Gemeenskaplike Mensheid: Lesse in Kritiese Denke suksesvol voltooi.





# Sentrum vir Betrokke Burgerskap

## 1. Watter vrywilligergeleenthede is daar, en by wie kan ek verdere inligting oor vrywilligerwerk kry?

Ons bied 'n wye verskeidenheid vrywilligergeleenthede in en om die gemeenskappe van Stellenbosch en Tygerberg. Hierdie geleenthede stel studente in staat om waardevolle ervaring in gemeenskapskakeling op te doen, wat hulle kan gebruik om hulle CV's te versterk. Sielkunde-studente kontak ons gereeld om meer uit te vind oor geleenthede, en ervaring as 'n vrywilliger kan boonop met beurs- en werksaansoeke help. Die Afdeling Sosiale Impak en die Sentrum vir Betrokke Burgerskap (voorheen Matie Gemeenskapsdiens) is die beste plek om meer oor vrywilligergeleenthede uit te vind. Ons is geleë in die Ou Lückhoff-gebou in Banghoekweg.

Studente kan ook inligting aanvra van mev Michelle Pietersen (mpieters@sun.ac.za).

## 2. Kan ek my akademiese werk aan my vrywilligerwerk koppel?

Vrywilligerwerk is 'n uitstekende geleentheid om jou akademiese werk met gemeenskapsbehoeftes te verbind. In plaas daarvan om bloot op die teoretiese sy van jou akademiese werk te konsentreer, stel dit jou in staat om jou werk te kontekstualiseer en te begryp hoe jy, as 'n toekomstige jong beroepspersoon, 'n beter wêreld kan help skep.

## 3. Wat is die vereistes vir Ervaringgerigte leer erkenning op my universiteitstranskrip?

Die eerste vereiste om vir die kursus Aktiveer Betrokke Burgerskap in aanmerking te kom, is om 'n verkose leier te wees wat verantwoordelik is vir die portefeulje sosiale impak. Dit sluit in leiers in universiteitskoshuise, PSO's, verenigings en fakulteitskomitees. Die tweede vereiste is om 'n jaar lange opleidingsprogram te voltooi. Die opleiding bestaan uit sessies wat sekere uitsette vereis, waaronder planne vir Sosiale Impak-oggend, jaarplanne en begrotings, die skryf van verslae, en die voltooiing van drie modules van die aanlyn kursus Bevorder Betrokke Burgerskap. Indien jy aan hierdie vereistes voldoen, sal jy aan die einde van jou graadprogram ko-kurrikulêre erkenning op jou universiteitstranskrip ontvang.

## 4. Volgens watter riglyne werk die Afdeling Sosiale Impak?

Sosiale Impak se werk word gerig deur die Verenigde Nasies se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte en die sewe temas wat die Universiteit Stellenbosch daarvolgens ingedeel het. Hierdie temas dien as 'n algemene rigsnoer vir die werk wat ons plaaslik doen, sowel as vir die munisipaliteite met wie ons saamwerk. Hier onder volg 'n oorsig van die getal projekte per tema en 'n paar voorbeelde van elk:

- Voedselsekerheid en gesondheid (18) – verskeie spensprojekte op albei kampusse, en aktiwiteite vir bewusmaking van geestesgesondheid
- Onderwys vir almal (16) – skryfbehoefteveldtogte, bystand aan laer-/hoërskoolleerders met loopbaanbeplanning, insiggewende praatjies oor menstruele gesondheid in koshuise
- Omgewing en volhoubaarheid (9) – ekoroetestaptogte, volhoubaarheidsmodeparades, besoeke en hulp aan die Dierewelsynsvereniging van Stellenbosch, die vervaardiging van sonpanele
- Werksgeleenthede en inklusiewe ekonomiese ontwikkeling (2) – skenking van formele klere aan die skuiling om mense vir werksonderhoude te help voorberei, Sosiale Impak-nagmark om studente-entrepreneurs 'n hupstoot te gee
- Hulpbronne en infrastruktuur (3) – bou van 'n boekrak vir 'n skoolbiblioteek, herstelwerk op die speelterrein van Jessé Keet-crèche, 'n innovasiewedstryd om 'n waterpomp te bou wat skoon water aan gemeenskappe kan voorsien
- Sosiale en gendergeregtigheid (21) – sanitêredoekieveldtogte, selfverdedigingsklasse, skenkings aan 'n stigting vir slagoffers van geslagsgebaseerde geweld, hulp aan die vroueskuiling



# Indeks van Erkende Programme

| Naam van Ervaringsonderriggeleentheid | Kategorie | Fakulteit/Afdeling/Sentrum | Bladsy no. |
|---|---|---|---|
| Globale Klaskamerdemokrasie-innovasie | Interkulturele Betrokkenheid | Lettere en Sosiale Wetenskappe | Pg 66 |
| Mentor op die Verlengde Graadprogram (LSW) | Studenteleierskap | Lettere en Sosiale Wetenskappe | Pg 67 |
| Samewerkende Aanlyn Internasionale Leer | Sosiale impak | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | |
| Ingenieurs-Oplossings deur Gemeenskapsamewerking | Sosiale impak | Ingenieurswese | Pg 81 |
| Wêreldwye ingenieurs | Interkulturele Betrokkenheid | Ingenieurswese | Pg 82 |
| Juridiese Vereniging Studentekomitee | Studenteleierskap | Regsgeleerdheid | Pg 85 |
| Voorgraadse Ultraklank Portuuronderrig | Akademiese Leierskap | Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe | |
| Natuurwetenskappekomitee | Studenteleierskap | Natuurwetenskappe | Pg 98 |
| Wetenskapambassadeurs | Persoonlike Leierskap | Natuurwetenskappe | Pg 100 |
| Skakeling met die Industrie deur Portuurleierskap | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling | Pg 42 |
| Gestremdheid leierskap | Sosiale impak | Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling | Pg 41 |
| Akademiese Belangeraad Leierskapontwikkeling Opleiding | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 23 |
| Klustersameroeper Ontwikkelingsprogram | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 31 |
| Ontwerp vir Transformerende Ervaringgerigte Leer | Akademiese Leierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 13 |
| Huiskomittee Ontwikkelingsprogram | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 33 |
| Prim-ontwikkelingsprogram | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 23 & Pg 35 |
| Gemeenskaplike Mensheid: Opleiding van Leerafrigtings | Akademiese Leierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 14 |

| Naam van Ervaringsonderriggeleentheid | Kategorie | Fakulteit/Afdeling/Sentrum | Bladsy no. |
|---|---|---|---|
| Gemeenskaplike Mensheid: Lesse in Kritiese Denke | Akademiese Leierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 12 |
| Raad van Verenigings se Leierskapsontwikkelingsprogram | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 26 |
| Studenteraad Uitvoerende Leierskap Opleiding | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 28 |
| SR Studenteleierskap Verkiesingsbestuur | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 26 |
| Stellenbosch Studenteparlement | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 27 |
| Studentehof | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 27 & Pg 88 |
| SU BeWell Mentor | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 32 |
| US Hoof Mentor Program | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 33 |
| TSR Leierskap Opleiding | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 29 |
| Tygerberg Akademiese Belangeraad | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 26 |
| Tygerberg Nagraadse Studenteleierskapsinisiatief | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 24 |
| Tygerberg Raad van Verenigings se Leierskapsprogram | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 25 |
| Tygerberg Studenteleierskap Verkiesingsbestuur | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 22 |
| Tygerberg Studenteparlement | Studenteleierskap | Sentrum vir Studentelewe en Leer | Pg 29 |
| Ewekniefasilitering van Leer: Opleiding | Akademiese Leierskap | Sentrum vir Onderrig en Leer | Pg 46 |
| Kruis-kulturele Intelligensie-opleiding | Interkulturele Betrokkenheid | Internasionale Kantoor | Pg 122 |
| SU Toastmasters Spraakkuns | Persoonlike Leierskap | Taalsentrum | Pg 112 |
| Aktivering van betrokke burgerskap | Sosiale impak | Sosiale Impak | Pg 48 |

## Spesiale Bedankings

**Stefan Els** | Fotograaf | stefane@sun.ac.za
**Henk Oets** | Fotograaf | henk@henkoets.com
**Skypixels** | 2024 Hommeltuig Beeld | http://www.SkyPixels.co.za
**Chezlin Benson** | African Sun Media Ontwerper | info@africansunmedia.co.za
**Annas Coetzee** | Administratiewe Beampte en Navorser | annas@sun.ac.za
**Geola Bergman, Marguerite Cloete, Blanche de Vries-Bartes, Candes Keating, Gert Van Deventer, Nastassja Wessels,** | Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking
**Dr Gerder Dullart, Shona Lombard** | Resensente

•

## Bedankingsboodskap:

*Ons wil graag al die fakulteite, departemente, afdelings, sentrums en alle bydraers bedank wat die publikasie van die 2024 Ervaringsopvoeding Prospektus moontlik gemaak het. Julle bydraes word opreg waardeer.*



**Saamgestel deur: Ramone Comalie**

**Vir meer inligting, kontak asseblief die US Ervaringgerigte Leer kantoor:**
**Dr Ruth Andrews** | Bestuurder: Eenheid vir Ervaringgerigte Leer | rutha@sun.ac.za | 021 808 4769
**Ramone Comalie** | Ervaringsleerprojekkoördineerder | ramone@sun.ac.za | 021 808 9703